

DIE GEHEIME VAN PROFESIE



ARMIN KRITZINGER

INHOUD

Hoofstuk 1 – Die Millennium Man (Kan Ons Regtig Die Bybel Vertrou?)	4
Hoofstuk 2 – Terug Na Jerusalem (Hoe Om Die Bybel Te Bestudeer)	12
Hoofstuk 3 – Die Koning Kom (Die Wederkoms Van Jesus)	20
Hoofstuk 4 – Die Rebelse Prins (Waar Kom Sonde Vandaan?)	29
Hoofstuk 5 – Die Beste Offer (Die Goeie Nuus Van Die Evangelie)	38
Hoofstuk 6 – Die Wet van die Koning (Moet Ons Die Tien Gebooie Onderhou?)	46
Hoofstuk 7 – Bakstene Sonder Strooi (Wat Leer Die Bybel Oor Die Sabbat?)	55
Hoofstuk 8 – Die Glorieryke Koninkryk (Wat Leer Die Bybel Oor Die Hemel?)	64
Hoofstuk 9 – Die Towerheks van Endor (Wat Gebeur Wanneer Ons Sterf?)	72

Hoofstuk 10 – Stede van As	81
(Die Waarheid Oor Die Hel Se Vuur)	
Hoofstuk 11 – ‘n Rivier van Lewe	90
(Wat Leer Die Bybel Oor Die Doop?)	
Hoofstuk 12 – Rus vir die Land	99
(‘n 1000 Jaar Van Vrede)	
Hoofstuk 13 – Buig vir Babilon	108
(Wie Is Die Antichris?)	
Hoofstuk 14 – The Merk van Kain	116
(Wat Is Die Merk Van Die Dier?)	
Hoofstuk 15 – ‘n Hemelse Model	124
(God Se Tempel – Die Heiligdom)	
Hoofstuk 16 – Die Herstel van die Heiligdom	132
(Die 2300 Jaar Profesie Van Daniël 8)	
Hoofstuk 17 – ‘n Verhaal van Twee Vrouens	141
(God Se Eindtydkerk)	
Hoofstuk 18 – Vensters van die Hemel	148
(God Se Tiendes en Offergawes)	
Hoofstuk 19 – Die Dogter se Dans	157
(Die VSA en Rome)	
Hoofstuk 20 – Tien Keer Wyser	166
(Die Bybel Se Gesondheidsboodskap)	

Hoofstuk 21 – ‘n Stem in die Woestyn (Die Leefstyl Van ‘n Christen)	174
Hoofstuk 22 – Toets die Profete (Die Gawe En Gees Van Profesie)	182
Hoofstuk 23 – ‘n Houer Olie (Ons Het Die Heilige Gees Nodig)	190
Hoofstuk 24 – Bo die Skare (Die Christelike Lewe)	199



*Hierdie is ‘n vertaling van Amazing Facts se “Storacles of Prophecy” Bybellesse

Besoek www.amazingfacts.org vir nog beskikbare materiaal.

©2020 Armin Kritzinger

arminkritzinger@live.com

Alle regte voorbehou.

www.trustthisword.com

Book Edited Version 2

YouTube: Armin Kritzinger

HOOFSTUK 1

Die Millennium Man

Daniël 2:1-49



Die grote koninkryk van Babilon was baie ryk en suksesvol, maar Nebukadnésar, die koning, was bedroefd in sy kamer. Hoe lank sal hierdie goue era hou, wonder hy, en wat sal van sy magtige koninkryk word wanneer hy eendag weg is?

Met hierdie ontstellende vrae in gedagte, het die magtige koning gaan slaap. Daardie aand het 'n asemrowende beeld van 'n man gemaak uit verskillende metale in sy gedagtes geflits, met die mooiste kleure wat hy nog ooit gesien het.

Die koning spring toe uit sy bed en beveel sy lyfwagte, "Roep dadelik al die geleerdes,

besweerders en towenaars. Ek moet die uitleg van hierdie droom weet!"

Die wyse manne van die koning was angstig in die koning se teenwoordigheid.

Toe "sê die koning vir hulle: Ek het 'n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan." Daniël 2:3. Een wyse man het geantwoord, "Vertel u dienaars die droom, en ons sal die uitlegging te kenne gee." Daniël 2:4. Maar net soos dit baie maal met mens gebeur, was die besonderhede van die droom reeds onduidelik in Nebukadnésar se gedagtes. Hierdie manne het gesê hulle het goddelike kragte, maar die koning het begin om hul vermoëns te betwyfel. Hierdie sou die perfekte toets wees. "Vertel my die droom en die uitlegging, en julle sal beloon word," het die koning gesê, "anders sal ek julle in stukke sny en julle huise in mishope verander!"

Die towenaars en besweerders het geen ander keuse gehad as om te erken dat hulle magteloos was om die koning se droom te verduidelik sonder om dit eers te hoor nie. Woedend vir hierdie bedrieërs, het die koning beveel dat al die wyse manne van Babel versamel moet word vir die doodstraf. Maar die Here het nog

een persoon in Babilon gehad wat die uitleg van hierdie millennium-man droom kon gee.

1. Hoekom het God hierdie droom vir die Babiloniese koning gegee?

“Gee te kenne dinge wat later sal kom, sodat ons kan weet dat julle gode is” (Jesaja 41:23)

NOTA: Die Bybel maak dit duidelik dat as iemand gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid kan voorspel dan kan ons weet dat hy/sy 'n god is. Nie 90% nie, en nie 99,99% nie, maar 100% akkuraatheid. Dit is nie wetenskaplik moontlik, of natuurlik, vir iemand om in staat te wees om gedetailleerde gebeure in die toekoms te voorspel met 100% akkuraatheid nie. Omdat dit nie natuurlik is nie, is dit bonatuurlik. As iemand dit kan vervul dan kan ons weet dat hulle bonatuurlike krag het. Daar is baie mense wat raai oor die toekoms. Daar kan selfs diegene wees wat dit reg voorspel 99,99% van die tyd, maar die Bybel sê net 100% akkuraatheid sal voldoen. As iemand in staat is om gedetailleerde voorspellings oor die toekoms te maak, en dan gebeur dit so 100% van die tyd, moet ons bereid wees om daardie persoon 'n god met bonatuurlike krag te noem.

2. Toe die koning se raadgewers nie die droom kon openbaar en verduidelik nie, wat was koning Nebukadnésar se opdrag?

“Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie” (Jesaja 46:9)

NOTA: Die God van die Bybel maak 'n sterk stelling deur te beweer dat Hy alleen God is, en daar geen ander is nie.

3. Toe Daniël geleer het van die doodsbepel, wat het hy van die koning gevra en wat het hy vir sy vriende vertel?

“wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie” (Jesaja 46:10)

NOTA: Die God van die Bybel leer dat Hy in staat is om gedetailleerde gebeure in die toekoms te voorspel met 100% akkuraatheid. Hy beweer dat hierdie bonatuurlike krag toon dat Hy God is, en daar geen ander is nie. Sien ook Jesaja 42:8-9.

4. Nadat God die droom aan Daniël geopenbaar het, aan wie het hy die loof en eer gegee?

“Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit Ek is.” (Johannes 13:19)

NOTA: Jesus, in die Nuwe Testament, maak 'n baie soortgelyke verklaring aan wat ons in die Ou Testament gevind het in Jesaja 46:9-10. Jesus beweer dat hy kan gedetailleerde gebeure in die toekoms met 100% akkuraatheid voorspel en dat hierdie bonatuurlike krag sal wys dat Hy spesiaal is.

5. Watter twee voorwerpe het die koning in sy droom gesien volgens Daniël?

“U, o koning, het ‘n gesig gehad—kyk, daar was ‘n groot beeld.” (Daniël 2:31)

“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ‘n klip losraak.” (Daniël 2:34)

NOTA: Die eerste ding wat die koning gesien het, was 'n groot beeld gemaak van die volgende mineraal-elemente:

1. Die hoof was van **goud**.
2. Die bors en arms was van **silwer**.
3. Die maag en lendene was van **koper**.
4. Die bene was van **yster**.
5. Die voete van **yster en klei**.



Daarna het die koning 'n klip gesien wat sonder hande losgemaak is. Teen hierdie tyd het koning Nebukadnésar ongetwyfeld betowerd gesit aan die rand van sy troon. Daniël het die droom presies soos God dit aan hom gegee het gedeel met die koning. Die koning het gretig gewag om uit te vind wat die droom beteken. Daniël het voortgegaan om die interpretasie te verduidelik wat die Here aan hom openbaar het, en ons sal goed doen om dit te neem net soos Hy dit gegee het. Die enigste veilige manier om die Bybel en profesie te interpreteer is om die Bybel toe te laat om homself te verduidelik.

6. Wat word deur die hoof van goud verteenwoordig?

“ú is die hoof van goud.” (Daniël 2:38)

NOTA: Die koning was beskou as die hoof van die koninkryk. Dit is die rede waarom Nebukadnésar Babilon verteenwoordig - die ryk wat die profesie begin. Neo-Babilon het die wêreld regeer van 612-539 B.C. as een van die magtigste koninkryke van ouds – ‘n koninkryk wat gepas kan beskryf word as die hoof van goud. Let daarop dat die profesie begin in Daniël se tyd.

7. Sou die Babiloniese koninkryk vir ewig hou?

“En ná u sal daar ‘n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u.” (Daniël 2:39)

NOTA: Babilon se heerskappy sou nie vir ewig duur nie. Daaropvolgende koninkryke, minderwaardig teenoor Babel, sou regeer in Babilon se plek. Net soos silwer minderwaardig is teenoor goud, so sou die koninkryk wat Babilon volg verminderde heerlikheid geniet. Onder leiding van Kores in 539 B.C., het die Medo-Persiese Ryk vir Babilon verower. Die Mede en Perse was die regerende wêreldmag vanaf 539-331 B.C. Tydens hul regering moes alle belasting betaal word in silwer.



8. Watter metaal het die koninkryk verteenwoordig wat na Medo-Persië sou regeer?

“daarna ‘n ander, ‘n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers” (Daniël 2:39)

NOTA: Die koper koninkryk van Griekeland het aan bewind gekom toe Alexander die Grote die Mede en Perse verower het by die slag van Arbela in 331 B.C. Griekeland was in beheer tot ongeveer 168 B.C. Griekse soldate was "koper bedekte" genoem omdat hul wapens alles van brons was. Let op hoe elke daaropvolgende metaal uitgebeeld in die beeld minder waardevol is, maar meer blywende as die een voor dit.



9. Watter metaal verteenwoordig die vierde koninkryk?

“en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster” (Daniël 2:40)


NOTA: Die yster monargie van Rome verower die Grieke in 168 B.C. en geniet wêreld oorheersing tot Rome gevange geneem word deur die Oos-Gote in A.D. 476. Rome is die koninkryk wat die wêreld oorheers toe Jesus Christus gebore is. Let op hoe Daniël 'n duisend jaar van die wêreldgeskiedenis voorspel met onfeilbare akkuraatheid. Die opkoms en val van hierdie vier wêreldryke - Babilon, Medo-Persië, Griekeland, en Rome - is duidelik in die Bybel voorspel en ook bewys deur die geskiedenisboeke.



10. Wat sou gebeur na die val van die Romeinse Ryk?

“dit sal ‘n verdeelde koninkryk wees... En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is—’n gedeelte van die koninkryk sal hard en ‘n gedeelte sal bros wees.” (Daniël 2:41, 42)

NOTA: Wanneer die Romeinse Ryk begin verkrummel het in 476 AD, is dit nie oorval deur 'n ander wêreldmag nie. Barbaarse stamme het die Romeinse Ryk verower en verdeel dit net soos Daniël geprofeteer het. Tien van hierdie stamme ontwikkel in moderne Europa. Hulle was die Oos-Gote, Wes-Gote, Franke, Vandale, Alemannians, Sueves, Anglo-Saksers, Heruls, Lombarde, en Boergondiërs. Sewe van hulle bestaan vandag nog in Europa. Byvoorbeeld, die Anglo-Saksers is die Engelse, die Franke is die Franse, die Alemannians is die Duitsers, en die Lombarde is die Italianers.



11. Sou hierdie 10 koninkryke ooit daarin slaag om te verenig?

“hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.” (Daniël 2:43)

NOTA: Deur die huwelik, alliansies en onderhandeling, het die mense vergeefs probeer om die Europese vasteland te verenig. Regdeur geskiedenis het leiers soos Charlemagne, Napoleon, Kaiser Wilhelm, Mussolini, en Hitler geveg om 'n nuwe Europese Ryk te bou; maar die woorde van die Skrif het elke probeerslag

gestop. Openbaring 13 vertel ons daar sal 'n ander probeerslag wees om 'n universele godsdiens te vestig, maar Daniël se profesie stel dit duidelik dat die wêreld polities verdeel sal bly vir die res van die aarde se geskiedenis.

12. Wie sal die finale koninkryk opstel?

“Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel ‘n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie.” (Daniël 2:44)

NOTA: Die volgende groot universele koninkryk sal die koninkryk van die hemele wees, soos beskryf word in Matteus 25:31-34.



13. Wat sal die klip doen met die ander wêreld koninkryke?

“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ‘n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het... maar die klip wat die beeld getref het, het ‘n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.” (Daniël 2:34-35)

NOTA: Die klip wat sonder mensehande gesny was verteenwoordig God se koninkryk. Dit sal nie 'n kombinerende van aardse koninkryke wees nie, maar 'n totale vervanging (Openb. 21:1). Die Skrif verklaar dat wanneer Jesus Christus terugkeer na die aarde, sal Hy al die koninkryke van die aarde heeltemal vernietig en 'n ewige koninkryk vestig (Daniël 2:44). Wat opwindende nuus! Jesus Christus kom weer! Alle geskiedenis beweeg na die klimaks en einde wanneer die Seun van God sal terugkeer in heerlikheid om 'n koninkryk van ewige geregtigheid te vestig. Koning Nebukadnésar mag gedink het dat hy die ware God oorwin het toe hy Jerusalem beleër en die tempel vernietig het (Daniël 1:1, 2), maar hy is baie vinnig geleer dat God mag het oor almal. Mensdom se aktiwiteite is onder God se beheer, en uiteindelik sal Hy die oorlog wen. Babilon, Medo-Persië, Griekeland, Rome, en die 10 afdelings van die Romeinse Ryk het dalk probeer om goddelike gesag te neem en die mense van God te vernietig, maar alle aardse koninkryke sal uiteindelik vernietig word deur die koms van Christus. Alle dank aan God, Hy sal die groot stryd wen!

14. Na die duidelike interpretasie van die droom, wat het Nebukadnésar gesê oor God?

“Die koning het Daniël geantwoord en gesê: Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings en die Openbaarder van geheimenisse.” (Daniël 2:47)

NOTA: Toe hy sien dat God volle beheer het van gebeure in die wêreld, het selfs Nebukadnésar eerlik erken dat die God wat Daniel dien bo al die vals-gode van Babilon was. Hoe vinnig het die prentjie verander! Daniël en sy vriende, as gevolg van hul getrouheid aan God, was verhef uit hul aanvanklike ballingskap in Babilon na posisies van prominente leierskap vir die koninkryk (Daniël 2:48, 49). God eer altyd diegene wat Hom vereer (1 Samuel 2:30).

Jou keuse

Nou dat jy weet dat God in volle beheer van aardse-gebeure is, is jy bereid om vir Hom volle beheer van jou lewe te gee?

Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie afdeling verskaf bykomende inligting vir verdere studie.

Goud = Babilon

Die hoof van goud verteenwoordig Babilon, wat die wêreldheerser was van 612 – 539 B.C.

Silwer = Medo-Persië

Die bors van silwer verteenwoordig Medo-Persië, die wêreldheerser van 539 – 331 B.C.

Brons = Griekeland

Die middel van brons verteenwoordig Griekeland, die wêreldheerser van 331 – 168 B.C.

Yster = Rome

Die bene van yster verteenwoordig die Romeinse Ryk, die wêreldheerser van 168 B.C. – A.D. 476

Yster en Klei = Verdeelde Ryk

Die voete, yster gemeng met klei, is die verdeelde ryk wat nie sal vasklewe nie. Daar was geen wêreldheerser vanaf A.D. 476, en dit sal verdeeld bly tot die koms van Christus.

Klip = Christus se ewige koninkryk, Sy Woord, en Sy Wet



HOOFSTUK 2

Terug Na Jerusalem



Lukas 24:13-35

Die dissipels van Jesus was baie hartseer. Al hulle hoop en drome vir die nuwe koninkryk van God was vasgespyker aan 'n kruis die vorige Vrydag. Met hartseer en verwarring het Kléopas en sy metgesel stadig die sewemyl reis van Jerusalem af na hul huis in die dorpie Émmaüs onderneem. Soos die son besig was om te sak daardie Sondagmiddag, en hulle loop op die stamperige pad, het 'n vreemdeling nader gekom om saam met hulle te reis. Min het hulle geweet dat hierdie

nuwe reisgenoot die Here Homself was wat reeds opgewek het.

Hulle het min aandag gegee aan die nuwe reisgenoot, en het weer deur die gebeurtenisse van die naweek gegaan. Soos Jesus in stilte geluister het, het Hy verlang om Homself aan Sy hartseer vriende bekend te maak. Maar die Here het doelbewus sy ware identiteit weerhou omdat hulle nodig gehad het om nou, meer as ooit, die Skrif te verstaan. As Christus toegelaat het dat hierdie twee getroue volgelingen Hom erken vir wie Hy regtig was, dan sou hulle heeltemal te opgewonde gewees het om te luister na die belangrike waarhede wat Hy moes deel. Selfs ná drie en 'n half jaar van Jesus se onderrig en prediking, het hulle nog nie die aard van Sy missie en werk verstaan nie. Hy het duidelik vir hulle gesê: "Die seun van die mens word oorgelewer in die hande van die mense, en hulle sal Hom doodmaak; en nadat Hy gedood is, sal Hy die derde dag opstaan. En hulle het die gesegde nie verstaan nie en was bang om Hom uit te vra." Markus 9:31-32. Jesus het hulle gesprek onderbreek en vir die volgende twee ure het Hy aan hulle die sleutels gegee om die hele Skrif en alle profesie te kan verstaan.

1. Hoeveel van die Skrif word ons beveel om te glo?

“glo alles wat die profete gespreek het!” (Lukas 24:25)

“Die hele Skrif is deur God ingegee” (2 Timoteus 3:16)

NOTA: Die volledige waarheid van God se woord is in die geskrifte van die Ou en Nuwe Testament. Die sleutels om die profesieë van Openbaring te vind word meestal gevind in die Ou Testament. Byvoorbeeld, van die 404 verse in die boek Openbaring is 278 van hulle afgelei van ander stories en profesieë in die Ou Testament.

2. Wie het Jesus gesê word geopenbaar in die Skrif en profesieë?

“En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” (Lukas 24:27)

“Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig.” (Johannes 5:39)

“Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het” (Openbaring 1:1)

NOTA: Die sentrale figuur in die hele Skrif en al die profesieë is Jesus. Hierdie boeiende reeks dek talle temas van profesie, maar hou in gedagte dat die primêre fokus van Daniël en Openbaring is Jesus Christus en Sy koninkryk.

3. Wat is ‘n ander naam wat gebruik word vir Jesus in die Bybel?

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.” (Johannes 1:1)

“En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon” (Johannes 1:14)



4. Watter tipe mense het God gebruik om die Bybel te skryf?

“deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” (2 Petrus 1:21)

5. Ewige lewe kom van 'n verhouding met Jesus (Johannes 17:3). Hoe was Jesus geken deur Sy dissipels?

“hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.” (Lukas 24:35)

NOTA: In die Bybel is brood 'n simbool van die Woord van God. Jesus het gesê: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Matteus 4:4. As ons die Bybel lees, verstaan en volg, dan sal ons krag, vreugde, vrede, en die ewige lewe vind.

6. Hoe belangrik moet Bybelstudie wees vir Christene?

“die woorde van sy mond het ek bewaar meer as my eie wet.” (Job 23:12)

“U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.” (Psalms 119:105)

NOTA: Die duiwel haat die Bybel en sal byna enigiets doen om te verhoed dat mense dit lees. Die duiwel weet dat die Bybel se profesieë sy planne om die mensdom te mislei ontbloot. So moet nie verbaas wees as Satan probeer om jou weg te lei van hierdie reeks lesse of probeer om jou besig te hou met ander dinge nie. God sal 'n weg maak vir diegene wat waarheid soek sodat hulle waarheid kan vind.

7. Wie help ons om die Bybel te verstaan?

“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei” (Johannes 16:13)

“maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer” (Johannes 14:26)

“Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer” (1 Korintiërs 2:13)

8. Wat moet ek doen om seker te wees dat die Heilige Gees my lei in Bybelstudie?

“En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word” (Lukas 11:9)

**“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?”
(Lukas 11:13)**



“As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.” (Johannes 7:17)

NOTA: Deel van die werk van die Heilige Gees is om ons te help om die waarheid van die Skrif te verstaan. Dit is hoekom ons altyd die Heilige Gees moet vra om ons te lei voordat ons God se Woord oopmaak. Ek kan seker wees dat die Heilige Gees my begelei in my Bybelstudie wanneer ek (1) Hom vra om my te lei, en (2) bereid is om die waarheid wat Hy openbaar te aanvaar en te volg.

9. Hoe help Bybelstudie en gebed ons?

**“Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.”
(Psalms 119:11)**

“Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.” (Jeremia 33:3)

“Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.” (Romeine 15:4)

“En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid... en dit sal aan hom gegee word.” (Jakobus 1:5)

10. Watter metode van Bybelstudie leer die Bybel ons?

“Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ‘n bietjie, daar ‘n bietjie.” (Jesaja 28:10)

“met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.” (1 Korintiërs 2:13)

“terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif ‘n saak van eie uitlegging is nie” (2 Petrus 1:20)

NOTA: Ons moet ons eie idees wegsit en die Bybel bestudeer deur alles te lees wat die Bybel leer oor ‘n gegewe onderwerp ("hier 'n bietjie, daar 'n bietjie ") en al die verse te vergelyk vir insette. Ons moet toelaat dat die Bybel vir homself praat. Wanneer dit gedoen word, kom die waarheid altyd duidelik deur. Dit is hoe Jesus die twee dissipels op pad na Émmaüs oortuig het dat Hy inderdaad die Messias was (Lukas 24:27).

11. Wat sal Bybelstudie vir ons doen?

“en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.” (2 Timoteus 3:15)

NOTA: Die Skrif help ons God se groot plan van verlossing, die belangrikste inligting ooit aan sterflinge, te verstaan.

12. Waar kan ons die waarheid vind volgens Jesus?

“Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe” (Johannes 14:6)

“u woord is die waarheid.” (Johannes 17:17)

NOTA: Ons vind die waarheid in God se Woord - die Bybel. Waarheid is baie skaars in vandag se wêreld, en die mense van die aarde ly as gevolg van ‘n gebrek aan hierdie waarheid. Die waarheid oor alles wat regtig saak maak word gevind in die Skrif. Om die Bybel te bestudeer en te volg maak mense vry (Johannes 8:32) en bring hulle ware geluk en ‘n lewe van oorvloed (Johannes 15:11).

13. Watter waarskuwings rakende Bybelstudie word gegee in die Skrif?

“Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.” (2 Timoteus 2:15)

“net soos in al die briewe... waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.” (2 Petrus 3:16)

NOTA: “Wat die woord van die waarheid reg sny” beteken om dit korrek en eerlik te interpreteer. Daar is 'n groot gevaar om die Skrif te verdraai sodat dit sê wat ons wil hê dit moet sê. Wat ek sê oor die Bybel maak nie saak nie. Wat regtig tel is wat die Skrif sê oor ditself.

14. Hoe moet ons alle godsdienstige leer en leerstellings toets?

“hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.” (Handelinge 17:11)

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie.” (Jesaja 8:20)

NOTA: Alle godsdienstige leer moet nagegaan word deur die Bybel. Indien enige leer nie duidelik is in die Skrif nie, dan is dit vals en ons moet dit los.

15. Wat het gebeur toe Jesus die Skrif verduidelik het aan twee mismoedige dissipels op die pad na Émmaüs?

“En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?” (Lukas 24:32)

16. Nadat die twee dissipels geweet het dat Jesus lewendig was en geluister het hoe Hy die profesieë verduidelik het, wat het hulle gedoen?


“Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was” (Lukas 24:33)

NOTA: Een van die eerste reaksies wat hierdie leerlinge gehad het na Jesus se verduideliking van die Skrif was 'n brandende begeerte om die goeie nuus met ander te deel. Ons hoop dit is ook jou begeerte om jou vriende te nooi om aan te sluit by hierdie dinamiese reeks Bybelstudies.

Jou keuse

Is dit jou wens om te hele Bybel te verstaan en te volg?

Antwoord: _____



Aanvulling

Hier volg 'n lys van belangrike terme wat dikwels 'n simboliese betekenis in die Bybel se profesieë het. Elke simbool is in vet gedruk en word gevolg deur sy ooreenstemmende letterlike betekenis.

Engel = Boodskapper

Daniël 8:16; 9:21; Lukas 1:19, 26; Hebr. 1:14

Babilon = Godsdienstige afvalligheid / verwarring

Gen. 10:8-10; 11:6-9; Openb. 18:2-3; 17:1-5

Dier = Koninkryk / regering / politieke krag

Daniel 7:17, 23

Seël = Teken of merk van goedkeuring of afkeuring

Romeine 4:11; Openbaring 7:2-3

Dag = Letterlike jaar

Esegiël 4:6; Num. 14:34

Olie = Heilige Gees

Sagaria 4:2-6; Openbaring 4:5

Rooi = Sonde/Korrupsie

Jesaja 1:18; Nahum 2:3; Openb. 17:1-4

Rots = Jesus/Waarheid

1 Korint. 10:4; Jesaja 8:13-14;
Rom. 9:33; Matt. 7:24

Brood = Woord van God

John 6:35, 51, 52, 63

Slang = Satan

Openbaring 12:9; 20:2

Draak = Satan of sy kragte

Jes. 27:1; 30:6; Ps. 74:13-14; Openb. 12:7-9; 38:7

Ese. 29:3; Jer. 51:34

Son = Jesus/Die evangelie

Ps. 84:11; Mal. 4:2; Matt. 17:2; Joh. 8:12; 9:5

Hand = Werk

Prediker 9:10

Hoer = afvallige kerk / godsdiens

Jes. 1:21-27; Jer. 3:1-3; 6-9

Koppe = Groot moondhede/regeerders/regerings

Openbaring 17:3, 9, 10

Horing = Koning/Koninkryk

Dan. 7:24; 8:5, 21, 22; Sag. 1:18-19; Openb. 17:12

Lam = Jesus/offer

Joh. 1:29; 1 Korint. 5:7

Winde = Oproer / "winde van die oorlog "

Jer. 25:31-33; 49:36, 37; 4:11-13; Sag. 7:14

Leeu = Jesus Christus

Openbaring 5:4-9

Merk = Teken of seël van goedkeuring of afkeuring

Ese. 9:4; Rom. 4:11; Openb. 13:17; 14:9-11; 7:2-3

Vrou, korrupt = Afvallige kerk

Ese. 16:15-58; 23:2-21; Hos. 2:5; 3:1;

Berge = politieke of godsdienstige-politieke magte

Jes. 2:2-3; Jer. 17:3; 31:23; 51:24-25; Ese. 17:22-23; Dan. 2:35, 44, 45

Sterre = Engele/Boodskappers

Openb. 1:16, 20; 12:4, 7-9; Job

Voorkop = Verstand

Romeine 7:25; Ese. 3:8-9

Swaard = Woord van God

Efe. 6:17; Hebr. 4:12

Dief = skielike koms van Jesus

1 Thess. 5:2-4; 2 Petrus 3:10

Tyd = Letterlike jaar

Dan. 4:16, 23, 25, 32; 7:25; 11:13

Waters = bewoonde areas/mense

Openbaring 17:15

Wit klere = Oorwinning/geregtigheid

Openb. 19:8; 3:5; 7:14

Lamp = Woord van God

Psalms 119:105

Vrou, Rein = Ware Kerk

Jer. 6:2; 2 Korint 11:2; Efe. 5:23-27; Openbaring 14:4

HOOFSTUK 3

Die Koning Kom



2 Konings 11:1-21

Atália, die genadelose koningin van Juda, was selfs slegter as haar ma Isébel. Toe haar seun Ahásia gesterf het, het sy vinnig beheer van die koninkryk geneem deur al haar kleinseuns dood te maak wat kon regeer. "Maar Joséba... het Joas, die seun van Ahásia... in die beddekamer gebring. So het hulle hom dan vir Atália weggesteek, sodat hy nie gedood is nie. En hy was saam met haar in die huis van die Here verborge, ses jaar lank, terwyl Atália oor die land regeer." 2 Konings 11:2-3.

Vir ses jaar het net 'n handjievol betroubare mense geweet dat die koninklike kind versteek was in die tempel van God. Jójada, die hoëpriester, het vir jong Joas opgelei as sy eie seun. Vir ses jaar het Jójada beplan en gebid vir die beste geleentheid om hierdie regmatige erfgenaam aan die mense te openbaar. Die hoëpriester het toe vir die betroubare owerstes in die leër vertel dat die jongste seun van Ahásia nog lewe. Hulle het besluit om te wag tot Vrydagaand, wanneer al die getroue mense sou kom na die tempel vir Sabbat-aanbidding, om die jong koning aan die mense te openbaar. Met honderde gewapende soldate aan alle kante het Jójada die erfgenaam van die troon van Dawid aan die skare openbaar. Die skare was eers verbaas, maar toe hulle sien hoe die koninklike kroon op sy hoof geplaas word het hulle "hande geklap en gesê: Mag die koning lewe!" 2 Konings 11:12.

Toe die goddelose Atália die klank van trompette en skare hoor, het sy in die tempel ingehardloop gekom, net om te ontdek dat haar bewind verby was. Daardie dag was sy en haar volgelingen gedood, en Joas het die koninkryk

oorgeneem. Die Bybel vertel ons dat 'n ander seun van Dawid binnekort sal verskyn uit die hemelse tempel met trompet-klank om sy regmatige koninkryk te ontvang en die goddeloses sal vernietig.

1. Wie is die koning wat binnekort uit die tempel in die hemel gaan kom?

**“En ek het gesien, en kyk, daar was ‘n wit wolk en een soos ‘n Menseseun wat op die wolk sit, met ‘n goue kroon op sy hoof.”
(Openbaring 14:14)**



2. Wanneer Jesus kom, gaan Hy stil kom?

**“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God”
(1 Tessalonisense 4:16)**

**“Die HERE sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek; soos druiwetrappers sal Hy ‘n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde.”
(Jeremia 25:30)**

“Onse God kom en kan nie swyg nie....rondom Hom storm dit geweldig.” (Psalm 50:3)

NOTA: Storms is nie stil nie. Duidelik sal die wederkoms van Jesus onbeskryflik lawaaierig wees. Dit sal nie ‘n geheim wees nie!

3. Watter ander fisiese kenmerke sal daar wees by Jesus se koms?

“en daar het ‘n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so ‘n geweldige groot aardbewing.” (Openbaring 16:18)

4. Wie sal vir Jesus sien wanneer Hy kom?

“En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die

mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid.” (Matteus 24:30)

**“Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien”
(Openbaring 1:7)**

NOTA: Dit is te duidelik om verkeerd te verstaan. Elke persoon wat lewe, goddeloos of regverdig, sal Jesus sien terugkeer na die aarde. 'n Geheime insameling, of "wegrapping" van God se mense is nie wat die Bybel leer nie.

5. Wie sal saam met Jesus wees as Hy kom op die wolke?

**“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit”
(Matteus 25:31)**

NOTA: Die helderheid van die Here se wederkoms sal die helderheid van 'n atoombom bleek laat lyk. By Jesus se graf het die helderheid van een engel al die Romeinse wagte laat val soos dooie manne (Matteus 28:2-4). Die helderheid van al die engele by Jesus se wederkoms sal dit te helder maak vir enige iemand om te mis. Dan sal daar nog die fantastiese heerlijkheid van Jesus en die Vader ook wees (Lukas 9:26). Jesus se wederkoms sal wees soos 'n weerligstraal wat slaan van die ooste na die weste (Matteus 24:27).

6. Wat sal die helderheid en glans van Jesus se koms doen aan die lewende goddelose?

“die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie.” (2 Tessalonisense 1:7-8)

“en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Tessalonisense 2:8)

7. Wanneer Jesus kom, wat sal met die regverdige dooies gebeur?

**“en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.”
(1 Tessalonisense 4:16)**

8. Wat sal dan met die lewende, opgewekte regverdiges gebeur?

“en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.”

(1 Korintiërs 15:52-53)

NOTA: Niemand, behalwe God, het nou onsterflikheid nie (1 Timotheüs 6:15, 16). Maar dit sal gegee word as 'n gratis geskenk aan die regverdiges wanneer Jesus kom. Hulle liggame sal ook verander word na die hemelse, onverganklike liggame, soos dié van Jesus (Fil. 3:20, 21).

9. Na hulle verander is, wat sal met die regverdiges gebeur?

“Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle [die opgewekte regverdiges] in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug” (1 Tessalonisense 4:17)

NOTA: God se heiliges sal die Here ontmoet in die lug. Jesus sal nie aan die aarde raak by sy wederkoms nie. Hy sal nie op die aarde verskyn soos baie glo nie. Sy wederkoms sal in die lug voorkom, en nie op die aarde nie.

10. Watter belangrike waarskuwing gee Jesus oor sy tweedekoms?


“Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.” (Matteus 24:5)

“Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei... As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie.” (Matteus 24:24, 26)

NOTA: Satan sal Christus se wederkoms verpersoonlik deur op die aarde te verskyn as 'n heerlike wese, en hy sal biljoene mislei. Jesus het ons gewaarsku dat Hy die aarde glad nie sal raak tydens Sy wederkoms nie, maar net in die wolke sal bly. Die skitterende misleidings van Satan sal so oortuigend wees dat meeste mense mislei sal word.

11. Wat sal die regverdiges beskerm sodat hulle nie mislei word nie?

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie.” (Jesaja 8:20)



NOTA: God se mense sal nie mislei word nie, omdat hulle sal weet hoe Jesus sal kom deur Sy Woord te bestudeer (Handelinge 17:11). Enige verskynsel wat nie in ooreenstemming met die Skrif is nie, is vals en moet verwerp word. Jesus waarsku ons vooraf. “Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.” (Matteus 24:25)

12. Sal dit veilig wees om ‘n valse Christus te gaan sien?

“As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie.” (Matteus 24:26)

13. Wat kan ons weet omtrent die tyd van Jesus se koms?

“Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen.” (Matteus 24:36)



“So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.” (Matteus 24:33)

NOTA: Net God weet die presiese tyd van die wederkoms. Alle voorspellings van datums is nie in harmonie met die Bybel nie. Maar Jesus het dit duidelik gestel dat wanneer ons die tekens van Sy wederkoms sien vervul (Matt 24:4-51; Lukas 21:8-33; en 2 Timotheüs 3:1-8), dan kan ons weet dat Sy koms is baie naby - selfs by die deure.

14. Wat sal die engele doen by Jesus se wederkoms?

“En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy

uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.” (Matteus 24:31)

NOTA: Jou beskermengel (Matteus 18:10) sal waarskynlik die eerste wees om jou te groet by Jesus se wederkoms. Wat 'n geseënde gedagte! Geen wonder die Bybel noem die wederkoms die "salige hoop" nie (Titus 2:13)!

15. Sedert ons leef net voor die heerlike wederkoms van Jesus, hoe moet ons optree?

“Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.” (Matteus 24:44)

16. Hoe sal mense beloon word by Jesus se wederkoms?

“En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.” (Openbaring 22:12)

NOTA: Mense sal gered word deur genade, maar beloon word op grond van hul gedrag/werke, nie op hul belydenis nie (Matteus 7:21-23).

17. Wat sal die goddeloses sê wanneer Jesus verskyn?

“en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verborg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:15-17)

NOTA: Gedurende hierdie gruwelike finale aardbewing, sal die bang goddeloses verkies dat die rotse en berge op hulle val eerder as om in die gesig te kyk van Koning Jesus.

18. Wat sal die regverdiges sê wanneer Jesus verskyn?

“Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.” (Jesaja 25:9)

19. Wat is die hoof doel van Jesus se wederkoms?

“En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

(Johannes 14:3)

NOTA: Jesus se mees opwindende doel in Sy terugkeer na die aarde is om Sy kinders te neem na die heerlike huis wat Hy vir hulle berei voorberei het. Vir ewig sal daar geen meer trane, ellende, hartseer of siekte wees nie, maar eerder vreugde en vrede vir ewig.



Jou keuse

Jesus gaan binnekort in die wolke verskyn. Sal jy nou besluit om gereed te maak om jou Skepper te ontmoet?

Antwoord: _____



Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Die Geheime-Wegraping Teorie

Die geheime-wegraping teorie is gebaseer op agt punte wat so baie geleer word dat meeste mense dit as feit aanvaar sonder om dit te ondersoek. Maar ons enigste veiligheid is om die Skrifte daagliks te ondersoek om vas te stel of hierdie dinge waar is (Handelinge 17:11). Die agt punte van die geheime-wegraping teorie is soos volg:

- (1) Die wegraping gebeur stil
- (2) Die wegraping is onsigbaar
- (3) Die wegraping los die goddeloses lewend agter.
- (4) God verwyder die regverdiges van die aarde om hulle te beskerm teen die verdrukking
- (5) Christus se wederkoms sal in twee fases plaasvind: (a) die geheime wegraping, en (b) die letterlike koms, wat heerlik is.
- (6) Daar sal sewe jaar tussen hierdie twee fases wees
- (7) Die wegraping sal plaasvind voor die openbaring van die Antichris, wat dan sal lei tot die verdrukking.
- (8) Die goddeloses sal op hierdie punt 'n tweede kans kry om te bekeer en om Christus te dien.

Om hierdie punte ten volle te ondersoek is buite die perke van hierdie aanvulling, maar ons sal kortliks elke punt hier dek. Berei asseblief voor vir 'n paar verrassings!

1. Die wegraping is nie stil nie, maar eerder uiters raserig. Die Skrif sê Jesus sal neerdaal "met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God." 1 Tessalonisense 4:16. David sê: "Onse God kom en kan nie swyg nie... rondom Hom storm dit geweldig" Psalm 50:3. En Jeremia sê: "Die Here sal brul uit die hoogte... Geweldig sal Hy brul...Hy 'n vreugdegeroep aanhef... Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde." Jeremia 25:30-31. Niks daarvan is stil nie! Christus sal kom met 'n geraas wat gehoor sal word regoor die wêreld. Onthou dit. As jy leef wanneer Jesus terugkom, sal jy hom hoor kom. Jou ore sal katastrofiese geraas gehoor.

2. Die wegraping is nie onsigbaar nie; dit sal gesien word deur almal. Al die engele sal saam met Jesus kom (Matt. 25:31). Een engel wat verskyn het by Jesus se opstanding se glans was so oorweldigend dat die hele Romeinse wag op die grond geval het soos dooie manne (Matt. 28:2-4). Dink aan die verbysterende helderheid van al die engele van die hemele! En dan sal daar ook nog die heerlijkheid van Jesus en Sy Vader wees (Matt. 25:31; 16:27). Die helderheid sal oorweldigend wees. Jesus het bygevoeg, “Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Matt. 24:27). Geheim? Definitief nie! Die Bybel vestig die antwoord deur te sê, “Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien” (Openbaring 1:7). Wees verseker, as jy leef tydens Jesus se wederkoms, dan sal jy Hom sien kom!

3. Die wegraping los nie die goddeloses lewend nie. Hulle word verslaan by die Here se koms (Jesaja 11:4; Mal. 4:1; 2 Tessalonisense 2:8).

4. God sal nie die regverdiges verwyder uit die verdrukking nie, maar beskerm hulle daardeur (Psalm 91:5-12).

5. Christus se wederkoms sal nie in twee fases - een geheim en die ander gesien deur almal - plaasvind nie. Daar is net een wederkoms, en dit sal gesien word deur al die lewende mense op aarde. Daar is geen Skrif om 'n twee-fase wederkoms te ondersteun nie.

6. Die geheime wegraping leerders beweer dat daar 'n tydperk van sewe jaar tussen die twee fases van die wederkoms van Christus is. Daar is geen Skrif om dit te ondersteun nie.

7. Die Antichris verskyn nie drie en 'n half jaar na die wederkoms van Jesus nie. Hy is reeds aktief vir eeue (1 Johannes 4:3) en is nou ook besig met sy afstootlike werk.

8. Die goddeloses sal nie 'n tweede geleentheid kry om gered te word na die wederkoms nie. Alle sondears sal vernietig word tydens die wederkoms. Daar is geen tweede geleentheid vir iemand na Jesus se wederkoms nie.

HOOFSTUK 4

Die Rebelse Prins



2 Samuel 13:1-18, 33


Absalom was ambisieus en die mooiste van al Dawid se seuns. Die Bybel sê in 2 Samuel 14:25: “En in die hele Israel was daar geen man so mooi soos Absalom, so geprys nie: van sy voetsool af tot sy hoofskedel toe was daar geen gebrek aan hom nie.” Maar hierdie vasberade jong prins wou meer hê as net die bewondering van die mense vir sy pragtige voorkoms. Hy wou ook die troon van sy vader hê. Hy wou koning van Israel wees. Eerste het Absalom vir sy ouer broer Amnon vermoor nadat Amnon sy

suster, Tamar, mishandel het. Amnon was Dawid se oudste seun en in lyn om volgende koning te word. Nadat Absalom weer guns by sy vader gehad het, het hy subtiel begin om saad van twyfel oor die koninkryk te saai oor Dawid se leierskap, besluite en wette totdat hy “die hart van die manne van Israel gesteel het.” 2 Samuel 15:6. Dit het gelei tot ‘n volkskaalse rebellie waar Absalom probeer het om sy eie pa te vermoor en die koninkryk oor te neem. Dawid en sy volgelingen is gedwing om uit Jerusalem weg te vlug. Na ‘n ernstige oorlog ‘n paar dae later was Dawid weer veilig op sy troon, maar die mooi prins Absalom was dood. Dit is beslis ‘n baie hartseer verhaal, maar dit was nie die eerste keer wat dit in ‘n koninklike familie gebeur het nie. Lank gelede in ‘n ander baie magtige koninkryk het iets soortgelyks gebeur wat gelei het tot die grootste rebellie van alle tye. Hierdie koninkryk staan bekend as die Hemel!

1. Wat is die naam van die rebelse prins in die hemel, en hoekom het hy rebelleer?

“Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad!”
(Jesaja 14:12)

**“En jy het in jou hart gesê... Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!”
(Jesaja 14:13-14)**



“Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.” (Esegiël 28:17)

NOTA: Lucifer, die môrester, was die kragtigste en pragtigste van God se skepsels. Hy was die hoof van die engele en het waarskynlik die hemel se koor gelei. Maar hy het toegelaat dat sy skoonheid hom vul met trots. (Sien aanvulling getiteld “Satan gesimboliseer deur die konings van Tirus en Babilon.”)

2. Het God 'n duiwel gemaak toe Hy hierdie engel geskape het?

“Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.” (Esegiël 28:15)

NOTA: God het 'n volmaakte engel gemaak wat uit sy eie vrye wil gekies het om 'n duiwel te wees. Dit kan moeilik wees om nou te dink, maar as ons vir Satan geken het voor sy val, sou ons lief gewees het vir hom. Ons weet nie presies hoe lank nie, maar Satan het moontlik vir God gedien met blydschap vir jare voordat hy begin het om trots en wrok te koester in sy hart. Die Here kon al Sy wesens soos robotte gemaak het, maar 'n robot kan nooit lief hê nie. Ware liefde moet bereid wees om 'n risiko te neem. Dit is die rede waarom ouers besluit om kinders te hê al weet hulle dat die kinders kan enige tyd kies om ongehoorsaam te wees. God het Satan toegelaat om sy rebellie uit te voer vir 'n paar redes. Eerstens, om vir ewig die vraag te beantwoord van of God Sy skepsels maak met die vryheid van keuse. Tweedens, as God Satan vernietig het sodra hy begin twyfel versprei het oor God se liefde en regering, dan sou al die ander intelligente wesens vir ewig onbeantwoorde vrae gehad het. Hulle sou gedink het, “Miskien was Satan reg.” Daarom was Satan toegelaat om te wys hoe verskriklik die gevolge van sonde is. Onthou, God wil nie hê Sy skepsels moet Hom bloot gehoorsaam omdat Hy hulle gaan straf as hulle dit nie doen nie. Hy wil hê ons moet gehoorsaam wees uit die beginsel van liefde eerder as uit vrees.

3. Wat het uiteindelik gebeur?

“En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer” (Openbaring 12:7)

NOTA: Satan en die engele wat saam met hom gekant het was geskors uit die hemel.



4. Watter kragtige wesens werk onder die duiwel se mag?

“en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi.” (Openbaring 12:4)

“hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp” (Openbaring 12:9)

NOTA: Satan is so skelm dat hy in staat was om 'n derde van die engele van die hemele te mislei om hom te volg in sy rebellie teen God. Hierdie gevalle engele staan nou bekend as "duiwels" en "demone" en voer Satan se wense uit. In ons verhaal van Absalom het ons gesien dat hy net so min van sy eie vuil werk gedoen het. Absalom het beveel dat sy dienaars sy wense moes uitvoer.

“En Absalom het sy dienaars bevel gegee en gesê: Let tog op, net soos Amnon se hart vrolik is van die wyn en ek vir julle sê: Slaan Amnon dood! dan moet julle hom doodmaak. Wees nie bevrees nie; het ék julle dit nie beveel nie?” (2 Samuel 13:28)

“Daarop sê hy aan sy dienaars: Kyk, Joab se stuk land is langsaan myne, en hy het gars daarop; gaan steek dit aan die brand.” (2 Samuel 14:30)

5. Watter metodes gebruik Satan in sy werk?

A. “Satan, wat die hele wêreld verlei.” (Openbaring 12:9)

B. “En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank, terwyl Hy deur die Satan versoek is.” (Markus 1:13)

**C. “Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen”
(Openbaring 16:14)**

D. “die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.” (Openbaring 12:10)

E. “Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.” (Johannes 8:44)

NOTA: In een opsig het Satan 'n voordeel bo God in die stryd tussen goed en kwaad. God gebruik net die waarheid, maar Satan kan waarheid of leuens gebruik in enige kombinasie om sy doel te dien. (Sien aanvulling getiteld “Verwag die onverwagte.”)



6. Wanneer is die duiwel die gevaarlikste?

“En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ‘n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke.” (2 Korintiërs 11:14-15)

NOTA: Net soos die duiwel het Absalom ook voorgegee dat hy belangstel in die mense se welsyn en geluk sodat hy hulle kon mislei. Satan is die gevaarlikste wanneer hy voorgee dat hy 'n geestelike wese te werke in die kerk is. (Sien die aanvulling getiteld “‘n Briljante Engel” aan die einde van hierdie hoofstuk.)

“En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, steek hy sy hand uit en gryp hom en soen hom. Op dié manier het Absalom met al

die Israeliete gehandel wat vir regspraak na die koning kom, sodat Absalom die hart van die manne van Israel gesteel het.”
(2 Samuel 15:5-6)

7. Ken Satan die Bybel?

“Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen ‘n klip stamp nie.” (Matteus 4:5-6)

NOTA: Die duiwel is baie goed daarmee om die Bybel verkeerd aan te haal met die doel om mense te mislei. Daarom is dit noodsaaklik dat God se mense die Skrif vir hulleself ken om te verhoed dat hulle mislei word.



8. Wie haat die duiwel die meeste op die aarde?

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” (Openbaring 12:17)

9. Watter twee dodelike gediertes gebruik die Bybel om Satan voor te stel?

“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.”
(1 Petrus 5:8)

“En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan” (Openbaring 12:9)

NOTA: Beide leeus en slange gebruik stilte en afleiding om hul prooi te vang. Net soos die duiwel, spring hulle skielik op die slagoffers en is genadeloos teenoor lyding.

10. Wat is die enigste manier hoe ons Satan kan weerstaan?

“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.”

(Jakobus 4:7-8)

NOTA: Die beste maniere om nader aan God te wees is deur gebed en om Hom te soek in Sy Woord.


11. Hoe het Jesus die aanslag van die duiwel weerstaan?

“Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe.”

(Mattheus 4:10)

“En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God.” (Efesiërs 6:17)

“Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard.” (Hebreërs 4:12)



NOTA: Ons enigste veiligheid teen die misleiding van Satan is om God se Woord in ons gedagtes te bêre om ons te weerhou van sonde. Dieselfde hulp wat Jesus gebruik het teen die duiwel is vandag ook nodig en ook beskikbaar vir ons.

“Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.”

(Psalm 119:11)

“Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.” (Efesiërs 6:11)

12. Hoe sal die finale lot van Satan wees soos dié van Absalom?

“hulle Absalom geneem en hom in die bos in ‘n groot kuil gegooi”

(2 Samuel 18:17)

“in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!” (Jesaja 14:15)

13. Sal Satan ooit weer verskyn om God se mense te versoek?

“en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie” (Esegiël 28:19)

“die benoudheid sal nie twee maal opkom nie.” (Nahum 1:9)

14. Hoe voel God oor die vernietiging van die goddeloses?

“Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?” (Esegiël 33:11)

15. Hoe het Dawid reageer toe hy gehoor het dat sy rebelse seun, Absalom, doodgemaak is?

“Toe het die koning baie ontroerd geword en opgeklim na die bovertrek van die poort en geweën; en hy het rondgeloop en só gesê: My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!” (2 Samuel 18:33)

Jou keuse

Ons hemelse Vader is lief vir Sy verlore kinders. Nie net was Hy bereid om in ons plek te sterf nie, maar Hy het ‘n stap verder gegaan – Hy het Sy grootste geskenk, Sy Seun, vir ons gegee! God wil nie hê dat enige iemand moet verlore gaan nie. Hy is desperaat vir jou om gered te word. Dit is waarom Jesus gesterf het in jou plek. Meeste van die wêreld het by Satan aangesluit in opstanding teen die hemelse Vader. Sal jy nou kies om jou hart vir Hom te gee en Hom te dien?



Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Satan gesimboliseer deur die konings van Tirus en Babilon

In Jesaja 14:4-15 gebruik die Bybel vir die koning van Babel as 'n simbool van Satan, en in Esegïel 28:11-19 word Satan gesimboliseer deur die koning van Tirus. In beide gevalle weet ons dat die simboliek gaan verder as aardse konings, want God se beskrywing kon nie van toepassing op enige sterflike mens wees nie. Let op die maniere hoe Satan beskryf word in hierdie gedeeltes van die Skrif:

- het uit die hemel geval (Jesaja 14:12)
- was vol wysheid en volmaak in skoonheid (Esegïel 28:12)
- was in Eden (vers 13)
- allerhande edelgesteentes was sy bedekking (vers 13)
- is die gesalfde gerub/engel wat beskut (vers 14)
- was op die heilige berg van God (vers 14)
- was volmaak in sy weë/werke (vers 15)

Omdat die konings van Babilon en Tirus dieselfde beleid as Satan uitgestal het en dieselfde volledige vernietiging gelyk het as wat Satan se koninkryk sal ly, het God hulle gebruik om Satan te verteenwoordig. Feitlik alle Bybelkenners stem saam oor die simboliek. Die Bybel bevat baie ander verwysings na Satan (sien Lukas 4:5-6; 10:18; Johannes 8:44; 2 Petrus 2:4; 1 Johannes 3:8; Judas 6; Openbaring 12:7-9), maar sonder Esegïel 28 en Jesaja 14 sou ons nie die volledige geskiedenis hê nie.

Verwag die Onverwagse

Baie mense verwag dat Satan homself openlik sal vertoon as God se vyand in die eindtyd, maar dit is nie so nie. Satan is inderdaad God se bitterste vyand, maar sy benadering sal wees om geregtigheid te verwyder (Mat. 24:24). Hy kan as 'n mooi engelagtige wese verskyn (2 Kor. 11:13-15) en die aanbidding van mense soek (Openb. 13:12). Die Skrif is duidelik dat sy goddelike voor sal so oortuigend wees dat "die hele wêreld" sal agter die dier aan wonder


(Openbaring 13:3). Praat van 'n tragedie! Satan sal so effektief wees om hom voor te gee as Christus dat die hele wêreld hom sal volg terwyl hulle dink dat hulle Jesus volg. Sal jy mislei word? Nie as jy luister na die Bybel se waarskuwings in hierdie reeks nie.

‘n Briljante Engel

Satan is baie bly wanneer mense hom uitbeeld as 'n lelike, rooi, vlerkende wesens wat deel-man en deel-dier is, met gesplete hoewe en 'n lang, gepunte stert, en 'n tuinvurk dra en die vure van hel stook. Niks kan verder van die waarheid wees nie! Daardie konsepte kom van Griekse mitologie. Geen van daardie beskrywings kan gevind word in die Skrif nie. Die Bybel beskryf Satan as 'n briljante, hoogs aantreklike engel met ongelooflike vermoë om te kommunikeer. Hy is ook goed vertrouwd met die Skrif (Mattheus 4:5-6). Die duiwel is 'n self-geproklameerde vyand van God wie se doel dit is om God se karakter te beskadig en Sy koninkryk oor te neem. Satan gee ook nie om oor jou en jou geliefdes nie en het planne om julle ook te vernietig. Hierdie reeks sal jou help om sy planne te verstaan en te leer hoe om dit te stuit. Plaas net jou lewe in die beskermende sorg van jou magtige Verlosser, Jesus Christus, en bid elke dag vir Sy leiding.

HOOFSTUK 5

Die Beste Offer



Genesis 22:1-19

Die lug was nog donker toe die ou patriarg duidelik gehoor het hoe God praat. “Abraham... Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.” Genesis 22:1-2. Abraham het begin bewe toe hy dink aan die verbysterende gevolge van hierdie opdrag. God het belowe dat deur Isak sou hy die vader word van 'n magtige nasie. Al Abraham se drome was gehoop op hierdie wonderwerk-seun wat aan hom en Sara gegee was in hul oudag. Hy het nie verstaan waarom

God hom dit sou vra nie, maar hy het geleer om getrou te wees aan sy hemelse Vader en Hom te gehoorsaam. Abraham het die jong Isak wakker gemaak en hulle het die drie-dae lange reis begin na Moria saam met twee betroubare diensknegte. Toe hulle naby die berg kom het Abraham opdrag gegee dat sy diensknegte daar moes wag vir hom en Isak om terug te keer. Hy het die hout op sy seun se rug geplaas en saam het hulle begin om die berg te klim. Isak het gesê: “Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir ‘n brandoffer?” Abraham het geantwoord: “God sal vir Homself die lam vir ‘n brandoffer voorsien, my seun.” Toe hulle die top bereik, het Abraham met trane vir Isak die rede vir hulle reistog verduidelik. Isak het gewillig homself aan God se Woord onderwerp. Na die laaste omhelsing het die hartseer vader sy seun vas op die klip-altaar gebind. Abraham het sy mes geneem, maar skielik was hy gestop deur ‘n engel en gewys na ‘n wilde ram wat vasgevang in ‘n nabygeleë doringbos was as ‘n plaasvervanger vir die offer.

Hierdie hart-rakende storie was nie die enigste keer dat ‘n pa ‘n pynlike besluit geneem het om sy geliefde seun te offer nie.

1. Wie was deur die dier verteenwoordig wat in Isak se plek geoffer was?

“Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29)

2. Hoekom was dit nodig vir Jesus om te sterf?

“want almal het gesondig” (Romeine 3:23)

“Want die loon van die sonde is die dood” (Romeine 6:23)

“en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.” (Hebreërs 9:22)

“dat Christus vir ons sondes gesterf het” (1 Korintiërs 15:3)

“Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges” (1 Petrus 3:18)

NOTA: Die Bybel is van onskatbare waarde, want dit vertel hoe sonde in die wêreld gekom het en hoe dit verwyder sal word. God kan nie die lelike gevolge van sonde duld nie. Die straf van sonde is dood. Die ergste is dat toe Adam en Eva gesondig het, dié siekte van dood versprei het na die hele mensdom. God se wet en die straf vir oortreding kon nie verander word nie, en daarom was alle mense gedoem. God kan dit nie verdra om geskei van Sy skepsels te wees nie. In 'n daad van onbeskryflike liefde het God gekies om Sy Seun in die wêreld te stuur om in jou en my plek te sterf. Ons sondes en doodstraf was op Hom geplaas, en ons is vry.

3. Wat word hierdie groot plan van verlossing genoem?

“En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde” (Openbaring 14:6)



NOTA: God se plan van verlossing staan bekend as die "evangelie" wat "goeie nuus" beteken. Dit is inderdaad die mees fantastiese nuus ooit gegee aan mense. Ons doodstraf is betaal deur Jesus, en ons skuld is verwyder.

4. Waarom het God so 'n fantastiese offer vir ons gemaak?

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het” (Johannes 3:16)

NOTA: Die sterkste aardse band is die liefde van 'n ouer vir 'n kind. Toe God die Vader bereid was om sy Seun, Jesus, te laat ly en sterf in ons plek, het Hy gedemonstreer in die mees kragtige taal hoe verskriklik lief Hy vir elkeen van ons is.

5. Wat moet ek doen om hierdie offerdood van Jesus te ontvang in my lewe?

**“Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word”
(Handelinge 16:31)**

**“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo”
(Johannes 1:12)**

NOTA: Jesus se offer van redding is 'n gawe (Romeine 6:23). My deel is om te glo dit is waar en die gawe deur geloof te ontvang.

6. Hoe word ek vergewe en gereinig?

“Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word” (Handelinge 3:19)

“As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” (1 Johannes 1:9)

NOTA: Belydenis is die verbale kant van bekering. Ware bekering sluit 'n hartseer vir, en wegdraai, van sonde in (Spreek 28:13).

7. Wat word hierdie wonderlike bekerings ervaring genoem?

“julle moet weer gebore word” (Johannes 3:7)

NOTA: Hierdie heerlike ervaring word na verwys as 'n nuwe geboorte, want, van daardie oomblik, het ons geen verlede nie. In plaas daarvan begin ons 'n vars nuwe lewe, net soos 'n pasgebore baba. Dit is 'n fantastiese ervaring om 'n nuwe lewe te begin sonder enige skuld op ons rekord.

8. Wie woon in die hart van elke weder-gebore Christen?

“die Gees van die waarheid... maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” (Johannes 14:17)

NOTA: Jesus woon in 'n Christen deur Sy Heilige Gees.

9. Wanneer Jesus in my hart bly deur die Heilige Gees, was sal ek doen?

“want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.” (Filippense 2:13)

NOTA: Ek sal graag Sy wil wil doen, en Hy gee my die krag om werklik Sy wil uit te voer.

10. Hoekom kan ek doodseker wees dat my weder-gebore ervaring suksesvol sal wees?

“dat Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus” (Filippense 1:6)

NOTA: Ek is vol vertroue dat Jesus beloof om dit vir my te bereik deur Sy grote krag. Redding berus op sy vermoë, nie myne nie.

11. Hoekom val party mense in hulle Christelike loop/lewe?

“ons het elkeen sy eie pad geloop” (Jesaja 53:6)

“sodat julle die woorde kan onthou... en die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser.” (2 Petrus 3:2)


NOTA: Mense vaal dikwels in die Christelike lewe omdat hulle Jesus as Verlosser aanneem, maar nie as Here, of "Leier" van hul lewens. Die meeste van ons wil ons eie manier hê en ons wil ons eie lewens beheer. Wanneer ons Jesus as Here aanvaar, gee ons die beheer van ons lewens oor aan Hom. Ons hou ons hande af van die stuurwiel van ons lewens en vra Hom om die pad te wys. (Sien aanvulling getiteld "Eenmaal gered, Altyd gered?")

12. Hoe kan ek weet dat Jesus my aanvaar en dat ek Sy kind is?

“die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het” (Titus 1:2)

“Bid, en vir julle sal gegee word”

(Matteus 7:7)



NOTA: Ons weet dat Jesus ons ontvang wanneer ons Hom vra, omdat Hy nie kan jok nie. Hy het belowe om ons te ontvang, en Hy ontvang ons – nie omdat ons anders voel nie, maar omdat Hy belowe het.

13. Hoe sal ware bekering ‘n lewe verander?

A. “Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.” (Johannes 13:35)

B. “Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel”
(2 Korintiërs 5:17)

C. “omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.” (1 Johannes 3:22)

D. “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.”
(Romeine 12:2)

E. “en julle sal my getuies wees” (Handelinge 1:8)

F. “terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees” (Efesiërs 6:18)

14. Watter wonderlike beloftes kom saam met die Christelike-lewe?

A. “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”
(Filippense 4:13)

B. “En my God sal elke behoefte van julle vervul” (Filippense 4:19)

C. “want by God is alle dinge moontlik” (Markus 10:27)

D. “en julle blydskap volkome kan word.” (Johannes 15:11)

E. “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”
(Johannes 10:10)

F. “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit begewe nie.” (Hebreërs 13:5)

**G. “ek sal nie vrees nie; wat sal ‘n mens aan my doen?”
(Hebreërs 13:6)**

H. “my vrede gee Ek aan julle” (Johannes 14:27)

NOTA: God gee Sy mense die volgende agt kosbare beloftes as geskenk:

- Ons kan enigiets deur Jesus se krag bewerkstellig.
- Al ons behoeftes sal voorsien word.
- Niks sal vir ons onmoontlik wees nie.
- Ons blydschap sal vol wees.
- Ons sal lewe in oorfloed hê.
- God sal ons nooit verlaat nie.
- Ons hoef nooit te vrees wat mense aan ons kan doen nie.
- Die Here sal ons Sy volmaakte vrede gee.

Prys die Here! Hoe kan enigiets beter wees as dit?



Jou keuse

Sal jy nou besluit om Jesus se plan van verlossing vir jou te aanvaar of te herbevestig?

Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Eenmaal gered, Altyd gered?

Kan iemand verlore gaan nadat hy Christus aanvaar het as sy Verlosser? Slegs in God se Woord kan ons 'n antwoord vind vir hierdie vraag. Die Bybel leer: “Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou; en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie” Hebreërs 10:23, 24, 26. Nêrens leer die Bybel dat ons verantwoordelikheid eindig wanneer ons 'n Christen word nie. God se woord is duidelik: “Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.” 2 Petrus 2:20-22.

Christenskap is meer as 'n enkele besluit. Jesus het geleer dat ons redding is gebaseer op die voorwaarde dat ons voortgaan om in Hom te bly (Johannes 15:4). En die apostel Paulus sê: “Ek sterf dag vir dag.” 1 Kor. 15:31. Dit beteken dat hy kies om daaglik homself te verloën en Jesus te volg. Jesus leer: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.” Lukas 9:23. Die Bybel leer nie dat ons ons rug kan draai op die waarheid en steeds gered word nie. Esegïel 18:24 sê: “Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.” Paulus herinner ons ook, “Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.” 1 Kor. 10:12.


Sommige mense dink dat hulle kan “praat” sonder om te “doen”. Maar Jesus het gesê: “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!” Mattheus 7:21-23.

Paulus het die konstante stryd van die ware Christen uitgebeeld toe hy gesê het: “Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan ‘n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—hulle nogal om ‘n verwelklike krans te ontvang, maar ons ‘n onverwelklike. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.” 1 Kor. 9:24, 25, 27. Om te glo dat wanneer ons gered word kan ons nie verlore gaan nie, is om te glo dat God ons grootste vryheid wegneem – die vryheid van keuse. Maar God wil ook hê ons moet verseker wees dat Hy die werk wat Hy begin het ons lewens sal voleindig. “omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus” Filippense 1:6.

Ons kan seker wees dat as ons voortgaan om Hom te volg, dan sal Hy aanhou om ons te lei en sal nooit van ons hand laat gaan wat ons gewillig in Sy hand plaas nie. “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.” Mattheus 24:13.

HOOFSTUK 6

Die Wet van die Koning



Daniël 6:1-29

Na Darius, die koning van die Meders en Perse, Babilon verower het, het hy al die Babiloniese regerings-amptenare doodgemaak, behalwe een. Sy naam was Daniël, 'n dienaar van die ware God. Sewentig jaar vroeër was hy geneem van Juda na Babel as 'n gevangene en het toe begin dien in die paleis as 'n raadgewer vir die Babiloniese konings. Daniël het bekend geword in die koninkryk vir sy “voortreflike gees.” Daniel

5:12; 6:3-4. Nie net het koning Darius Daniël se lewe gespaar nie, maar hy was “van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel” Daniël 6:3-4.

Toe die Medo-Persiese amptenare gehoor het dat die koning 'n Hebreeuse gevangene wou aanstel om oor hulle te heers, was hulle jaloers en woedend. Hulle het beplan dat Darius 'n wet moes onderteken wat sê as enigeen vir die volgende 30 dae enige versoek aan enige god of mens, behalwe die koning, sou bring, dan sal hulle in die leeu kuil gegooi word. Daniël 6:7-8. Hierdie manne het geweet dat Daniël getrou was in sy gebedslewe en dat hy gehoorsaam was aan die wet van sy God wat aanbidding van enige ander gode verbied (Eksodus 20:3).

Net soos hulle verwag het, het die amptenare vir Daniël sien bid na God deur sy oop vensters. Toe koning Darius ontdek dat die manne hom om die bos gelei het en dat sy vriend, Daniël, oppad was na die leeu kuil het hy alles probeer om Daniël te verlos van die dwase wet wat hy onderteken het. Maar die wet kon nie verander word nie. Daniël was in die leeu kuil gegooi, en God het sy getrouheid beloon deur 'n engel te stuur om die bek van die leeus te sluit. Daniel 6:22-23. Profesie vertel vir ons dat in die laaste dae sal God se mense 'n soortgelyke besluit moet neem oor watter koning en watter wet hulle sal gehoorsaam.

1. Kan God se morele wet verander of herroep word

“Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.” (Lukas 16:17)

“Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.” (Psalm 89:35)



“Die werke van sy hande is trou en reg... Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig.” (Psalm 111:7-8)

“Want Ek, die HERE, het nie verander nie” (Maleagi 3:6)

NOTA: Onder geen omstandighede kan God se Tien Gebooie ooit verander of herroep word nie. Dit is so permanent soos God Homself. Drie maal in die Bybel het aardse konings (Herodus, Ahasvéros, en Darius) wette gemaak wat hulle later wou verander, maar kon nie. As die wette van swak, menslike konings nie kon verander nie, hoe kan enigiemand dink dat die ewige wet van God, wat geskryf is in klip deur Sy eie vinger - kan verander?

GOD IS

Lukas 18:19.	GOED.	Romeine 7:12
Jesaja 5:16.	HEILIG.	Romeine 7:12
Deuteronomium 32:4	REGVERDIG.	Romeine 7:12
Matthew 5:48	VOLMAAK.	Psalm 19:8
1 Johannes 4:8	LIEFDE.	Romeine 13:10
Exodus 9:27	.REG.	Psalm 19:9
Deuteronomium 32: 4.	.WAARHEID.	Psalm 119:142, 151
1 Johannes 3: 3.	.REIN.	Psalm 19:9
Johannes 4:24.	.GEESTELIK.	Romeine 7:14
Maleagi 3:6	.ONVERANDERBAAR.	Matthew 5:18
Genesis 21:33.	.EWIG.	Psalm 111:7-8

DIE WET IS

God se wet kan nie verander word nie, want dit is 'n transkripsie van Sy karakter. Die wonderlike woorde in die Bybel wat God beskryf, beskryf ook Sy wet. God se wet is Sy karakter in skrif. Dit is net so onmoontlik om God se wet te verander as wat dit is om God self te verander.

2. Volgens die Bybel, wat is sonde?

“sonde is wetteloosheid.” (1 Johannes 3:4)

“want deur die wet is die kennis van sonde.” (Romeine 3:20)

NOTA: Die duiwel haat die wet, want dit maak ons bewus daarvan dat ons 'n Verlosser van sonde nodig het. Romeine 4:15 sê: “Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.” Die wet kan niemand red nie, maar dit wys vir ons God se volmaaktheid en ons onvolmaaktheid.

3. Na watter wet verwys 1 Johannes 3:4?


“ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.” (Romeine 7:7)

NOTA: Dit is God se Tien Gebooie wat sê: “Jy mag nie begeer nie.” Dit is sonde om God se Tien Gebooie, geskryf deur Sy eie vinger (Eksodus 31:18; 32:16), te breek. Enige sonde wat gepleeg kan word, word veroordeel deur minstens een van die Tien Gebooie. Dit is die rede waarom God se wet bekendstaan as "wyd" (Ps. 119:96) en "volmaak" (Psalm 19:8). Dit "geld vir alle mense." Prediker 12:13. Wanneer ons bewus van ons sondes raak, dan soek ons 'n Verlosser. Daarom haat die duiwel die wet, want dit stuur ons om te soek na Jesus wat kan red en vergewe.

4. Het Jesus die Tien Gebooie gehou?

“net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.” (Johannes 15:10)

NOTA: Jesus het inderdaad die Tien Gebooie onderhou as 'n voorbeeld vir ons (1 Petrus 2:21).



5. Hoeveel mense het gesondig?

“want almal het gesondig” (Romeine 3:23)

6. Wat is die straf vir 'n lewe van sonde?

“Want die loon van die sonde is die dood” (Romeine 6:23)

NOTA: As God se wet kon verander, dan sou dit nie nodig gewees het vir Jesus om aan die kruis te sterf nie. Die feit dat Jesus die straf vir sonde en dood betaal het is 'n bewys dat die wet onveranderlik is.

7. Sommige sê dat die Tien Gebooie nie bindend is vir Nuwe Testament Christene nie. Wat het Jesus gesê?


“Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie.” (Matteus 19:17)

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” (Johannes 14:15)

“Salig is die wat sy gebooie doen” (Openbaring 22:14)

“Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.” (Openbaring 14:12)

NOTA: Die Nuwe Testament leer duidelik dat God se mense Sy gebooie sal hou. Almal van ons weet dat die hele wêreld is in groot moeilikheid vandag omdat so baie mense nie meer voel dit is belangrik om God se wet te gehoorsaam nie. Die Bybel praat van ons dag deur te sê: “Dit is tyd vir die HERE om te handel: hulle het u wet verbreek.” Psalm 119:126.



8. Hoe is dit moontlik om die gebooie te onderhou?

“Want God het... sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons” (Romeine 8:3-4)

“dat Hy wat ‘n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus” (Filippense 1:6)

**“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.”
(Filippense 4:13)**

NOTA: Wanneer 'n mens wedergebore word, woon Jesus Christus, deur Sy Heilige Gees, in daardie persoon se lewe en doen ‘n wonderwerk om gehoorsaamheid moontlik te maak.

9. Wat is die ou verbond, en waarom het dit misluk?

**“Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe.”
(Deuteronomium 4:13)**

“Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring” (Hebreërs 8:8)

NOTA: Die fout was nie by die wet nie, maar by die beloftes van die mense om die wet te hou.

10. Waarop die wet is die nuwe verbond gebaseer?

“Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe” (Hebreërs 8:10)

NOTA: Die twee verbonde was ooreenkomste tussen God en Sy volk. Die ou verbond het misluk omdat dit gebaseer was op die foutiewe beloftes en werke van die mense.

**“Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister.”
(Exodus 24:7)**

NOTA: Die nuwe verbond is suksesvol, want dit is die wet geskryf in die hart en word gebaseer op die beloftes van Jesus en Sy wonderlike krag, en nie die beloftes van die mense nie.

**“Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle harte skrywe”
(Hebreërs 8:10)**

NOTA: 'n Persoon se hele natuur word verander, sodat om God se wil te doen 'n plesier word. Let daarop dat die nuwe verbond is gebaseer op dieselfde wet, maar dit is geskryf in 'n ander plek (die hart) en gebaseer op beter beloftes (God s'n).

11. As ons onder die genade is, deur geloof, moet ons steeds die wet hou?

“Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!” (Romeine 6:15)

“Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.” (Romeine 3:31)

NOTA: Diegene wat deur Jesus vergewe is vir die oortreding van Sy wet is dubbeld verpligtend om Sy wet te gehoorsaam. En omdat hulle weet van Sy vergifnis, sal hulle meer verlang as ander om gelukkig Jesus te volg.

12. Is mense gered deur die wet te hou?

“Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.” (Efesiërs 2:8-9)

NOTA: Niemand word gered deur die hou van God se wet nie. Almal is gered deur die wonder-werkende genade van God. Maar die wat gered is, en wedergebore is, sal deur die genade van Jesus Sy wet wil hou as 'n uitdrukking van hul liefde en dankbaarheid aan Hom.

13. Wat motiveer 'n persoon om God se wet te gehoorsaam?

“daarom is die liefde die vervulling van die wet.” (Romeine 13:10)

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” (Matteus 22:37-39)

**“Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar”
(1 Johannes 5:3)**

NOTA: Liefde is die beste motiveerder. Die eerste vier gebooie het te doen met my plig teenoor God. As ek lief is vir hom, dan is gehoorsaamheid aan die gebooie 'n plesier. Die laaste ses gebooie omhels my plig teenoor mense. As ek werklik lief is vir mense, dan sal ek nie iets wil doen wat hulle sou seermaak nie.

14. Kan ek 'n ware Christen wees sonder om God se gebooie te hou?

“En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie.” (1 Johannes 2:3-4)

15. Is daar van die Ou Testament wette wat nie meer bindend op Christene is nie?

“deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan” (Efesiërs 2:15)

NOTA: Ja, die insettinge van die priesterskap en die offer-stelsel is afgeskaf omdat hulle Christus voorafgeskadu het (Kolossense 2:13-17). Hy het hulle vervul as die ware Lam van God.

16. Wie haat die duiwel veral?

**“En die draak was vertoornd op die vrou [die kerk], en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”
(Openbaring 12:17)**

NOTA: Satan haat God se eindtyd-kerk wat Jesus se gebooie gehoorsaam en mense leer dat daar 'n Goddelike krag is wat sondaars kan verander in heiliges.

17. Wat is 'n paar van die heerlike belonings van die behoud van God se wet?

“Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydschap in julle kan bly en julle blydschap volkome kan word.” (Johannes 15:11)

“maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy.” (Spreuke 29:18)

“Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.” (Psalm 119:165)

NOTA: Geluk, vreugde, vrede, en ‘n meer volop lewe kom na diegene wat God se wet behou. Geen wonder dat Dawid gesê het dat God se opdragte is meer wenslik as goud nie (Psalm 19:11).

Jou keuse

Is dit jou begeerte om jouself aan God se Woord te onderwerp en deur geloof te lewe sodat jy God kan verheerlik, Sy beeld weerspieël en so een met Hom kan wees in wil en doel?

Antwoord: _____



Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Parallele tussen Bybel-karakters en Jesus


Baie van die Bybel helde is tipes en patrone van Jesus. Moses, Josef, Dawid en Salomo was almal mense wat op 'n sekere punt in hul lewens die lewe en bediening van Christus voorafskadu het. Die ooreenkomste tussen hulle ervarings is bedoel om die wêreld te help om Jesus te erken as die Seun van God. Daniël se ervaring met die wet en die lewens is 'n voorbeeld van so 'n geestelike parallel. Let op die volgende ooreenkomste:

- Die leiers in Medo-Persië wou Daniël uit sy hoë posisie verwyder omdat hulle jaloers was op sy noue verhouding met die koning. Daniël 6:4 sê: “daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel.” Net so wou die leiers in Jerusalem ontslae raak van Jesus omdat hulle jaloers was op sy noue verhouding met die Koning van die heelal (Johannes 5:18-20).
- Die Medo-Persiese amptenare het Daniel gevolg in 'n poging om hom te vang iets verkeerd doen of sê (Daniël 6:5). Die godsdienstige leiers van Jesus se tyd het spioene uitgestuur om Jesus te volg, met die hoop om hom te vang iets verkeerd doen of sê (Lukas 20:19-20).
- Daniël se vyande kon geen fout met hom vind nie, maar hulle het 'n lokval gemaak om hul doelwitte te bereik (Daniël 6:6-10). Net so het die owerpriesters en die skrifgeleerdes 'n sameswering met Judas Iskariot gemaak om 'n lokval vir Jesus te maak (Lukas 22:3-4). Maar Pilatus het verklaar dat hy geen skuld vind in Jesus nie (Johannes 19:4).
- Na Daniël in die leeu kuil gegooi is, is 'n klip geplaas oor die ingang en verseël met die regering se seël (Daniël 6:17-18). Jesus is ook in 'n graf geplaas wat 'n groot klip voor die ingang gehad het en dit was ook verseël deur die regering (Mattheus 27:58-60, 65, 66).
- Beide Daniël en Jesus was onskuldig en het uit die aardse tronke gekom met lewe (Daniël 6:24; Markus 16:5-6).

Kyk of jy ander ooreenkomste tussen die lewens van Bybel-karakters en die lewe van Jesus kan kry!

HOOFSTUK 7

Bakstene Sonder Strooi



Eksodus 4:29-5:19

Voor Moses die koning van Egipte genader het om vryheid te soek vir die kinders van Israel, het hy en sy broer, Aäron, met die onderdrukte leiers van Israel vergader. Tydens hierdie vergadering het Moses en Aäron hulle aangemoedig om hulself te wy aan die Here en vir hulle gesê dat God was op die punt om hulle te verlos uit slawerny met 'n sterke hand. Die Israeliete was sewe dae per week aan die werk vir die Egiptenare. Maar na hierdie samekoms met Moses, het hulle glo besluit om weer te rus elke sewende dag. Dit is die rede waarom die woedende Farao vir Moses en Aäron gesê het:

“julle wil hulle laat ophou met hulle werk?” Eksodus 5:5 (Die Hebreeuse woord vir "laat ophou" wat hier gebruik word is "Shabath." Dit beteken "om te laat sabbat hou."). Die kwaai koning het geweet dat hy drasties iets moet doen om hierdie nasie van slawe onder sy beheer te hou, so hy het besluit om hulle te verdrink met werk en so dan ook God en aanbidding uit hul gedagtes te neem. Hy het gesê: “Julle moet die volk geen strooi meer gee om bakstene te maak soos gister en eergister nie. Laat hulle self gaan en vir hulle strooi versamel. Maar die hoeveelheid bakstene wat hulle gister en eergister gemaak het, moet julle hulle oplê en niks daarvan verminder nie; want hulle is lui.” Eksodus 5:7-8.

Soos in die dae van Moses, beplan God ook nou om groot dinge te doen vir Sy mense. Binnekort sal hulle gered wees van die slawerny van sonde en reis na die hemelse Kanaän. En weereens probeer God nou om die gedagtes van sy volk te draai na die belangrikheid van die Sabbatsrus.

1. Het God die Sabbat gegee net vir rus vir Israeliete?

“En Hy sê vir hulle: Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie.” (Markus 2:27)

NOTA: Wanneer Jesus sê dat die Sabbat vir die mens gemaak is, beteken die woord "mens" al die "mensdom" - vir alle mense, vir alle tye, in alle plekke.



2. Wanneer het God die Sabbat gevestig?

“So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak.” (Genesis 2:1, 3)

NOTA: Die Sabbat is gevestig aan die einde van die skeppings-week.

3. Watter dag van die week is die Sabbat?

“En God het op die sewende dag Sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig” (Genesis 2:2-3)

NOTA: Drie keer in Genesis 2 sê God vir ons dat Hy het die Sabbat gevestig op die sewende dag van die skeppings-week. Hy het dit ook "geheilig", wat beteken "eenkant sit vir heilige gebruik." God het die Sabbat as 'n tydperk van 24 uur uit tyd gemaak, want dit neem tyd om 'n ware liefdesverhouding met Jesus te ontwikkel. Die duiwel, soos Farao van Egipte, wil ons so besig hou met werk dat ons nie tyd het vir God nie. God het geweet hoe besig Sy eindtyd mense sou wees en daarom het Hy spesiaal 24uur per week opsy gesit vir gemeenskap met Sy mense. Hy het hierdie weeklikse afspraak met jou gemaak. Moenie vergeet om Hom te ontmoet nie!


4. Hoe het God die belangrikheid van Sy heilige Sabbat gewys?

“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig... Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.” (Eksodus 20:8-11)

NOTA: Eksodus 20:8-11 is die vierde gebod van God se wet. Deur die Sabbat een van Sy Tien Gebooie te maak, het Hy gewys hoe uiters belangrik dit is. Vers 10 noem dit “die sabbat van die Here jou God.” Net die vierde gebod begin met die woord "gedenk" en dui daarop dat God geweet het dat mense sal vergeet. Verbreking van God se Tien Gebooie is sonde (1 Joh. 3:4). Maar Jesus het gesterf om Sy volk van hulle sondes (wetteloosheid) te red (Matteus 1:21).

5. Van watter twee kosbare dinge sê God is die Sabbat 'n teken?

“Tussen My en die kinders van Israel is dit [die Sabbat] vir ewig ‘n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.”
(Eksodus 31:17)



“Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ‘n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.” (Esegiël 20:12)

NOTA: God sê die Sabbat is 'n teken, of merk, van Sy krag as Skepper en Verlosser. In Openbaring 14:6-14, gee God drie belangrike boodskappe om te “verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke” Vers 6. Die eerste boodskap word gevind in vers 7: “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Hierdie uitnodiging om terug te keer na ware aanbidding kom uit die vierde gebod: “Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus.” Eksodus 20:11.

6. Watter dag het Jesus heilig gehou?

“Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.” (Lukas 4:16)

NOTA: Jesus is ons voorbeeld (1 Petrus 2:21) in alles, insluitend om die Sabbat te onderhou, wat Sy gewoonte was. 'n "Gewoonte" is iets wat mens gereeld doen. Christene moet wandel soos Hy gewandel het (1 Johannes 2:6).

7. Wat was Paulus se gewoonte met betrekking tot die Sabbat?

“En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte” (Handelinge 17:2)

“En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.” (Handelinge 18:4)

NOTA: Dit was ook Paulus se gewoonte om die sewende-dag Sabbat heilig te hou.

8. Het die apostels ook met die heidene ontmoet op die Sabbat?

“En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word.” (Handelinge 13:42)

NOTA: Op 'n ander geleentheid het die dissipels ook op die Sabbat met 'n groep nie-Joodse vroue by 'n rivier ontmoet omdat die stad geen sinagoge gehad het nie (Handelinge 16:13).

9. Was dit Jesus se plan dat Sy volk steeds die Sabbat sal hou nadat Hy vir hulle sondes gesterf het?

“En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.” (Matteus 24:20)

NOTA: Jesus het hier die val van Jerusalem voorspel, wat Hy geweet het sou plaasvind in 70 nC (omtrek 40 jaar na Sy dood). Hy het voorgestel dat hulle bid dat hulle nie op die Sabbat hoef te vlug nie. Duidelik het Jesus verwag dat Sy mense die Sabbat heilig hou lank na Sy dood.

10. Leer die Bybel dat God se eindtyd-mense ook Sy sewende dag Sabbat heilig sal hou?

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”
(Openbaring 12:17)



“Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.” (Openbaring 14:12)

“Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.”
(Openbaring 22:14)

NOTA: Bogenoemde Skrif verwys duidelik na God se eindtyd-kerk, en elke gedeelte stel dit duidelik dat God se eindtyd-kerk al Sy gebooie sal bewaar, wat natuurlik die vierde gebod, die Sabbat, insluit.

11. Sal ons eendag in die hemel die Sabbat hou?

“Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.” (Jesaja 66:22-23)

NOTA: Die Bybel sê dat al die verlostes van al die eeue sal God se Sabbat saam in die hemel en op die nuwe aarde heilig hou.

12. Kan ons seker wees dat die huidige sewende dag van die week (Saterdag) is dieselfde dag wat Jesus as Sabbat heilig gehou het?

“En dit was die dag van voorbereiding [Vrydag], en die sabbat wou aanbreek... Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en

op die sabbat gerus volgens die gebod. En baie vroeg in die môre, op die eerste dag van die week, het hulle en ander saam met hulle by die graf gekom” (Lukas 23:54-24:1)

NOTA: Jesus was gekruisig op Vrydag (voorbereidingsdag), die dag voor die Sabbat (Markus 15:42). Jesus het in die graf op die Sabbat volgens die gebod gerus (Lukas 23:56), dan staan Hy op, op die eerste dag-die dag ná die Sabbat (Markus 16:1-6). Christene regoor die wêreld vier nog dié dag as Paas-Sondag. Die Bybel toon duidelik dat die Sabbat was die dag ná Vrydag en die dag voor Sondag. Dit is maklik om daardie dag van die week op te spoor op enige kalender. (Sien aanvullings getiteld “Wat die woordeboek sê” en “Het die kalender nie verander nie?”)



13. Laat God toe dat iemand Sy heilige dag mag verander?

“Elke woord van God is gelouter... Voeg by sy woorde niks by nie, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder en jy as ‘n leuenaar openbaar word nie.” (Spreuke 30:5-6)

NOTA: Net voor God die Tien Gebooie gegee het, soos beskryf in Deuteronomium 5, het Hy gewaarsku dat niemand moet "byvoeg" of "weglaat" nie (Deuteronomium 4:2). Inteendeel, hulle moes dit bewaar presies soos Hy dit aan hulle gegee het. God het Sy Sabbat geseën (Ex. 20:11), en wanneer Hy iets seën, is dit vir ewig geseënd (1 Kronieke 17:27). God sê, “Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.” Psalm 89:35. Daar is mense wat erken het dat hulle God se heilige Sabbat na Sondag verander het. Maar God sal nooit mense se leringe aanvaar nie, want Hy het die Bybel as ons gids gegee.

14. Wanneer begin en eindig die Sabbat?

“in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou.” (Levitikus 23:32)

“En toe dit aand geword het en die son onder was” (Markus 1:32)

NOTA: Die Sabbat ure begin teen sononder Vrydag en eindig teen sononder Saterdag.

15. Watter dag word “die dag van die Here” genoem in Openbaring 1:10?

**“maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God”
(Eksodus 20:10)**

“As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie” (Jesaja 58:13)

**“Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat.”
(Markus 2:28)**

NOTA: In beide die Ou en Nuwe Testament noem God die Sabbat die dag van die Here. Hy beveel ook dat mense gewaarsku moet word teen die sonde van die vertrapping van God se Sabbat (Jesaja 58:1, 13). God verklaar dat Sy heilige Sabbat is vir alle mense (Jesaja 56: 2-7). Die Bybel verwys nooit na Sondag as die dag van die Here nie. Dit is slegs een van die ses werksdae van die week (Esegiël 46:1). Dit is al wat dit ooit was.

16. Watter seën word belowe deur die Sabbatsgebod?

“Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.” (Matteus 11:28)

“En Hy antwoord: Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?” (Eksodus 33:14)


NOTA: Elkeen van die Tien Gebooie het 'n geestelike betekenis. Sommige wettiese Christene fokus net op die letter van die wet en verwaarloos die gees van die wet. Jesus wil hê dat ons albei moet hê om balans te kan handhaaf (Matteus 5:21-22, 27-28). Die Bybel gebruik dikwels die term "rus" om te verwys na verlossing. Hebreërs 4:1, 4, 9-10, sê dat diegene wat werklik gelei is tot die

“rus” van bekering en wat in Christus bly, sal die sewende-dag Sabbat hou as 'n simbool van die Christelike rus.

Jou keuse

Omdat Jesus die Sabbat gegee het as 'n teken van Sy krag om te skep en te heilig, wil jy graag begin om die seën te ontvang deur Sy heilige dag heilig te hou vir Sy eer?

Antwoord: _____



Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Wat die woordeboek sê

Kyk na die volgende inskrywings in byna enige woordeboek, en let op wat jy sal vind:

Saterdag (naamwoord) Die sewende en laaste dag van die week. Sewende-dag (byvoeglike) van die sewende dag (Saterdag).

Sondag (naamwoord) Die eerste dag van die week.

Eerste dag (naamwoord) Sondag.

Het die kalender nie verander nie?


Die kalender was eenkeer verander in Oktober 1582, maar dit het nie die weeklikse siklus verander nie. Tien datums was uitgelaat uit die kalender na Oktober 4, 1582. Wat Vrydag, 5 Oktober, sou gewees het, het Vrydag, 15 Oktober, geword.

Die diagram hieronder sal jou help om die verandering te visualiseer. Jy sal sien dat dit nie die orde van die dae van die week verander het nie.

Oktober 1582						
Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
	1	2	3	4	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

HOOFSTUK 8

Die Glorieryke Koninkryk



1 Konings 3:5-15; 10:1-29

Nadat Salomo gekies was as die nuwe koning van Israel het die Here aan hom verskyn in 'n droom en gesê:

"Begeer wat Ek jou moet gee." 1 Konings 3:5. Die jong koning kon geld, roem, of 'n lang lewe versoek het maar hy het nie. In plaas daarvan het hy gevra vir wysheid om God se mense regverdig te regeer. In antwoord op daardie nederige en opregte gebed het die Here aan Salomo geweldige wysheid gegee. God het hom ook geseën met roem, rykdom, en 'n lang lewe. Gedurende Salomo se regering het Israel

ongekende vrede en voorspoed geniet. Edelmetale was so volop in Jerusalem gedurende sy tyd dat silwer beskou was as gewone klippe (1 Konings 10:27). Behalwe die pragtige tempel van marmer en goud wat Salomo gebou het vir God, het hy ook 'n uitbundige paleis en binnehof gebou plus hele stede om sy strydwaens en ruiters te huisves. Pragtige blom-tuine met seldsame bome het elke dorp geseën.

Edeles en koninklikes het van regoor die wêreld gekom vir besoek en geskenke gebring. Hulle het verlang om die diepgaande wysheid te hoor wat God in Salomo se hart (1 Konings 10:24) geplaas het. Onder die talle koninklike besoekers was 'n ryk en pragtige koningin van die ver-weg land van Skeba. Sy wou eerstehands sien of die berigte oor Israel se koning waar was. Die koningin van Skeba het Salomo getoets met baie moeilike vrae en was verstom deur sy briljante antwoorde. Oral waar sy kyk was haar sintuie betower. Maar selfs Israel op sy hoogtepunt was niks in vergelyking met die glorieryke koninkryk wat God vir ons berei nie.

1. Wat het Jesus vir Sy mense belowe?

“In die huis van my Vader is daar baie wonings... Ek gaan om vir julle plek te berei” (Johannes 14:2)



2. Wat weet ons van hierdie plek wat Jesus voorberei?

“Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ‘n nuwe aarde” (Jesaja 65:17)

“want Hy het vir hulle ‘n stad berei.” (Hebreërs 11:16)

“Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.”
(Matteus 5:5)

“En hulle sal huise bou en bewoon” (Jesaja 65:21)

NOTA: Praat oor asemrowend! God het vir Sy volk nuwe hemele, 'n nuwe aarde, en 'n nuwe heilige stad voorberei. Die regverdiges sal 'n heerlike huis erf in die stad wat deur Jesus gebou is (Joh.14:2), en 'n fantastiese “plaashuis” op die nuwe aarde wat hulle vir hulself bou (Jes. 65:21).

3. Wat weet ons nog van hierdie heilige stad?

“En die stad het vierkantig gelê... En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.” (Openbaring 21:16)

“En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel” (Openbaring 21:2)

“die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal... het ‘n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad” (Openbaring 21:10, 12)

“En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas.” (Openbaring 21:18)

“en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas.” (Openbaring 21:21)

NOTA: Die heilige stad is vierkantig, en die afstand rondom dit is 1500 myl, of 2414km. Dit kom uit die hemel na die nuwe aarde en sal land waar die Olyfberg nou staan (Sagaria 14:4). Elkeen van die 12 poorte is gemaak van 'n enkele pêrel (Openbaring 21:21), en die jaspis-mure van die stad is 144 el (Openbaring 21:17) of 216 voet breed ('n el is 18 duim).

4. Wat sê die Bybel oor die stad se water en kosvoorraad?

“En hy het my getoon ‘n suiwer rivier van die water van die lewe... en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.” (Openbaring 22:1-2)

NOTA: 'n Onuitputlike, suiwer rivier van water vloei uit die troon van God, en die boom van die lewe gee verskillende vrugte as oes elke maand. Die boom se fantastiese vrugte en blare verskaf die teenmiddel vir die dood en gee die ewige lewe. God se heiliges sal ook hul eie kos plant by hul “plaashuise” (Jesaja 65:21). Die dieet van God se mense sal wees wat dit was voor sonde in die wêreld was - vrugte, grane, en neute (Genesis 1:29, 31). Die smaak sal onbeskryflik heerlike wees, en die voedingswaarde sal perfek wees.

5. Hoe sal die lewe in die hemel anders wees as hier op aarde?

A. “Dan sal die oë van die blindes geopen... word” (Jesaja 35:5)

B. “die ore van die dowes ontsluit word.” (Jesaja 35:5)

C. “Dan sal die lamme spring soos ‘n takbok, en die tong van die stomme sal jubel” (Jesaja 35:6)



D. “Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos ‘n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.”

(Jesaja 65:25)

E. “Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie... en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.” (Jesaja 11:6)

F. “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos ‘n narsing” (Jesaja 35:1)

G. “En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie” (Jesaja 33:24)

H. “daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie” (Openbaring 21:4)

6. Watter soort liggame sal die heiliges hê?

“die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Filippense 3:20-21)

7. Is Jesus se liggaam ‘n fisiese liggaam, of is Hy 'n gees?

So hoekom is Jesus gedoop? Daar is drie hoofredes. Eerstens is Hy gedoop namens diegene wat nie self gedoop kan word nie. Soms wanneer mense wat in 'n tronk of 'n hospitaal is die Here aanneem laat omstandighede dit nie toe dat hulle gedoop kan word nie. Jesus gee hulle krediet vir Sy doop. Die dief aan die kruis was een voorbeeld (Lukas 23:43). Tweedens was Jesus gedoop as 'n voorbeeld, dat ons in Sy voetstappe sal volg (1 Petrus 2:21). Derdens was Jesus gedoop sodat ons, deur Sy ervaring te bestudeer, kan weet wat om te verwag deur geloof.

Om te illustreer, kom ons neem die volgende verse woord vir woord en kyk wat ons van ons doop kan verwag. Mattheus 3:16-17 "En nadat Jesus gedoop was, het

Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom. En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

Die hemele gaan oop = Ons het toegang tot God.

"Hy sien" = Ons geestelike oë word nou oopgemaak, wat ons nuwe begrip en persepsie gee.

"die Gees van God" = Ons erken Sy leiding.

"soos 'n duif neerdaal" = Vrede kom liggies in ons harte.

"'n Stem uit die hemele" = Ons sal daardie klein stemmetjie hoor.

"my geliefde Seun" = Ons word aangeneem in sy koninklike familie en word burgers van 'n ander land.

"in wie Ek 'n welbehae het" = God gee ons volle aanvaarding en vergifnis.

HOOFSUK 12

Rus vir die Land



2 Kronieke 36:11-21

Ons wêreld was geskape met 'n perfekte balans in die natuur. Mense, diere en plante het in totale harmonie saam geleef. Maar met die koms van sonde het alles verander. Die mens het begin om diere te eet, en diere het begin om mekaar te eet. Dorings en distels het oral opgekom. Die plaag van sonde het selfs die grond uitgeput. God het aan Kain gesê, “As jy die grond bewerk, sal dit sy vermoë aan jou nie meer gee nie” Genesis 4:12.

Dit is een rede waarom die Here die kinders van Israel beveel het om die landerye elke sewende jaar te rus (Exodus 23:10-11). Dit sal die grond kans gee om die vitaliteit te herstel en gee ook 'n vrywillige oes vir die armes om te eet. Maar die meeste van God se mense het hierdie wet geïgnoreer of geweier om dit te gehoorsaam. Toe kom 'n dag van vreeslike oordeel. Nebukadnésar, die Babiloniese koning, het na Juda gekom en diegene gedood wat teen hom gerebelleer het. Die wat oorleef het is na die goue stad van Babilon geneem. Die land van Israel het stil in puin gelê, “totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus” 2 Kronieke 36:21. Aan die einde van 70 jaar het die oorlewendes na Kanaän teruggekeer om die beloofde land te herplant en Jerusalem herbou.

Vir 6,000 jaar saai Jesus die saad van die evangelie. Die Bybel vertel ons “dat een dag by die Here soos duisend jaar is” 2 Petrus 3:8. Binnekort sal koning Jesus kom om die wêreld te oes. Sommige sal deur die helderheid van Sy koms doodgemaak word, en die res sal na Sy goue koninkryk weggevoer word. Dan sal hierdie moeg, ou planeet 'n 1000-jaar Sabbat hou!

1. Watter gebeurtenisse merk die begin van die 1000 jaar?

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.”

(1 Tessalonisense 4:16)

“en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.”

(Openbaring 20:4-5)

NOTA: Die duisend jaar van Openbaring 20 word dikwels die millennium genoem. Die woord "millennium" is eenvoudig 'n Latynse samestelling uit twee woorde: "milli", wat beteken "duisend" en "annum", wat beteken "jare." Die wederkoms van Jesus en die opstanding van die regverdiges merk die begin van die 1000 jaar. Die heiliges van alle ouderdomme (beskryf as "salig en heilig" in vers 6) sal opgewek word in hierdie eerste opstanding.

2. Wat sal nog gebeur tydens die eerste opstanding?

“Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal ontslaap word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.” (1 Korintiërs 15:51-52)



“wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Filippense 3:21)

“en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Tessalonisense 2:8)

“en daar het ‘n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie so ‘n geweldige groot aardbewing... En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent ‘n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval” (Openbaring 16:18, 20-21)

“En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank” (Openbaring 20:1-2)

NOTA: Sien die 1000-jaar kaart aan die einde van die les vir 'n opsomming van die gebeure wat sal plaasvind soos die 1000 jaar begin.

3. Wie sal opgewek word in die tweede opstanding, en wanneer sal dit plaasvind?

“Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.” (Johannes 5:28-29)

“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” (Openbaring 20:5)

NOTA: Die goddelose word opgewek in die tweede algemene opstanding aan die einde van die 1000 jaar.

4. Wat is die toestand van die aarde gedurende die 1000 jaar?

“Kyk, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.” (Jesaja 24:1)

“Ek het na die aarde gekyk, en dit was woest en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlug. Ek het gekyk,

en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die HERE, voor sy toornloed.” (Jeremia 4:23-26)

“En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.” (Jeremia 25:33)

NOTA: Die aarde sal heeltemal verwoes word deur die aardbewing en haelstorm wat gaan gebeur tydens Jesus se wederkoms. Die aarde sal in duisternis gelaat word. Dooie mense sal oor die aarde se oppervlakte gestrooi lê, met niemand wat rou nie, want niemand sal lewendig op die aarde gelaat word nie. Die regverdiges sal almal in die hemel wees, en die goddelose sal almal dood wees. (Sien aanvulling “Die Afgrond”)

5. Waar sal die heiliges gedurende die 1000 jaar wees en wat sal hulle doen?

“En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” (Johannes 14:3)

“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.” (Openbaring 20:4)

“Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? ... Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?” (1 Korintiërs 6:2-3)

NOTA: Gedurende die 1000 jaar sal die heiliges in die hemel wees en aan die oordeel deelneem. Hulle sal nie besluit wie gered of verlore is nie, want God sal dit reeds bepaal het. Hulle sal eenvoudig die oordele van God bevestig. “omdat u regverdige daade openbaar geword het” Openbaring 15:4. Die regverdigheid van God se straf vir die goddelose sal bevestig word, asook die beloning vir die regverdiges (Openbaring 22:11-12). Hierdie fase van die oordeel is tot voordeel van die heiliges. Byvoorbeeld, veronderstel jy kom in die hemel en ontdek dat jou

geliefde pastoor nie daar is nie - tog is 'n berugte misdadiger daar! Jy sal waarskynlik 'n verduideliking benodig. Die engele sal ons deur die rekordboeke lei om enige twyfel op te los. Aan die einde van hierdie fase van die oordeel, sal almal heeltemal oortuig wees van God se geregtigheid, liefde en Sy onselfsugtige behandeling van almal. Hulle sal verklaar, "sy oordele is waaragtig en regverdig" Openbaring 19:2. (Sien aanvulling getiteld "Die 1000-jaar kaart.")

6. Wat sal gebeur aan die einde van die 1000 jaar?

"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE... En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide... Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaria 14:1, 4-5, 9)

"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." (Openbaring 21:2)

NOTA: Teen die einde van die 1000 jaar sal die Nuwe Jerusalem, met die heiliges binnekant, vanuit die hemel neerdaal en land op die Olyfberg. Die Here sal die heuwel plat maak om 'n groot vlakte vir die stad se landingsplek te maak.

7. Wat sal volgende gebeur om Satan uit sy tronk te bevry?

"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie... En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word" (Openbaring 20:5, 7)

NOTA: Nadat die goddelose opgewek word, sal Satan weereens vry wees om hulle te mislei en te manipuleer.

8. Wat sal Satan doen wanneer die goddelose opgewek word?

"en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en

hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel” (Openbaring 20:8-9)

NOTA: Satan sal mense mislei om te glo dat hy onregverdiglik uit die hemel verwyder was en dat hulle saam die stad kan oorneem en beheer. As hulle besef dat hulle uit die heilige stad gesluit word, sal die goddelose 'n aanval organiseer om die Nuwe Jerusalem te oorwin.

9. Op hierdie belangrike oomblik, wat sal alles stop?

“En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit... En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.” (Openbaring 20:11-12)

NOTA: God se troon sal skielik in die hemel bo die stad verskyn, en die finale fase van die oordeel sal dan begin. Die aanval op die stad van God word dus onmiddellik tot stilstand gebring. Die boeke sal geopen word, en elke persoon se lewe sal voor hom/haar gewys word. Alles sal oop wees vir die goddeloses en regverdiges om te sien (Lukas 12:2-3).

10. Wat sal gebeur na die oordeel van die goddelose?

“So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely.” (Romeine 14:11)

“sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader.” (Filippense 2:10-11)

“En ná hierdie dinge het ek iets soos ‘n groot stem van ‘n groot menigte in die hemel gehoor wat sê... sy oordele is waaragtig en regverdig” (Openbaring 19:1-2)

NOTA: Die goddelose sal almal vrylik erken dat God reg en regverdig was en dat Hy desperaat probeer het om hulle te red, maar hulle het openlik gekies om Hom te verwerp en 'n selfsugtige lewe van sonde te leef. Na hierdie universele

erkenning sal die sonde-stryd vir ewig uitgesorteer wees en dit sal veilig wees om sondaars te vernietig.

11. Wat sal dan volgende gebeur?

**“en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.”
(Openbaring 20:9)**

“En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp” (Openbaring 20:15)

NOTA: God se vuur val dan op die goddelose en vorm 'n groot poel van vuur oral om die stad van God. Hierdie vuur sal al die goddelose brand na as (Maleagi 4:3). Die duiwel het geen beheer oor hierdie vuur, wat die hel genoem word, nie. Hy en sy engele sal ook in die vuur gestraf word en in as verander word (Openbaring 20:10; Esegïël 28:18). Daar is geen opstanding uit hierdie vuur nie, en daarom word dit die tweede dood genoem (Openbaring 20:14).

12. Wanneer die vuur uitgaan, wat sal God vir sy mense doen?

“Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ‘n nuwe aarde” (Jesaja 65:17)

“Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.” (2 Petrus 3:13)

NOTA: Aan die einde van die 70 jaar Babiloniese ballingskap het die kinders van Israel teruggekeer na die beloofde land en die stad herbou. Na die millennium sal die heiliges sien hoe Jesus 'n nuwe hemel (atmosfeer) en 'n perfekte nuwe aarde skep waar sonde nooit weer sal opkom nie (Nahum 1:9). Die paradys wat Adam en Eva deur sonde verlore het sal in al sy Edense glorie herstel word. Vrede, vreugde, liefde en perfekte geluk sal vir ewig aan God se volk behoort!

13. Waar sal God en die regverdiges uiteindelik lewe?

“Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon” (Openbaring 21:3)

**“Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe”
(Mattheus 5:5)**

NOTA: Beide God die Vader en God die Seun sal saam met hulle heiliges op die nuwe aarde leef. Dink net daaraan om God as jou buurman te hê!

Jou keuse

Jesus sê, “Ek gaan om vir julle plek te berei.” Johannes 14:2. Hy het 'n huis vir jou in die heilige stad. Sal jy nou Sy aanbod van die ewige lewe aanvaar sodat Hy jou die nuwe geboorte kan gee en jou vir Sy koninkryk kan voorberei?

Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.



Die 1000-jaar Kaart

Gebeure aan die begin van die 1000 jaar:

1. Jesus keer terug na Sy heiliges, en die regverdige dooies word opgewek.
2. Die goddelose word deur die wederkoms van die Here verslaan, plus verwoestende aardbewing en hael.
3. Lewende regverdiges word verander, en dan opgeneem om die Here in die lug te ontmoet.
4. Wolk dra die regverdiges na die hemel.

1000-jaar

Omstandighede en gebeure tydens die 1000-jaar:

1. Heiliges in die hemel neem deel aan die oordeel van die goddelose
2. Satan en sy engele bly op die aarde alleen in totale verwoesting en duisternis.
3. Daar is geen lewendige mense op die aarde nie.

Gebeure aan die einde van die 1000 jaar:

1. Jesus kom terug met Sy heiliges, en die heilige stad land op die Olyfberg.
2. Die goddelose word opgewek, en Satan oortuig die goddelose om die heilige stad aan te val.
3. Die goddelose word geoordeel en word dan deur vuur uit die hemel gestraf wat hulle dan uiteindelik verteer.
4. God skep 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde op die as van 'n gesuiwerde aarde.


Die Afgrond

Die term "afgrond" van Openbaring 20:1 word dikwels verkeerd verstaan. Dit word vertaal uit die Griekse woord "abusos", die wortel van die Engelse woord "abyss". In die Griekse Ou Testament word hierdie woord gebruik om na die vormlose, donker aarde te verwys soos dit voor die skepping was. "En die aarde was woest en leeg, en duisternis was op die wêreldvloer" Genesis 1:2. Die woord "abusos" word weer in Lukas 8:31 gebruik om 'n toestand te illustreer waar demone niemand het om te besit of te manipuleer nie.

Gedurende die 1000 jaar is die duiwel vasgeketting deur omstandighede, "sodat hy die nasies nie meer sou verlei" nie (Openbaring 20:3). 'n Letterlike ketting kan nooit 'n geestelike wese vasbind nie. Net een ding sou verhoed dat hy mense kon verlei, en dit is as daar geen lewende mense is nie! Wanneer Jesus kom, word die goddelose almal gedood en die regverdiges word geneem na die hemel. So is Satan en sy engele dan beperk tot hierdie planeet sonder dat iemand versoek kan word. Vir 1000 jaar sal hulle rondbeweeg op die aarde en kyk na die vrug van hulle rebellie. Daar was nog nooit 'n erger ketting van omstandighede nie. Dit is op hierdie wyse waarop Satan en sy engele gebind word. "en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word." Jesaja 24:22.

HOOFSTUK 13

Buig vir Babilon



Daniël 3:1-30

Koning Nebukadnésar het die teken gegee, en soos die musiek van 'n duisend instrumente begin klank het, het die gordyn geval wat 'n skitterende 90-voet-beeld van goud bedek het. Dan, volgens die bevel van die koning, moes al die amptenare wat op die vlakte van Dura bymekaargekom het in aanbidding op die grond val. Almal het gebuig, behalwe drie jong Hebreëuse manne wat dienaars van 'n magtiger Koning was.

Nebukadnésar was met trots en tevredenheid gevul - totdat daar aan hom berig was dat Sadrag, Mesag en

Abednego geweier het om voor die beeld te buig en te aanbid. Hy was verbaas dat hulle sou waag om ongehoorsaam te wees, en Nebukadnésar het gedink dat hierdie jongmanne sy bevel misverstaan het. Hy het hulle nog een kans aangebied om te buig - maar hulle het geweier! Toe het die koning woedend geword. Hy het sy soldate beveel om die nabygeleë oond te verhit na sewe keer warmer as normaal. Soos brandstof op die vuur gegooi was, was die drie manne stewig vasgemaak met toue. Die hitte was so intens dat dit die soldate doodgemaak het wat hulle in die brandende oond gegooi het.

Toe die koning in die brandende oond kyk, het sy mond skielik oopgeval. Met 'n stem wat bewys het hy gevra: "Het ons nie drie manne geboeid binne-in die vuur gegooi nie?" Sy raadgewers het saamgestem dat dit so was. Toe sê die koning: Kyk, ek sien vier manne los binne-in die vuur wandel sonder dat daar 'n letsel aan hulle is; en die voorkoms van die vierde lyk soos dié van 'n godeseun" Daniël 3:25.

God het daardie dapper jongmanne in die vurige oond verlos omdat hulle opgestaan het vir Sy waarheid. In die laaste dae sal God se mense 'n soortgelyke toets moet ondervind.

1. Wat het ons verhaal in Daniël 3 te doen met Openbaring?

“en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.” (Openbaring 13:15)

NOTA: In die laaste dae sal God se mense weer gedwing word om te aanbid teen hulle gewete of hulle sal gedood word. Hulle sal moet kies tussen gehoorsaamheid aan die wet van God of die wet van die mens.

2. Wat is die drie engele se boodskappe van Openbaring 14?

“Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (Openbaring 14:7)

“En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.” (Openbaring 14:8)

“As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God” (Openbaring 14:9-10)

NOTA: Die Bybel vertel ons in Openbaring 14:6-14 dat in die laaste dae sal hierdie fantastiese driepunt boodskap van hoop en waarskuwing na die hele wêreld gaan om mense voor te berei vir Jesus se koms. Een van hierdie boodskappe waarsku teen die aanbidding van die dier en teen sy merk. In hierdie les sal ons die dier identifiseer. In Les 14 sal ons die merk identifiseer. Die ewige lewe kan op die spel wees. Bid ernstig vir God se leiding en ook begrip terwyl u studeer.

3. Wat word deur 'n dier verteenwoordig in Bybelprofesieë?

“Hierdie groot diere wat vier is—vier konings sal uit die aarde opstaan” (Daniël 7:17)

“Die vierde dier—die vierde koninkryk sal op die aarde wees” (Daniël 7:23)

“En die harige bok is die koning van Griekeland” (Daniël 8:21)

NOTA: In Bybel-profesie verteenwoordig 'n dier 'n regering, koninkryk of politieke mag. God gebruik diere om regerings te simboliseer, net soos ons vandag doen - 'n arend (die Verenigde State van Amerika), 'n beer (Rusland), ens. In die Bybel is "dier" nie 'n oneerbiedige woord nie. Dit stel nie diere se eienskappe voor nie. Die dier wat die merk het, word uitgebeeld in Openbaring 13:1-10, 15-18. Neem asseblief tyd om hierdie verse te lees voordat u verder gaan na Vraag 4.

4. Hoe identifiseer die Bybel die dier?

“En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering.” (Openbaring 13:1)



NOTA: In Openbaring 13:1-10, 15-18, gee God 10 leidrade om ons te help om die dier te identifiseer. Hy gee ons 'n lang lys van eienskappe sodat ons absoluut seker kan wees van die dier se identiteit.

- Punt 1 – Kom op uit die see (verse 1)
- Punt 2 – Kry sy krag, troon en mag van die draak (vers 2)
- Punt 3 – Dit word ‘n wêreldwye mag (verse 3, 7)
- Punt 4 – Dit is skuldig van godslastering (verse 1, 5, 6)
- Punt 5 – Regeer vir 42 profetiese maande (vers 5)
- Punt 6 – Ontvang ‘n dodelike wond wat genees word (vers 3)
- Punt 7 – Dit is ‘n godsdienstige mag wat aanbidding ontvang (verse 4, 8)
- Punt 8 – Voer oorlog teen God se mense (vers 7)
- Punt 9 – Dit het die geheimsinnige nommer van 666 (vers 18)
- Punt 10 – Dit word gelei deur ‘n man aan die hoof (vers 18)

Slegs een krag pas al 10 van hierdie identifiserende punte - die pousdom. Maar om seker te wees, sal ons die punte deeglik oorweeg, een op 'n tyd, beginnende met Vraag 5.

5. Hierdie dier kom uit die see. Wat simboliseer die see of water?

“Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale.” (Openbaring 17:15)

NOTA: In profesie verteenwoordig water groot menigtes mense, of swaar bevolkte gebiede. Profesie het voorspel dat die dier sou ontstaan uit te midde van die gevestigde nasies van die destydse wêreld. Die pousdom het in Wes-Europa ontstaan, en pas dus by punt 1. Maar wat van die ander nege identifiserende punte?

6. Wie gee die dier sy krag en posisie?

“en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (Openbaring 13:2)

NOTA: Die dier - wat 'n merk het wat ons moet vermy - het sy mag, gesag en hoofstad van die draak verkry. Volgens Openbaring 12:3-5 is die draak die krag wat probeer het om kindjie Jesus te vernietig ten tyde van sy geboorte. Dit was Satan wat Herodes, 'n koning vir die heidense Romeinse Ryk, geïnspireer het om al die manlike babas in Bethlehem dood te maak (Mattheus 2:13, 16). Vir wie het die heidense Romeinse Ryk haar gesag en hoofstad gegee? Geskiedenis is duidelik dat die heidense Romeinse Ryk haar mag en hoofstad oorgelewer het aan die kerk van Rome. Die volgende historiese aanhaling is tipies: "Die Romeinse kerk ... het hom in die plek van die Romeinse Wêreld-Ryk gedruk, waarvan dit eintlik die voortsetting is. ... Die pous, wat homself 'Koning' en 'Pontifex Maximus' noem, is Keiser se opvolger."¹ Punt 2 pas ook by die pousdom.



7. Hoe wyd is die invloed van die dier?

“En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.” (Openbaring 13:3)

NOTA: Niemand sou bevraagteken dat die pousdom in die Middeleeue inderdaad 'n wêreldwye mag was nie. Trouens, die woord "Katoliek" beteken "universeel". Ons kan sien dat punt 3 ook by die pousdom pas.

¹ Adolph Harnack, What Is Christianity? (New York: Putnam, second edition, revised, 1901), p. 270.

8. Wat kom uit die dier se mond?

“En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster.”

(Openbaring 13:6)

NOTA: Die Bybel definieer godslastering as 'n mens wat beweer dat hy sondes kan vergewe (Lukas 5:21) of beweer dat hy God is (Johannes 10:33). Die pousdom beweer duidelik dat dit die mag het om sondes te vergewe. Let op die volgende gedeelte uit 'n Katolieke kategismus: "Vergewe die priester werklik die sondes, of verklaar hy net dat hulle vergewe word? Die priester vergewe werklik en waarlik die sondes as gevolg van die krag wat deur Christus aan hom gegee is."² Die pousdom beweer ook dat die pous gelyk is aan God. Pous Leo XIII het gesê: "Ons [die pouse] hou die plek van God, die Almagtige, op hierdie aarde."³ Hier is nog 'n verrassende stelling oor die pous: "Jy is 'n ander God op aarde."⁴ Punt 4 pas ook by die pousdom.

9. Hoe lank sal hierdie eerste dier heers?

“en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen.” (Openbaring 13:5)

NOTA: Onthou, in profesie is een profetiese dag gelyk aan een letterlike jaar (Esegiël 4:6). Hierdie tydperk word herhaaldelik in profesie verwys na drie en 'n half jaar, 42 maande of 1260 dae. Op grond van die 30-dag kalender wat deur die Jode gebruik word, is al drie tydperke gelyk aan dieselfde 1260 profetiese dae, of 1260 letterlike jare. Die wêreldwye mag van pouslike Rome het amptelik geword in A.D. 538, toe keiser Justinianus se bevel om die pousdom die hoogste en belangrikste te maak, nie meer gekant was nie. Die pousdom het 'n dodelike wond ontvang in 1798 toe die pous gevang is deur Napoleon se generaal, Alexander Berthier. Jy sal op let dat die tydperk tussen A.D. 538 en 1798 presies 1260 jaar is. Punt 5 pas ook by die pousdom.

² Joseph Deharbe, S.J., A Complete Catechism of the Catholic Religion (New York: Schwartz, Kirwin & Fauss, 1924), p. 279.

³ Christopher Marcellus, Oration in the Fifth Lateran Council, Session IV (1512), manuscript SC, Vol. 32, col. 761 (Latin).

⁴ Pope Leo XIII, Encyclical Letter "The Reunion of Christendom," dated June 20, 1894, trans. in The Great Encyclical letters of Pope Leo XIII (New York: Benziger, 1903), p. 304.

10. Wat het ná die 42 maande met die dier gebeur?

“En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.” (Openbaring 13:3)

NOTA: Soos reeds genoem, het die pousdom in 1798 'n dodelike wond gekry toe General Berthier die pous gevange geneem het na Frankryk, waar hy in ballingskap gesterf het.⁵ Die helfte van Europa het gedink dat hierdie gebeurtenis die einde van die pousdom aangedui het, maar God het gesê dat die wond genees sou word en dat die pousdom se krag en invloed tot die hele wêreld herstel sou word totdat almal weer haar leiding sou volg. Malachi Martin, deel van die Vatikaanse binnekring, onthul die volgende in sy boek *The Keys of This Blood*: "Die pous is die bekendste persoon van die 20ste eeu (p. 123), het persoonlike verhoudings gevorm met die leiers van 91 lande (p. 490) en is nou gereed vir wêreldwye heerskappy" (p. 143).⁶ Selfs 'n onkundige persoon sou erken dat die pousdom vandag, op baie maniere, die invloedrykste krag op aarde is. En met elke reis wat die pous maak groei sy krag en invloed. Miljoene wêreldwyd kyk na die pousdom as die enigste hoop vir eenheid in die wêreld, vrede en menswaardigheid - presies soos God voorspel het. Die pousdom pas by punt 6.

11. Is die dier 'n godsdienstige mag?

“en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.” (Openbaring 13:15)

NOTA: Dit is duidelik dat hierdie entiteit betrokke sou wees by godsdienstige sake. Die woord "aanbid" word vier keer gebruik in Openbaring 13 met verwysing na hierdie mag. Sekerlik betwyfel niemand dat die pousdom by punt 7 pas nie.

12. Wat doen die dier aan die heiliges?

“Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin” (Openbaring 13:7)

NOTA: Dit is algemeen bekend dat die pousdom Christene vervolg en gedood het, veral gedurende die Middeleeue, die piektydperk van sy mag. Baie historici sê dat

⁵ Joseph Rickaby, "The Modern Papacy," Lectures on the History of Religion, (London: Catholic Truth Society, 1910), Vol. 3, Lecture 24, p. 1.

⁶ Malachi Martin, *The Keys of This Blood* (New York: Simon & Schuster, 1990).


meer as 50 miljoen mense gedurende hierdie tydperk van groot verdrukking vir hul geloof gesterf het. Klaarblyklik het die kerk gevoel dit vir God 'n guns gedoen deur "kettery" te vernietig. Die pous het gevra dat die kerk vergewe moet word vir haar gruweldade, maar die feit bly staan dat die kerk vervolg en vernietig het. Die pousdom pas ook by punt 8.

13. Wat is die geheimsinnige getal wat die dier identifiseer?

“en sy getal is ses honderd ses en sestig” (Openbaring 13:18)

NOTA: In Openbaring 13:18 sê God om die nommer van die dier se naam te bereken en dat dit die nommer van 'n man is. Wanneer ons dink aan die pousdom, dan dink ons natuurlik aan die pous as die hoof. Wat is sy naam? Een van die pous se amptelike titels is "Vicar of the Son of God," wat "Vicarious Filii Dei" in Latyn is (die amptelike taal van die kerk). Koerantartikels, wanneer hulle verwys na die pous as "Vicar of Christ", sal dikwels die woorde in aanhalingstekens omsluit om te wys dat dit 'n vertaling van sy titel of naam is. Die boek Openbaring sê dat die Romeinse getalwaardes van die letters van sy naam gelyk sal wees aan 666. Kom ons kyk of punt 9 by die pousdom pas:

V	5	F	0	D	500	Totale
I	1	I	1	E	00	112
C	100	L	50	I	<u>1</u>	53
A	0	I	1		501	<u>501</u>
R	0	I	<u>1</u>			666
I	1		53			
U	5					
S	<u>0</u>					
	112					



Daar moet geen twyfel oorbly nie. Ons het bewys dat al 10 eienskappe wat in Openbaring 13:1-8, 15-18 gegee word, by die pousdom pas. Hierdie krag het ook 'n spesifieke merk wat ons nie wil durf om te ontvang nie.

Onthou asseblief dat daar baie godvresende, liefdevolle Rooms-Katolieke Christene is wat God as Sy kinders beskou. Daar was ook baie genadevolle en brawe pouse wat God liefgehad het. Hierdie les is nie 'n aanval op ons Katolieke

vriende nie. Dit is 'n aanval op die duiwel wat die kerke weglok van die waarheid van die Skrif. God het egter self vir ons gesê dat hierdie instelling 'n merk het wat ons nie moet ontvang nie. Opregte Protestante, Katolieke, Jode, en nie-Christene sal almal gretig wees om te ontdek wat hierdie merk is sodat hulle dit kan vermy. Kom ons dank God dat Hy in sy Woord Satan se lelike planne blootgestel het om ons almal te vernietig.

In ons volgende les sal ons duidelik die "merk" van die dier identifiseer. As jy die merk van die dier ontvang, sal jy verlore wees. Baie sal ontdek dat om die merk te vermy 'n geweldige stryd sal behels. Maar God kan ons die geloof van Sadrag, Mesag en Abednego gee, wat bereid was om te sterf om God te eer.

Jou keuse


Is jy bereid om Jesus te volg waar Hy ook al mag lei, al beteken dit dat jy moontlik jou vriende kan verloor?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 14

Die Merk van Kain



Genesis 4:1-15

Adam en Eva se eerste twee seuns het grootliks verskil in hul persoonlikhede en gedrag. Kain het daarvan gehou om te boer en te bou, terwyl Abel lief was om in die heuwels en weivelde te loop met sy kleinvee.

Nadat sonde in hierdie nuwe wêreld gekom het weens Adam en Eva se ongehoorsaamheid, het God 'n offerstelsel geskep en verduidelik dat sonder die vergieting van bloed daar geen vergifnis vir sonde is nie (Hebreërs 9:22). Hy het vir hulle vertel dat hierdie offers wys na die tyd wanneer Jesus 'n man sou word

en sou sterf as die Lam van God vir die sondes van die wêreld. Abel het getrou 'n jong lam as 'n offer gebring vir sy sondes, maar Kain het gedink dat dit onnodig was om God se bevel so presies te gehoorsaam. Hy het die offerstelsel as slordig geag en geredeneer dat so lank as wat hy 'n offer bring en God aanbid, sou die besonderhede nie saak maak nie. Hy het toe 'n offer van sy eie werke gebring - produkte uit die veld. Kain het met jaloerse woede gekyk hoe vuur uit die hemel neergedaal het om Abel se offer te verteer maar sy eie offer was onaangeraak.

Die Here het Kain met liefde aangemoedig om homself te onderwerp en gehoorsaam te wees, maar Kain het hardnekkig volgehou in sy opstand. Abel het ook versigtig probeer om met sy ouer broer te redeneer, maar Kain het in woede ontplof. Teen die tyd toe hy sy sintuie herwin het, het Abel se bloedige lyf stil by sy voete gelê. God het 'n vloek op Kain uitgespreek en toe Kain oor sy vonnis kla, het die Here 'n merk op hom geplaas sodat toekomstige geslagte nie wraak sou neem vir hierdie eerste moord nie.

Die boek Openbaring vertel ons dat daar in die laaste dae weer 'n stryd tussen Christene sal wees oor hoe en wanneer om te aanbid. Binnekort sal almal geïdentifiseer word deur die seël van God of die merk van die dier.

1. Wie sal deur die sewe laaste plaë beskerm word?

“Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.”

(Openbaring 7:3)

NOTA: Diegene wat God se seël in hulle voorkop ontvang, sal tydens die plaë beskerm word (Psalm 91:7-11).

2. Wat is hierdie "seël" wat die regverdiges in hul voorhoofde het?

“Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge.”
(Jesaja 8:16)

NOTA: God se seël word in Sy wet gevind. 'n Seël is wat 'n dokument amptelik maak en bevat gewoonlik drie eienskappe: Naam, Amp en Grondgebied. 'n Voorbeeld sou wees "Kores, die koning van Persië" in Esra 1:1.

3. Watter een van die Tien Gebooie bevat al die elemente van 'n seël?

“Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is” (Exodus 20:11)



NOTA: Die vierde gebod is die enigste een wat al drie die elemente van 'n seël bevat: (1) "Die Here" - Sy naam, (2) "Gemaak" - Sy amp as Skepper, (3) "hemel en aarde... die see en alles wat daarin is" - Sy grondgebied.

4. Wat het God gegee as ‘n spesiale teken van Sy skeppingskrag?

“Daarby het Ek ook my sabbatte aan hulle gegee om ‘n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig.” (Esegiël 20:12)

“En heilig my sabbatte; en hulle sal ‘n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is.” (Esegiël 20:20)

“Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig.” (Exodus 31:13)

NOTA: God verklaar duidelik dat Hy die Sabbat gegee het as 'n teken van Sy krag om te skep en te heilig. Dit is Sy seël of merk van gesag. Die woorde "seël", "teken", en "merk" word in die Bybel verwisselend gebruik (vergelyk Genesis 17:11 met Romeine 4:11 en Openbaring 7:3 met Esegël 9:4).

5. Wat sal die tweede dier van Openbaring 13 almal dwing om te ontvang?

“En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word” (Openbaring 13:16)

6. Wat is die merk van die dier?

NOTA: Ons het die eerste dier van Openbaring 13 in Les 13 geïdentifiseer. Wat is die merk van mag en gesag? Die beste manier om die merk van gesag te ontdek is om die pousdom direk te vra. Let op die volgende gedeelte uit 'n Katolieke kategisme:

“Vraag: Wanneer is die Sabbatdag?”

“Antwoord: Saterdag is die Sabbatdag.”

“Vraag: Hoekom herdenk ons Sondag in plaas van Saterdag?”

“Antwoord: Ons herdenk Sondag in plaas van Saterdag omdat die Katolieke Kerk die plegtigheid oorgedra het van Saterdag tot Sondag.”⁷

Hier is ‘n ander stelling uit die kategisme:

“Vraag: Het u enige ander manier om te bewys dat die Kerk mag het om feeste van gebod in te stel?

“Antwoord: As sy nie die mag gehad het nie, kon sy nie gedoen het waaroor al die moderne geloofsoortuigers met haar saamstem nie-sy sou nie die herdenking van

⁷ Peter Geiermann, *The Convert's Catechism of Catholic Doctrine* (St. Louis: B. Herder Book Co., 1957 edition), bl. 50.

Sondag, die eerste dag van die week, in die plek kon stel van Saterdag die sewende dag nie, 'n verandering waarvoor daar geen gesag in die Skrif is nie.”⁸

7. Is die merk van die dier en die seël van God sigbaar?

“spreek die Here verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe” (Hebreërs 10:16)

“Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag” (Prediker 9:10)

“En dit moet vir jou as ‘n teken wees op jou hand en ‘n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van die HERE in jou mond mag wees” (Exodus 13:9)

“hulle werke is onheilswerke, en die daad van geweld is in hulle hande... hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie.” (Jesaja 59:6-7)

NOTA: Beide die merk van die dier en die seël van God is nie uiterlik sigbaar nie. Die voorkop verteenwoordig die verstand en die hand is 'n simbool van werk. "Op jou hand" en "tussen jou oë" is konsekwente simbole in die Skrif vir 'n persoon se gedagtes en dade (Exodus 13:16; Deuteronomium 6: 8; 11:18). 'n Persoon sal die merk van die dier in sy voorkop ontvang deur te kies om te glo dat Sondag 'n heilige dag is ten spyte van die Bybel se waarheid. 'n Persoon sal in die regterhand gemerk word deur op God se Sabbat te werk of deur gehoorsaamheid aan Sondagwette vir gerieflike redes, soos 'n werk, familie, ens. Alhoewel die teken onsigbaar is vir mense, sal God weet wie het watter merk (2 Timoteus 2:19). In 'n sekere sin sal elke persoon homself merk. As ek God se heilige Sabbat respekteer, dan sal Hy my as Sy eie merk. As ek die dier se valse sabbat onderhou, sal Sy my merk as die dier s'n.

8. Hoe bepaal Jesus of ons Sy diensknegte is?

“Weet julle nie dat aan wie julle juisself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie” (Romeine 6:16)

⁸ Stephen Keenan, *A Doctrinal Catechism* (New York: P.J. Kenedy & Sons, third American edition, revised, n.d.), bl. 174.

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie.” (Johannes 14:15)

9. Het iemand nou die merk van die dier?

**“sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het”
(Openbaring 13:17)**

NOTA: Niemand het nou die merk nie. Wanneer dit 'n gedwonge saak word, sal net diegene wat die merk van die dier ontvang het, kan koop of verkoop. Op daardie tydstip sal mense wat God se heilige Sabbat hou, dit op die risiko van hul lewens doen (Openbaring 13:15), en diegene wat verkies om Sy heilige dag te ontheilig en amptelik hul stemme lewer deur die wette van mense bo die wet van God te plaas, sal as die Antichris s'n gemerk word. Almal wat getrou aan Jesus en Sy heilige dag is, sal Jesus se heerlike seël ontvang en sodoende vir ewig Syne wees. Diegene wat probeer om neutraal te bly sal die Antichris s'n getel word (Matteus 12:30).

10. Watter twee dinge probeer die Antichris om te verander?

“hy sal probeer om tye en wet te verander.” (Daniël 7:25)

NOTA: Daniël 7 openbaar 'n Ou-Testamentiese beskrywing van die Antichris-krag. Dit voorspel duidelik dat die dier sou probeer om beide God se wette en tye te verander. Die pousdom het probeer om God se wette te verander deur: (1) die verwerping van die tweede gebod teen die verering van beelde, (2) die vierde gebod te verkort van 94 woorde tot net agt om te vermy om te noem watter dag die Sabbat is, en (3) die tiende gebod te verdeel in twee gebooie. Die pousdom het probeer om God se tye te verander deur: (1) mense te leer om die eerste dag van die week as die sabbat te onderhou in plaas van die sewende dag, en (2) die aanneming van die heidense Romeinse praktyk om elke dag om middernag in plaas van sonsondergang te begin. God se tydsberekening vir die Sabbat is van sonsondergang Vrydagaand tot sonsondergang Saterdagdagaand (Levitikus 23:32). Geen sterflike mens moet ooit waag om met God se heilige wet of tye te peuter nie (Matteus 5:18).

11. Wat was God se kritiek van Sy ou priesters, of pastore?

“julle het baie deur jul onderrig laat struikel... julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak” (Maleagi 2:8-9)

“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.” (Hosea 4:6)

NOTA: God is steeds hartseer wanneer Sy pastore net agt of nege gebooie leer en veroorsaak dat baie oor Sy bevel struikel om die sabbat heilig te hou. Byna alle kerke erken in hul amptelike geskrifte dat daar geen Skriftelike ondersteuning vir die onderhouding van Sondag is nie. Tragies staan beide Protestante en Katolieke skuldig voor die uitspraakbalk van God omdat hulle die Sabbat van die Bybel uitgooi! God het self die Sabbat as teken en merk gegee van Sy krag om te skep en Sy krag om te heilig en te red (Exodus 31:17; Esegïël 20:12). Durf iemand met hierdie heilige teken peuter, wat die groot God van die hemel verteenwoordig en alles waarvoor Hy staan?

12. Hoe het God se leiers in die verlede die groot dinge van Sy wet beskou?

“Ek het hom tien duisende leringe van my wet voorgeskrywe, maar dit word as iets vreemds geag.” (Hosea 8:12)

NOTA: Die tye het nie verander nie. God het die Sabbat, Sy groot teken, in die middel van Sy wet geplaas en begin daardie gebod met die woord "gedenk." Tog voel baie mense vandag dat die onderhouding van Sy sewende-dag sabbat 'n vreemde ding is.

13. Watter spesifieke teregwysing het God aan godsdienstige leiers gegee ten opsigte van Sy heilige Sabbat?

**“My heilige dinge het jy geminag en my sabbatte ontheilig.”
(Esegïël 22:8)**

**“Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie... daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.”
(Esegïël 22:26)**

NOTA: God bestraf spottend godsdienstige leiers wat sê dat die Sabbat nie saak maak nie en wat beweer "So sê die Here" wanneer dit nie waar is nie.

14. Watter spesifieke sonde beveel God Sy leiers om te veroordeel?

“Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos ‘n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding... As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat ‘n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou... dan sal jy jou verlustig in die HERE” (Jesaja 58:1, 13-14)

NOTA: God vra geestelike leiers om Sabbat-verbreking sonde te noem en daarop aan te dring dat Sy mense Sy Sabbatdag heilig hou. Nes die dissipels in die Bybeltyd is ons enigste veiligheid in gehoorsaamheid aan God eerder as mens (Handelinge 5:29).

15. Wanneer jy besluit om Jesus te aanvaar en Hom ten volle te volg, wat gebeur?

“Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele” (Mattheus 11:29)

NOTA: Glorieryke rus en vrede betree jou hart na bekering. Die Sabbat, wat "rus" beteken, is 'n simbool van die rus en vrede wat van die nuwe geboorte kom (Hebreërs 4:1-10). Diegene wat werklik wedergebore is, sal die Sabbat onderhou as 'n geseënde teken van daardie rus (kyk na verse 4, 9-10). Daar is geen vreugde soos die vreugde wat kom na 'n bekeerde persoon wat God se sabbat heilig hou nie.

Jou keuse

Voordat jy "nee" vir die merk van die dier kan sê, moet jy eers "ja" sê vir die seël van God. Jesus wag by die deur van jou hart vir 'n antwoord. Sal jy nou besluit om onder Sy glorieryke Sabbat-banier te beweeg as bewys dat jy Hom as jou Skepper en Verlosser aanvaar het?



Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Watter belangrike vraag vra die pousdom vir Protestante?

Protestante het herhaaldelik die pousdom gevra: "Hoe kan jy waag om God se wet te verander?" Maar die vraag wat deur die Katolieke Kerk aan Protestante gestel word, is selfs meer deurdringend. Hier is dit amptelik: "Jy sal my vertel dat Saterdag die Joodse Sabbat was, maar dat die Christelike Sabbat na Sondag verander is. Verander! Maar deur wie? Wie het die gesag om 'n uitdruklike gebod van die Almagtige God te verander? Wanneer God gespreek en gesê het, Jy moet die sewende dag heilig hou, wie sal durf waag om te sê: Nee, jy mag werk en alle wêreldse besigheid doen op die sewende dag; maar jy moet die eerste dag heilig in sy plek? Dit is 'n baie belangrike vraag wat ek nie weet hoe jy kan antwoord nie. Jy is 'n Protestant, en jy leer dat jy slegs volgens die Bybel en die Bybel alleen gaan; en tog in so 'n belangrike saak soos die nakoming van een dag in sewe as 'n heilige dag, gaan jy teen die duidelike woorde van die Bybel, en sit 'n ander dag in die plek van die dag wat die Bybel beveel het. Die opdrag om die sewende dag heilig te hou is een van die tien gebooie; jy glo dat die ander nege nog steeds bindend is; wie het jou gesag gegee om met die vierde te peuter? As jy in ooreenstemming is met jou eie beginsels, as jy regtig die Bybel en die Bybel alleen volg, behoort jy in staat te wees om 'n gedeelte van die Nuwe Testament te produseer waarin hierdie vierde gebod uitdruklik verander word."⁹

⁹ Library of Christian Doctrine: *Why Don't You Keep Holy the Sabbath-Day?* (London: Burns and Oates, Ltd.), bl. 3, 4.

HOOFSTUK 15

'n Hemelse Model



Exodus 24:1-25

Nooit tevore het die Here sulke magtige tekens en wonders geopenbaar as toe Hy die kinders van Israel verlos het van slawerny in Egipte nie. Plaag na plaag het op die Farao se koninkryk geval totdat hy gedwing was om sy gevangenes vry te laat. Toe het die Here die Rooi See geskei en die jong volk na vryheid gelei terwyl hulle vyande wat hulle agtervolg het verdrink het.

Nadat hulle die woestyn binnegegaan het, het God baie van Sy mense verras deur hulle suid te lei - die teenoorgestelde rigting van die beloofde land. Die

Here het geweet dat voordat hulle gereed sou wees om hul erfenis te ontvang, moet hulle georganiseer word en leer om Hom te vertrou. Terwyl hulle na die berg van Sinai reis, het God in al hulle behoeftes voorsien. Toe hulle honger geword het, het God hulle gevoed met brood uit die hemel. Toe hulle dors geword het, het die Here water gebring uit 'n klip. Toe hulle skielik van agter af aangeval was deur 'n vyand, het God vir hulle 'n wonderbaarlik oorwinning gegee.

Uiteindelik het die Israeliete by die voet van die heilige berg kamp opgeslaan. Daar het God iets gedoen wat Hy toe nog nie gedoen het nie en ook nie sedertdien gedoen het nie. Hy het in die aanhoor van 'n hele volk gepraat oor Sy verbond, die Tien Gebooie. Nadat die Here hoorbaar Sy wet gegee het, het Hy Moses op die berg Sinai geroep om 'n transkripsie te ontvang wat geskryf was in klip. Maar God het hom ook iets anders gegee. Terwyl hy op die berg met die Here vir 40 dae en 40 nagte was, het Moses gedetailleerde instruksies ontvang om 'n pragtige, draagbare heiligdom vir God te bou. Dit sou 'n klein kopie wees van Sy werklike woning in die hemel. Hierdie unieke struktuur sou dien as 'n driedimensionele les vir die hele wêreld oor God se plan om ons van sonde te red.

1. Wat het God vir Moses gevra om te bou, en hoekom?

“Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.” (Exodus 25:8)

2. Wat het God van Sy mense verwag om van die heiligdom en die dienste te leer?


“o God, u weg is in heiligheid.” (Psalm 77:14)

NOTA: God se weg, of plan, van verlossing word geopenbaar in die aardse heiligdom. Alles in die heiligdom, of verbind met die dienste, was 'n simbool van iets wat Jesus sou doen om ons te red. Ons kan die plan van verlossing nie ten volle verstaan totdat ons die heiligdom en sy dienste verstaan nie. Dit was 'n groot 3-D voorwerp les wat die verlossings-proses verduidelik.

3. Waar het Moses die bloudruk vir die heiligdom gekry?

“En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is” (Exodus 25:40)

NOTA: Die heiligdom bloudrukke, met volledige spesifikasies vir die konstruksie daarvan, is aan Moses op die berg Sinai deur God gegee (Hebreërs 8:5). Dit was 'n mikrokosmos van God se ware heiligdom in die hemel.



Die eerste heiligdom, of tabernakel, was 'n elegante, tent-tipe struktuur (15 voet by 45 voet, gebaseer op 'n 18-duim-el). Daar het die bonatuurlike teenwoordigheid van God gewoon en spesiale dienste is uitgevoer. Die mure was gemaak van regop akasiahout-plankstelle in silwer voetstukke en met goud oorgetrek (Exodus 26:15-19, 29). Die dak was gemaak van vier lae bedekkings - linne, bokhaar, geveerde rooi ramsvelle, en robbevelle (verse 1, 7, 14). Dit het twee kamers gehad: die heilige plek (15 voet by 30 voet) en die allerheiligste plek (15 voet by 15 voet). Verwys dikwels na die diagram wat verskaf is as u hierdie les hersien.

4. Watter meubels was in die voorhof?

A. “Jy moet dan die hele ram op die altaar aan die brand steek. Dit is ‘n brandoffer aan die HERE” (Exodus 29:18)

B. “Jy moet ook ‘n koperwaskom maak met sy kopervoetstuk, om in te was... en gooi water daarin” (Exodus 30:18)

NOTA: Die brandoffer-altaar (Exodus 27: 1-8) is waar diere geoffer was. Dit was net buite die ingang van die heiligdom in die binnehof. Hierdie altaar het die kruis van Christus verteenwoordig. Die offerdier het Jesus verteenwoordig, die ware offer (Johannes 1:29). Die koperwaskom (Exodus 30:17-21; 38:8) was 'n groot wasbak van koper tussen die ingang van die Heiligdom en brandoffer-altaar. Daar het priesters hul hande en voete gewas voordat hulle in die heiligdom ingegaan het of 'n offer geoffer het. Die water verteenwoordig die doop, die reiniging van die sonde, en die nuwe geboorte.

5. Watter drie meubels was in die Heilige plek?

A. “Hulle moet ook oor die toonbroodtafel ‘n pers doek uitsprei en... ook moet die altydblywende brood daarop wees.” (Numeri 4:7)



B. “As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die kandelaar lig gee.” (Numeri 8:2)

C. “Jy moet ook ‘n altaar maak om reukwerk te brand. Van akasiahout moet jy dit maak” (Exodus 30:1)

NOTA: Die toonbroodtafel (Exodus 25:23-30) verteenwoordig Jesus, die lewende brood (Johannes 6:51). Die sewe-tak kandelaar (Exodus 25:31-40) verteenwoordig Jesus, die lig van die wêreld (Johannes 9:5; 1:9). Die lampe met olie het die Heilige Gees simboliseer (Sagaria 4:1-6; Openbaring 4:5). Die reukaltaar (Exodus 30:1-8) verteenwoordig die gebede van God se mense (Hebreërs 5:7).

6. Watter spesiale meubelstuk was in die Allerheiligste plek?

“En jy moet die versoendeksel op die ark van die Getuienis neerlê in die Allerheiligste” (Exodus 26:34)



NOTA: Die enigste voorwerp in die Allerheiligste plek (Exodus 25:10-22) was die ark van die Getuienis, 'n ark van akasiahout met goud oorgetrek. Bo-op die ark was twee engele van soliede goud. Die deksel van die ark was die versoendeksel genoem (Exodus 25:17-22) waar God se teenwoordigheid gewoon het. Hierdie plek het God se troon in die hemel simboliseer, wat ook tussen twee engele geleë is (Psalm 80:1; Jesaja 6:1-2).

7. Wat was binne die ark?

“En sit die versoendeksel bo-op die ark; maar in die ark moet jy die Getuienis neerlê wat Ek aan jou sal gee” (Exodus 25:21)

“En Hy (God) het op die tafels, volgens die eerste skrif, die tien woorde geskrywe... En ek het omgedraai en van die berg afgeklim en die tafels in die ark gesit wat ek gemaak het; en dit was daar, soos die **HERE my beveel het” (Deuteronomium 10:4-5)**

NOTA: God het Sy verbond met Sy eie vinger op twee kliptafels geskryf en dit was in die ark geplaas. Die versoendeksel was bo hulle, wat daarop dui dat solank as wat God se mense hulle sondes bely en verlaat het (Spreuke 28:13), sou genade geskenk word aan hulle deur die bloed wat deur die priester op die versoendeksel gesprinkel was (Levitikus 16:15, 16). Daardie bloed verteenwoordig die bloedvergieting deur Jesus om alle mense vergifnis en reiniging te bring (Matteus 26:28; Hebreërs 9:22).

8. Hoekom moes diere geoffer word in die Ou Testamentiese heiligdomsdienste?

**“sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie”
(Hebreërs 9:22)**

“Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes” (Mattheus 26:28)

NOTA: Om diere te offer was nodig om mense te help verstaan dat daar nie vergifnis van sondes kon wees sonder die bloed wat Jesus gestort het aan die kruis nie. Die skokkende waarheid is dat die straf vir die sonde die dood is. Aangesien ons almal gesondig het, moet ons almal sterf - en ons sou gesterf het, maar Jesus het sy perfekte lewe gegee deur in ons plek te sterf om vir ons sondes te betaal. Die sondaar het sy eie offerdier gebring en met sy eie hand geslag (Levitikus 1:4, 5). Dit was bloedig en skokkend, en het mense die waarheid geleer dat sonde Jesus se dood veroorsaak het. Hulle het vorentoe gekyk na die kruis vir verlossing, waar ons terugkyk na die kruis vir verlossing. Daar is geen ander bron van redding nie.

9. Wanneer die diere vir die sonde geoffer is, wat het met die sonde gebeur?

“En hy moet sy hand op die kop van die brandoffer lê, dan sal dit vir hom met welgevalle aangeneem word om versoening vir hom te doen. Dan moet hy die jong bul voor die aangesig van die HERE slag” (Levitikus 1:4-5)



NOTA: Wanneer die sondaar sy hande op die kop van die dier geplaas het en sy sondes bely het, is die sonde simbolies oorgedra van die sondaar na die offer. Die dier het dus skuldig geword en moes die doodstraf betaal. Dit verteenwoordig Jesus wat ons sondes dra.

10. Wanneer 'n offerdier vir die hele gemeente geoffer was, wat het met die sonde gebeur?

**“en die priester moet sy vinger in die bloed steek en sewe maal voor die aangesig van die HERE, voor die voorhangsel sprinkel”
(Levitikus 4:17)**

NOTA: Die priester het van die bloed voor die voorhangsel in die heiligdom gesprinkel, en sodoende simbolies die sonde van die mense na die heiligdom oorgedra. Toe Jesus na Sy dood na die hemel opgevaar het, het Hy Sy bloed (soos die hoëpriester van ouds) aangebied om te wys dat ons sondes vergewe word wanneer ons dit in Jesus se naam bely (1 Johannes 1:9).

11. Watter twee heiligdom simbole vervul Jesus vir ons?

“want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.” (1 Korintiërs 5:7)

“Terwyl ons dan ‘n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God” (Hebreërs 4:14)



NOTA: Jesus dien as die offer vir ons sondes en as ons hemelse hoëpriester, en verrig sodoende twee wonderbaarlike dinge vir ons. Die eerste is 'n volledige lewensverandering wat die nuwe geboorte genoem word, waar al die sondes van die verlede vergewe is (Johannes 3:3-6; Romeine 3:25). Die tweede is die krag om reg te lewe nou en in die toekoms (Titus 2:14; Filippense 2:13). Hierdie twee dinge maak 'n mens regverdig, wat beteken dat daar 'n regte verhouding bestaan tussen daardie persoon en God. Daar is geen manier waarop 'n mens regverdig kan word deur werke nie (sy eie pogings), omdat geregtigheid uit genade kom wat net Jesus kan voorsien (Handelinge 4:12). Dit is geregtigheid deur geloof, wat die enigste ware vorm van geregtigheid is.

12. Watter ses wonderlike beloftes gee die Bybel vir ons oor die geregtigheid wat Jesus vir ons bied?

A. Hy sal ons vorige sondes vergewe en ons onskuldig ag (Jesaja 44:22; 1 Johannes 1:9)

B. Jesus beloof om ons tot God se beeld te herstel (Romeine 8:29)

C. Jesus gee ons die begeerte en krag om God se wil te doen (Filippense 2:13)

D. Jesus sal ons help om net die dinge te doen wat God behaag (Hebreërs 13:20-21; 1 Johannes 3:22)

E. Hy verwyder ons doodsvonnis deur vir ons Sy sondelose lewe en dood van versoening te skenk (2 Korintiërs 5:21)

F. Jesus aanvaar verantwoordelikheid om ons te help om getrou te bly totdat Hy terugkom (Filippense 1:6; Judas 24)

NOTA: Jesus is gereed om al hierdie glorieryke beloftes in jou lewe te vervul. Is jy gereed? Kniel nou en vra Hom om beheer te neem van jou lewe. Hy sal jou nie misluk nie.

13. Het 'n persoon enige rol om te speel om regverdig te word?

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is” (Mattheus 7:21)

NOTA: Ja, ons rol is om ons harte en wil vir Jesus te gee en toe te laat dat Hy regeer. Ons moet Hom vertrou met volle beheer van ons lewens. Baie glo dat Jesus almal na die hemel sal neem wat Sy Naam net bely, ongeag van hul optrede. Maar hierdie dodelike leer is nie waar nie (Mattheus 7:14).

14. Wat het gebeur op die dag van versoening?

“Want op hierdie dag moet hy vir julle versoening doen om julle te reinig; van al julle sondes moet julle voor die aangesig van die HERE rein word” (Levitikus 16:30)

NOTA: Die dag van versoening was 'n belangrike dag van oordeel wat een maal elke jaar in Israel plaasgevind het (Levitikus 23:27). Elke sonde moes bely en verlaat word. Diegene wat geweier het, was op daardie dag vir ewig uit die kamp van Israel afgesny (vers 29). Op daardie dag is twee bokke gekies. Een was die Here se bok en die ander was Asasel, wat Satan verteenwoordig het (Levitikus 16:7-8). Die Here se bok was doodgemaak en geoffer vir die sondes van die volk (vers 9). Die bloed is in die Allerheiligste plek ingeneem en gesprinkel oor en voor die versoendeksel (vers 14). Slegs op hierdie spesiale oordeelsdag het die hoëpriester die Allerheiligste binne gegaan. Die gesprinkelde bloed (wat die offer van Jesus verteenwoordig) is deur God aanvaar, en die belyde sondes van die volk

was oorgedra van die heiligdom na die hoëpriester. Hy het dan hierdie belyde sondes aan die Asasel-bok oorgedra, wat in die woestyn gelei was en verlate gelos is (verse 16, 20, 22). Op hierdie wyse was die heiligdom simbolies gereinig van die sondes van die mense, wat die hele jaar deur die gesprinkelde bloed daarheen oorgedra was.

15. Het die antieke dag van versoening 'n reiniging van die hemelse heiligdom voorgestel?

“Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die

hemelse dinge self deur beter offers as hierdie” (Hebreërs 9:23)



NOTA: Ja! Dié dag se dienste het daarop gewys dat Jesus, ons Hoëpriester in die hemelse heiligdom, sonde uitgedelg het. Hy is daar om vir Sy mense te bemiddel en staan gereed om die sondes van almal te vergewe wat geloof in Sy gestorte bloed sal uitoefen. Die antieke dag van versoening, soos moderne Israel se Yom Kippur, het die finale versoening vir die planeet Aarde voorspel. Die laaste versoening lei tot die finale oordeel wat vir altyd die vrae oor sonde in die lewe van elke individu sal beantwoord. Ons volgende les wys hoe God die datum vasgestel het vir die hemelse oordeel om te begin. Opwindend!

Jou keuse


Is jy bereid om jou lewe ten volle in Jesus se hande te plaas sodat Hy die wonderwerke in jou lewe kan doen wat nodig is om jou regverdig te maak?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 16

Die Herstel van die Heiligdom



Johannes 2:13-17

Jesus was duidelik bedroef toe Hy by die tempel se binnehof ingekom het en die onrus sien. Aan elke kant het hy hokke gevul met offerdiere gesien en gehoor hoe verkopers skree en onderhandel met besoekende pelgrims vir die hoogste prys. Die geluide van duiwe, skape en beeste saam met die reuke van 'n skuur het chaos gevorm.

Hierdie chaos was nooit God se plan nie. Toe Salomo die eerste tempel in Jerusalem gebou het, was daar

soveel respek vir God se huis, dat nie eens die geluid van 'n hamer gehoor kon word tydens die konstruksie nie. Al die klippe en materiale was elders gesny en dan na die tempelplek gebring en waar hulle stil en sag bymekaar gesit was. (1 Konings 6:7).

Jesus het 'n handvol toue gevind wat gebruik was om die skape te beheer en dit vasgebind om 'n klein sweep te vorm. Toe het die Seun van God uitgeroep met trompetagtige klank: "Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van my Vader 'n handelshuis maak nie." Johannes 2:16. "Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak." Mattheus 21:13. Hy het beweeg van een stalletjie na 'n ander en het die diere vrygelaat en die geldwisselaars tafels omgegooi.

Die gevoel van die teenwoordigheid van die Almagtige, het die vresende handelaars laat vlug uit die tempel se binnehof sonder om terug te kyk. Jesus wou, meer as enigiets, hê dat die mense 'n duidelike begrip van sy hemelse Vader se liefde en reinheid sou hê. Dit is waarom dit Sy hart gebreek het om te sien hoe die heilige tempel verander word in 'n vlooiemark.

Baie jare vroeër het die profeet Daniël voorspel oor nog 'n keer wanneer die tempel verontreinig sou word, God se waarheid verdraai sou word, en Sy volk onderdruk sou word. En weereens sal die Here kom om Sy heiligdom te reinig.

1. Daniël het 'n wonderlike visioen gehad waarin hy 'n ram met twee horings gesien het (Daniël 8:1-4). Wie word deur hier ram verteenwoordig?

“Die ram wat jy gesien het met die twee horings, is die konings van die Meders en die Perse” (Daniël 8:20)

2. Daarna het Daniël 'n bok met 'n groot horing tussen sy oë gesien. Wat beteken dit?

“En die harige bok is die koning van Griekeland; en die groot horing wat tussen sy oë was, dit is die eerste koning. En dat dit gebreek is en vier in sy plek ontstaan het—vier koninkryke sal uit sy volk ontstaan” (Daniël 8:21-22)

NOTA: Die manlike bok verteenwoordig Griekeland en die groot horing is 'n simbool van sy eerste heerser, Alexander die Grote. Die vier horings verteenwoordig die vier generaals wat dele van die ryk oorgeneem het toe Alexander gesterf het.

3. Dan spring 'n klein horing op uit een van die vier. Watter krag word deur hierdie “klein horing” verteenwoordig?

“omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek.” (Handelinge 18:2)



NOTA: Die "klein horing" wat God se mense vervolg het, heilige dinge vertrap het en opstaan teen Jesus, verteenwoordig Rome – beide heidense en pouslike Rome. Rome is die enigste mag wat Griekeland oorwin het en het uiters magtig geword het.

4. Daniël was gesê dat hierdie klein horing die heiligdom sal verontreinig. Hoe lank tot dit herstel sou word?

“En hy het vir my gesê: Twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (Daniël 8:14)

NOTA: Hierdie tydperk van 2300 dae is die langste tydprofesie in die Bybel, maar die beginpunt word eers gegee in die volgende hoofstuk - in Daniël 9:25.

5. Hoe het Daniël gereageer toe hy gesien het dat die kleinhoring-mag God se mense vervolg en die waarheid verduister?

“En ek, Daniël, was gedaan en was dae lank siek... en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie” (Daniël 8:27)

NOTA: Daniël was so diep bedroef oor wat oor God se mense sou kom, dat hy beswyk het en vir 'n geruime tyd siek was. Aanvanklik het Daniel en sy vriende nie die 2,300-dae-afdeling van die visioen verstaan nie.


6. In die volgende hoofstuk verduidelik die engel die profesie in meer detail. Hoe lank was die tydperk wat nie voorheen in die visioen beskryf was nie?

“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal... om gesig en profeet te beseël” (Daniël 9:24)

NOTA: 'n Paar jare na Daniël se visioen oor die 2300 dae het 'n engel van die hemel vinnig na hom gevlieg om hom te help om dit te verstaan. Die engel het ook die visioen uitgebrei om die 70 profetiese weke in te sluit wat “bepaal” of toegewys was aan die Jode en die stad van Jerusalem. God het Sy uitverkore volk nog 'n kans gegee - 'n 490-jarige geleentheid om die doel te bereik om die Messias aan die wêreld voor te stel (Daniël 9:23-24).

7. Wat was die beginpunt vir 2300 dae en 70-weke-profesieë?

“Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank” (Daniël 9:25)



NOTA: Die engel het aan Daniël gesê om die 2300-dae- en 70-weke-profesieë te begin tel van die bevel om Jerusalem te herstel en te herbou. God se mense was in hierdie tyd in ballingskap in die Persiese Ryk. Die besluit was in die sewende jaar van koning Artaxerxes gemaak wat in 464vC begin

regeer het (Esra 7:7). Artaxerxes se bevel in 457 vC was die enigste een wat die herstel en die herbouing van Jerusalem genoem het.

8. Die engel het gesê dat as jy 69 weke tel van 457 vC af, sal jy by die Gesalfde, die Messias, kom. Het dit gebeur?

“Julle weet van die saak... ná die doop wat Johannes gepreek het, met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag” (Handelinge 10:37-38)

NOTA: Ja, dit het gebeur. Hier is 'n wonderlike wonderwerk. Honderde jare voor Jesus met die Heilige Gees gesalf was, was die gebeurtenis voorspel in profesie! "Messias" is die Hebreeuse woord vir "gesalfde" en die woord "Christus" is die Griekse ekwivalent. Lukas 3:21-22 leer dat hierdie spesiale salwing deur die Heilige Gees plaasgevind het tydens Sy doop. Nou hier is die sleutel. In Bybelprofesie is een profetiese dag gelyk aan een letterlike jaar (Numeri 14:34; Esegïel 4:6; Lukas 13:32). Voeg 69 weke, of 483 profetiese dae ($69 \times 7 = 483$) by tot 457 vC en dit bring ons na die jaar A.D. 27.


483 jare
+ 457 begin datum
A.D. 26
+ 1 jaar vir 1 vC – A.D. 1 (daar was geen jaar 0 nie)
A.D. 27

Jesus het Sy bediening as Messias begin na Sy doop in A.D. 27, presies 483 jaar na die bevel wat in 457 vC gegee is. Dit is waarom Jesus na Sy doop begin preek het: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom" Markus 1:15. Hy het gepraat van die tyd profesie in Daniël 9:25.

9. Wat moes volgende in die profesie plaasvind?

“En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom... En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou” (Daniël 9:26-27)

NOTA: Die profesie het voorspel dat Jesus in die middel van die laaste week van die 70-weke profesie "afgesny" of gekruisig sou word. As ons drie en 'n half jaar van Sy salwing in die herfs van A.D. 27 tel, kom ons by die lente van A.D. 31 – wat juis is wanneer Jesus gekruisig was. Toe Hy gesterf het, is die tempel sluier in twee afdelings van bo na onder geskeur (Mattheus 27:50-51), wat aandui dat Jesus die offerstelsel afgeskaf het deur Sy dood as die Lam van God. Kyk asseblief na die tydlyn hieronder:



10. Jesus het aan sy dissipels gesê om eers vir watter groep mense te preek?

“moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel” (Mattheus 10:5-6)

NOTA: Jesus het daarop aangedring dat Sy dissipels eerste vir die Jode moes preek, omdat hulle nog drie en 'n half jaar oorgehad het van hul 490-jarige geleentheid om die Messias te aanvaar en te verkondig. Die profesie in Daniël 9:27 het gesê dat Jesus die Verbond, of die groot plan van verlossing, met baie vir een profetiese week (sewe letterlike jare) sal bevestig. Maar Jesus is gekruisig in die middel van daardie laaste week wat aan Sy uitverkore volk toegeken is, so hoe kon Hy dan die verbond met hulle ná Sy dood bevestig? Die antwoord word in Hebreërs 2:3 gevind: "hoe sal ons ontvlug as ons so ‘n groot saligheid veronagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur die wat dit gehoor het". Jesus se dissipels het vir die Jode vir die laaste drie en 'n half jare gepreek tot die nasie amptelik die evangelieboodskap in A.D. 34 verwerp het toe Stéfanus, 'n regverdige diaken, in die openbaar gestenig was. (Sien aanvulling getiteld "Die Swewende Week").

11. Watter waarskuwing het Jesus aan Sy uitverkorenes gegee?

“Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra” (Mattheus 21:43)

NOTA: Jesus het dit baie duidelik gemaak dat die spesiale status van die Joodse volk herroep sou word as die mense volhard in hulle verwerping van die Messias.

12. Wat is die ander "nasie" waarvan Jesus in Matteus 21:43 praat, wat Sy uitverkore volk sou word?

“En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (Galasiërs 3:29)


“Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie... maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is” (Romeine 2:28-29)

NOTA: Van A.D. 34 met die steniging van Stéfanus (Handelinge 7:58-59), was die letterlike Joodse volk nie meer God se enigste uitverkorene nasie nie. Omdat hulle konsekwent God se plan vir hulle verwerp het, is die volk van Israel nie meer die sentrale fokus van eindtyd profesie nie. Nou is almal wat Jesus aanvaar Sy uitverkore volk, en die beloftes wat God vir letterlike Israel gemaak het, geld nou ook vir geestelike Israel (Romeine 9:6-8).

13. Volgens die engel wat met Daniël gepraat het, wat sou gebeur aan die einde van die 2300 jaar?

“En hy het vir my gesê: Twee duisend drie honderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word” (Daniël 8:14)

NOTA: In A.D. 34 het daar 1,810 jaar van die 2300-dag profesie oorgebly. (Kyk na die datums in diagram hieronder.) As ons 1,810 jaar voeg by A.D. 34 dan bring dit ons na die herfs van 1844. Die engel het gesê dat in daardie tyd sal die hemelse heiligdom herstel word. (Die aardse heiligdom was vernietig in A.D. 70.) Jesus, ons hoëpriester in die hemel (Hebreërs 4:14-16; 8:1-5), het die rekord van sonde uit die hemelse heiligdom begin neem (Openbaring 20:12; Handelinge 3:19-21) in 1844. Hierdie eerste fase van die oordeel word die voor-advent-oordeel genoem omdat dit voor Jesus se wederkoms plaasvind.



14. Wie se sake word in die voor-advent-oordeel oorweeg?

“die oordeel moet begin by die huis van God” (1 Petrus 4:17)

NOTA: Hierdie eerste fase van oordeel kyk slegs na diegene wat aanspraak maak om God se kinders te wees.

15. Wat sal in hierdie eerste fase van oordeel ondersoek word?

**A. “En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is”
(Openbaring 20:12)**

B. “Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg” (Prediker 12:14)

C. “Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:12)

NOTA: Die getuienis in die oordeel kom uit boeke wat in die hemel gehou word, wat al die besonderhede van 'n persoon se lewe bevat (Sien ook Psalm 56:9). Die Tien Gebooie, God se wet, is Sy standaard in die oordeel (Openbaring 22:14).

16. Is God my aanklaer in die oordeel?

“die ou slang wat genoem word duiwel en Satan... hy is neergewerp op die aarde... die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag” (Openbaring 12:9-10)

NOTA: Nee! Satan is jou enigste aanklaer. Ongelukkig dink sommige Christene dat Jesus die Vader probeer oortuig om ons te spaar tydens die oordeel, maar Jesus het gesê: "die Vader self het julle lief " Johannes 16:27.

17. Moet ek alleen staan in die voor-advent-oordeel?

A. Jesus is ons advokaat (1 Johannes 2:1).

B. Jesus is ons regter (Johannes 5:22).

C. Jesus is ons ware en getroue getuie (Openbaring 3:14).




NOTA: Gelukkig is jy nie alleen nie. In die oordeel is Jesus die Christen se advokaat, regter en getuie. As jy vir Jesus leef, kan jy nie verloor nie (Romeine 8:1; Kolossense 1:12-14)!

Jou keuse

As Jesus jou prokureur in die oordeel is, belowe Hy om jou saak te wen. Sal jy vandag jou lewe aan Hom gee?

Antwoord: _____



Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Die Swewende Week

Sommige Bybelstudente sny die laaste week (of sewe letterlike jare) van die 490-jaar-profesie wat in Daniël gegee is af en pas dit toe op die Antichris se werk aan die einde van die tyd en 'n sewe jaar lange verdrukking. Daar is geen Bybelondersteuning vir hierdie leer nie.

Kom ons kyk na 'n paar feite:

A. Die 490-jaar profesie is 'n aaneenlopende tydperk, net soos die 70 jaar van ballingskap vir God se mense was wat genoem word in Daniël 9:2.

B. Die beginpunt vir die laaste sewe jaar van die profesie was Jesus se doop (A.D. 27). Dit is hoekom Hy begin preek het: "Die tyd is vervul." Markus 1:15.


C. Op die oomblik van Sy dood aan die kruis, in die lente van A.D. 31, het Jesus uitgeroep: "Dit is volbring." Die Verlosser het hier duidelik verwys na die voorspellings van Sy dood wat in Daniël hoofstuk 9 gemaak is. Hulle is soos volg:

1. Die "Gesalfde" sou "uitgeroei" word (vers 26).
2. Hy sou die "slagoffer en spysoffer laat ophou" deur te sterf vir almal as die ware Lam van God (vers 27; 1 Korintiërs 5:7; 15:3).
3. Hy het gekom "om die ongeregtigheid te versoen" (verse 24).

Sy betydse koms as die voorspelde Messias het bewys dat alle datums van die hele 490- en 2300-jaar-profesie foutloos en volledig moet wees.

HOOFSTUK 17

'n Verhaal van Twee Vrouens



1 Konings 3:16-28

Daar was stilte in die koninklike oordeelkamer, en al die oë het op koning Salomo geval. Sy dienaars het gewonder hoe die jong monarg hierdie verwarrende saak sal oplos.

Twee enkel moeders het 'n kamer gedeel, en elkeen het ongeveer dieselfde tyd aan hul eie baba seuntjies geboorte gegee. Gedurende die nag het een van die moeders per ongeluk omgedraai en haar seun versmoor. Toe sy vroeg wakker word en sien dat haar kind koud en stil was, het sy haar kamermaat se slapende baba vir haarself geneem en haar dooie baba

in sy plek gelê. Later het die ander ma wakker geword, die dooie baba gesien, en begin om te rou. Maar nadat sy die baba ondersoek het, het sy gou besef dat dit nie haar kind was nie. Aan die ander kant van die kamer kon sy haar kamermaat sien styf vasklou aan haar baba. Nou het albei vroue voor die koning gestaan en baklei vir besit van die lewendige baba. "Hierdie kind is myne!" het een geskreeu. "Nee, die dooie baba was joune!" het die ander geskreeu.

Hoe kon die koning bepaal wie die ware moeder was? Salomo het hul debat onderbreek en aan 'n wag gesê om 'n swaard te neem en die lewende baba in twee te verdeel. Aanvanklik het die soldaat gedink dat die koning gegrap het, maar Salomo het ernstig na die huiwerige soldaat gekyk. Hy het stadig sy skerp, skitterende swaard uitgetrek en sy pad gemaak na die vrou wat die baba vashou. Skielik het die ware moeder voor die koning se voete geval en gepleit: "Laat haar die kind neem, maar moet hom asseblief nie doodmaak nie!" Maar die ander vrou het gesê: "Hy moet nie myne of joune wees nie, maar verdeel hom." Nou het Salomo sonder twyfel geweet wie die ware moeder was.

In profesie is 'n vrou 'n simbool van 'n kerk (Jeremia 6:2). Met so baie kerke in die laaste dae, hoe kan ons die ware, eindtyd kerk wat die lewende Seun het onderskei van al die vervalsings? Soos Salomo, moet ons die swaard van God se Woord gebruik (Heb 4:12)! Baie jare vroeër het die profeet Daniël voorspel oor nog 'n keer wanneer die tempel verontreinig sou word, God se waarheid verdraai sou word, en Sy volk onderdruk sou word. En weereens sal die Here kom om Sy heiligdom te reinig.

1. Hoe beskryf Openbaring God se ware kerk?

“n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon” (Openbaring 12:1-2, 5)

NOTA: In Bybelprofesie word God se kerk gesimboliseer deur 'n suiwer, rein vrou (Jeremia 6:2). In Openbaring 12 is hierdie vrou geklee met die son, maan en sterre - die natuurlike lig van God se skepping. Jesus het vir die kerk gesê: "Julle is die lig van die wêreld." Mattheus 5:14. Die son verteenwoordig die lig van Jesus (Psalm 84:12; Maleagi 4:2). Die maan onder haar voete verteenwoordig die tipes en skadu's van die Ou Testamentiese offerstelsel. Soos die maan die lig van die son weerspieël, was die offerstelsel dus nuttig omdat dit die lig van die Messias wat sou kom weerspieël het (Kolossense 2:16-17; Hebreërs 10:1). Die 12 sterre bokant haar kop simboliseer die leierskap van die kerk - 12 stamme in die Ou Testament en 12 apostels in die Nuwe Testament. Die een wat al die nasies sal regeer met 'n ysterstaf is Jesus (Psalm 2:7-9; Openbaring 19:13-16).

2. Wie is die "groot vuurrooi draak" en wat probeer hy doen?

“En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan” (Openbaring 12:9)



“En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het” (Openbaring 12:4)

NOTA: Die draak is Satan, wat in die tyd van Jesus se geboorte deur die heidense Romeinse Ryk gewerk het. Satan het Herodes, ‘n heerser onder die Romeinse-mag, beïnvloed om te probeer om baba Jesus te vermoor deur al die kinders in Bethlehem dood te maak (Mattheus 2:16).

3. Wat gebeur nadat Satan misluk het om Jesus te vernietig?

“en haar kind is weggeruk na God en sy troon” (Openbaring 12:5)

NOTA: Na Sy opstanding het Jesus opgevaar na die hemel en na God se troon (Handelinge 1:9-11), waar Hy buite die bereik van Satan is.

4. Nadat Jesus in die hemel opgevaar het, wat het Satan aan die kerk gedoen?

“En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het” (Openbaring 12:13)

NOTA: Toe Satan nie meer sy haat op Jesus kon uitlaat nie, het hy besluit om Jesus seer te maak deur sy woede teen die kerk te draai.

5. Waar het die vrou tydens hierdie verskriklike tydperk van vervolging gegaan? Hoe lank het dit geduur?

“En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank” (Openbaring 12:6)

NOTA: Die vrou (God se kerk) het gevlug na die woestyn (die afgeleë plekke van die aarde) om van haar vyande weg te kom. Dit is 'n bekende historiese feit dat God se mense gedurende die donker eeue gevlug het na grotte en die eensame plekke van die aarde, insluitende die oewers van Amerika, om godsdienstvryheid en beskerming teen pouslike vervolging te soek. Die 1.260 dae (ook beskryf in die Bybel as 42 maande of drie en 'n half jaar) verwys na die verskriklike 1,260 jaar van vervolging waartydens miljoene gesterf het vir hulle geloof. Gedurende hierdie tydperk was God se kerk lewendig, maar kon dit nie as 'n amptelike, sigbare organisasie geïdentifiseer word nie. (Sien die aanvulling getiteld "Jare van Vervolging.")

6. Wat is twee ander identifiserende kenmerke van God se ware kerk?

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17)

NOTA: God se oorblyfselfkerk, waarin Hy al Sy mense roep, sal God se Tien Gebooie onderhou (insluitende die Sabbat). Dit sal ook die getuienis van Jesus hê, wat die gees of gawe van profesie is (Openbaring 19:10). God noem sy eindtyd-kerk "die oorblyfself" omdat dit identies is in leer en eienskappe aan die apostoliese kerk. 'n "Oorblyfself" is die laaste oorblywende gedeelte van 'n stuk lap. Dit is presies soos die eerste stuk van dieselfde rol lap.

7. Hoe het Jesus gesê moet ons ons liefde vir Hom wys?

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie” (Johannes 14:15)

“Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.” (1 Johannes 5:3)

NOTA: In ons openingsverhaal kon Solomon die ware moeder identifiseer deur haar opregte vertoning van liefde. Op dieselfde manier sal God se ware kerk gesien word deur hulle opofferende liefde en bereidwilligheid om Sy gebooie te gehoorsaam.

8. Watter drie engele boodskappe sal God se eindtydse kerk verkondig?

A. “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (Openbaring 14:7)

B. “En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery.” (Openbaring 14:8)

C. “En ‘n derde engel het hulle gevolg en met ‘n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.” (Openbaring 14:9-10)

NOTA: Hierdie drie engelagtige stellings verteenwoordig die drie dringende boodskappe wat God se kerk sal preek voordat Jesus terugkom.

9. Aan wie sal God se kerk hierdie boodskappe verkondig?

“met ‘n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke”

(Openbaring 14:6)

NOTA: God se eindtyd-kerk sal hierdie groot driepunt boodskap aan elke volk op aarde verkondig.

10. Watter spesifikasies het God in Sy Woord gegee om ons te help om Sy eindtyd-kerk korrek te identifiseer?

A. Dit sal verskyn en sigbare werk doen nadat dit na 1798 uit die woestyn uitgekom het (Openbaring 12:6, 13-17)

B. Dit sal dieselfde waarhede leer wat die apostels geleer het, en al die leerstellings sal met die Bybel saamstem (Openbaring 12:17)

C. Dit sal die Tien Gebooie, insluitend die Bybel Sabbat, hou (Openbaring 12:17)

D. Dit sal die gees van profesie hê (Openbaring 12:17; 19:10)

E. Dit sal met 'n groot, harde stem God se drie eindtyd boodskappe verkondig (Openbaring 14:4-14)

F. Dit sal 'n wêreldwye beweging wees (Openbaring 14:6)

G. Dit sal die ewige evangelie leer, wat verlossing is deur Jesus Christus alleen (Openbaring 14:6)

NOTA: Baie lieflike Christene is lede van kerke wat nie aan die bogenoemde sewe spesifikasies voldoen nie. Maar daardie kerke kan nie God se oorblyfsel wees waarin Hy al Sy opregte kinders roep nie, omdat Sy eindtyd-kerk aan al sewe spesifikasies moet voldoen.

11. Jesus gee jou hierdie sewe profetiese identifikasie-punte en sê dan: "Gaan en vind my kerk." Wat belof Hy met betrekking tot jou soektog?

“soek, en julle sal vind” (Lukas 11:9)

12. Hoeveel kerk-organisasies in die wêreld sal by hierdie sewe punte pas?

“een Here, een geloof een doop” (Efesiërs 4:5)

13. Baie denominasies noem hulleself Christene. Maak dit hulle die ware kerk van God?

“En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleeed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg” (Jesaja 4:1)

NOTA: Brood is 'n simbool van die Woord van God (Johannes 6:35, 51-52, 63) en klere is 'n simbool van geregtigheid (Openbaring 19:8). Die sewe vroue in hierdie profesie het hul eie brood (konsep van waarheid) en wil hul eie klere (geregtigheid) hou. Hulle wil nie die vlekkelose klere van Christus se geregtigheid hê nie. Al wat hulle wil hê, is om die naam van Jesus te gebruik, waarskynlik omdat die Bybel sê: "want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." Handeling 4:12.

14. Sodra 'n mens God se ware eindtyd-kerk ontdek, is dit nodig om 'n lid te word?

“En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is” (Handeling 2:47)

NOTA: Ja, lidmaatskap in God se eindtyd-kerk is noodsaaklik. Let op hoe duidelik God hierdie vraag beantwoord oor lidmaatskap:

- Ons word almal na een liggaam geroep (Kolossense 3:15).
- Die liggaam is die kerk (Kolossense 1:18).
- Ons word deel van die liggaam deur die doop (1 Korintiërs 12:13).



Dit is net so noodsaaklik vandag om deel te word van God se kerk, soos wat dit was om in die ark te gaan in Noag se tyd. Die Here sê: "Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin" Genesis 7:1.

15. Hoeveel maniere om te oorleef was daar in Noag se tyd?

“Deur die geloof het Noag... met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin” (Hebreërs 11:7)

NOTA: Jesus sê dat die tyd net voor Sy wederkoms soos Noag se dag sal wees (Lukas 17:26). Daar sal net een manier wees om te oorleef, net soos daar net een ark in Noag se dag was.

16. Aangesien daar baie getroue Christene in ander kerke is en sedert God slegs een ware oorblyfsel het, wat sal met hierdie opregte Christene gebeur?

“Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder” (Johannes 10:16)

“Geval, geval het die groot Babilon... Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie” (Openbaring 18:2, 4)

NOTA: Jesus sal al Sy getroue, eerlike volgelingse roep om uit Babilon te kom. Hulle sal Sy stem hoor, reageer en deel word van Sy een ware, eindtyd-kerk.

Jou keuse

Jesus roep jou vandag om deel te word van Sy eindtyd-kerk. Jy is baie kosbaar vir Hom. Sal jy nou reageer op Sy uitnodiging?



Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Jare van Vervolging

Die 1260 jaar van verdrukking word herhaaldelik in die Bybel genoem, want dit is histories die ergste wat ooit met God se mense gebeur het (Mattheus 24:21). Dit word na verwys as 1260 dae, 42 maande en drie en 'n half tye, of jare (Openbaring 12:6, 14; 13:5; Daniël 7:25). Wanneer ons die Joodse kalender gebruik, wat 360 dae in 'n jaar gehad het, is al drie gelyk aan dieselfde hoeveelheid tyd - 1260 jaar. Een profetiese dag is gelyk aan een letterlike jaar (Esegiël 4:6; Numeri 14:34).

Geskiedenis toon duidelik dat die pousdom die mag was wat vir 1,260 jaar vervolging uitgeoefen het. Die tydperk het begin in A.D. 538, toe die pouslike mag die belangrikste geword het in Christenskap volgens die bevel van die Romeinse Keiser Justinian. In sy bevel noem hy die biskop van Rome as die hoof van alle kerke. Hierdie brief het deel geword van die Justinian Kode, die fundamentele wet van die regering. Die tydperk het in 1798 geëindig toe Napoleon se generaal, Alexander Berthier, die pous gevangene geneem het. Ten minste 50 miljoen Christene het in hierdie tydperk van vervolging vir hul geloof gesterf.

Drie Belangrike Punte

Drie feite van groot belang vir God se mense word in Openbaring 12:10-12 gevestig. Hierdie feite is:

1. Jesus het Satan, die aanklaer van die broeders, aan die kruis verslaan.
2. Ons almal kan hom oorwin deur die bloed van Jesus en deur ons getuienisse te deel.
3. Die duiwel is kwaad omdat hy weet dat sy tyd kort is. Ons kan nie verwag dat hy homself goed gedra nie. Hy is ons grootste vyand.

Die boodskap is dat Jesus, wat Satan verslaan het, Sy grenslose krag aan ons bied as 'n gratis geskenk. Met Jesus se krag in ons lewens kan ons nie misluk nie. Satan se woede hoef ons nie te beïnvloed nie. Hy is 'n vyand wat reeds verslaan is. Hy was verslaan in die oorlog in die hemel en was uitgegooi. Hy is deur Jesus verslaan by die kruis en het sy heerskappy verloor. Hy sal in oordeel skuldig bevind word, en hy sal weer verslaan word wanneer hy God se heilige stad aanval. Uiteindelik sal hy verslaan word deur hom te verwyder van die oppervlakte van die aarde wanneer hy in die poel van vuur gegooi word. Die wonderlikste van alles is dat Jesus belowe dat Satan verslaan sal word in sy bitter geveg om jou en my te probeer vernietig. Wat 'n geweldige boodskap van hoop van Jesus!

HOOFSTUK 18

Vensters van die Hemel



Genesis 27:1-28

Jakob het nog nooit so moedeloos en alleen gevoel nie - en dit was alleenlik omdat hy selfsugtig en gulsig was. Eerste het Jakob vir Esau, sy oudste tweeling-broer, omgekoop om sy eersgeboortereg te verruil. Toe, met sy ma se hulp, het hy sy blinde vader, Isak, mislei om vir hom die vaderlike seën te gee wat regtig aan Esau behoort het.

Nou het Jakob van die huis af gevlug, deels om te ontsnap van sy broer se moorddadige dreigemente. Hy het sy kop gebuig en gehuil toe

hy dink aan hoe hy al sy planne misluk het. Alleen in die wildernis, met net 'n klip vir 'n kussing en 'n stok vir beskerming, het Jakob probeer rus. Hy het gewonder of hy ooit weer sy ouers sal sien - en of God hom sou vergewe. Hy was uitgeput en het aan die slaap geraak. Nie lank nie het hy homself gevind in die briljante gloed van 'n lewendige droom. Hy het 'n lig soos vuur gesien stroom uit die oop hemel, met 'n pragtige leer van die boonste hemel na die aarde hieronder. Daar was talle glinsterende engele wat op en af teen hierdie leer beweeg het.

Toe het Jakob gehoor hoe die Here uit die hemel spreek en beloof om hom te seën in sy reis. Die Here het ook met Jakob dieselfde verbond bevestig wat Hy met Abraham en Isak gemaak het. Toe hy wakker geword het, het Jakob op sy knieë geval en beloof om sy selfsugtige maniere te verlaat. Hy het belowe: "van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan." Genesis 28:22. God het hierdie belofte aanvaar en die vensters van die hemel so oopgemaak dat toe Jacob 20 jaar later terugkeer huistoe, het hy 'n baie voorspoedige en vrygewige man geword.

1. Waar het Jakob die idee geleer om 'n tiende terug te keer aan God?

“En Melgisédek... wat ‘n priester van God... Toe gee hy (Abraham) hom die tiende van alles” (Genesis 14:18, 20)

NOTA: ‘n Tiende is een tiende van 'n persoon se inkomste. Die woord "tiende" beteken eenvoudig “'n tiende.” Jakob se oupa, Abraham, het 'n voorbeeld gestel baie jare tevore deur 'n tiende aan God se priester Melgisédek te gee.

2. Watter gedeelte van ons inkomste behoort aan God?

“Ook al die tiendes... behoort aan die HERE; dit is heilig aan die HERE” (Levitikus 27:30)



“Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon” (Psalm 24:1)

NOTA: Tegnies behoort 100 persent van alles wat ons het aan God. Maar God vra ons om te erken dat ons glo dat dit alles aan Hom behoort deur 'n tiende, of 10 persent, terug te gee.

3. Wat doen God met ons tiende?

“Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig... die tiendes van die kinders van Israel... gee Ek aan die Leviete as erfdeel” (Numeri 18:21, 24)

“Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe” (1 Korintiërs 9:13-14)

NOTA: In die Ou Testament het God daarop gewys dat die tiendes gebruik word om die Leviete, wat Sy dienaars was, te ondersteun. In 1 Korintiërs 9:13 leer God dat net soos die priesters van ouds uit die tiendes van die tempel betaal is, so moet evangelie-predikers vandag betaal word uit tiende van die kerk.

4. Is die tiende-sisteem deel van Moses se ou wet wat by die kruis geëindig het?

“En Jakob het ‘n gelofte gedoen en gesê... van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes tiendes” (Genesis 28:20, 22)

NOTA: Nee! Beide Abraham en Jakob het lank voor die wet van Moses 'n tiende van hul inkomste aan God gegee. Omdat dit voor Sinai al plaasgevind het, weet ons dat dit nie deel van die seremoniële wet was wat by die kruis geëindig het nie. Die tiende-sisteem is God se plan vir die ondersteuning van die bediening, en dit bly vandag nog geldig.

5. Maar het Jesus nie die tiende-sisteem veroordeel nie?

“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat” (Mattheus 23:23)

NOTA: Nee. Jesus het gesien dat die ellendige Fariseërs individuele blare en klein sade vir tiende uittel in plaas daarvan om dit met die maatemmer na die tempel te neem. Daarom het Hy hulle bestraf omdat hulle so presies was met hulle tiende, terwyl hulle misluk in oordeel, barmhartigheid en geloof. Hy het hulle nie vir hulle teruggee van tiende veroordeel nie, maar omdat hulle die ander groot beginsels van Christenskap ignoreer het. Daarom het Jesus gesê: "Hierdie dinge behoort julle te doen (pratende van tiendes) sonder om die ander na te laat.

6. Watter ongelooflike belofte maak God omtrent tiende?

“Bring die hele tiende na die skathuis... en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërske, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie” (Maleagi 3:10)

NOTA: God sê: "As jy twyfelagtig is, probeer tiende as 'n eksperiment. Toets My, en kyk of Ek nie ook vir jou 'n seën sal gee wat te groot is vir jou om te ontvang

nie." Honderde-duisende tiende-betalers sal vir jou vertel dat dit waar is. Jy kan nie meer gee as God nie!

7. God leer Sy mense om al die tiendes na die skathuis te bring. Wat beteken dit?

“En die hele Juda het die tiendes van koring en mos en olie na die voorraadkamers gebring” (Nehemia 13:12)

NOTA: Die voorraadkamers is die tesourie van God se kerk. (Die Bybel vergelyk "skathuis" met "voorraadkamers.") In Maleagi 3:10, verwys God na die skathuis as "my huis", wat Sy kerk of tempel beteken. Ander tekste wat na die skathuis verwys as die tempel of tempel-skatkis is 1 Kronieke 9:26 (sien marge); 2 Kronieke 31:11-12 (sien marge); en Nehemia 10:37-38. Dit is dus duidelik dat die skathuis God se kerk se tesourie is.

8. Wanneer ons tiende teruggee, wie kry regtig ons geld?

“En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een (Jesus) van wie getuig word dat hy lewe” (Hebreërs 7:8)

“En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kolossense 3:23)

NOTA: Ons moet altyd onthou dat ons nie ons tiendes teruggee aan mense nie, maar aan God. Dit behoort aan Hom. Ons hoef nie bekommer te wees oor hoe die tiende gebruik word as ons dit aan God gee nie. Hy is magtig genoeg om na Sy eie geld te kyk en om mense te straf wat Sy fondse onverantwoordelik bestuur.

9. Behalwe die tiende wat aan God behoort, wat vra Hy nog van Sy mense?

“bring offers en kom in sy voorhowe” (Psalm 96:8)

“Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe” (Maleagi 3:8)

NOTA: Die Here vra ons om vrywillige offergawes te gee as 'n uitdrukking van ons liefde vir Hom en ons danksegging vir Sy seëninge.

10. Hoeveel moet ons as offergawes gee?

**“Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het ‘n blymoedige gewer lief”
(2 Korintiërs 9:7)**

NOTA: Die Bybel noem nie 'n spesifieke bedrag nie. Elke persoon besluit, soos God beïndruk, hoeveel om te gee vir vrywillige offergawes.

11. Watter toets het Adam en Eva misluk wat ons moet slaag as ons verwag om deel te wees van God se koninkryk?

“maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe” (Genesis 3:3)

NOTA: God het vir Adam en Eva gesê dat hulle van die vrugte van al die bome van die tuin mag eet, behalwe een - die boom van die kennis van goed en kwaad. Hulle moes nie van daardie boom eet nie, anders sou hulle doodgaan. God het nie 'n elektriese heining om die boom geplaas nie.

Inteendeel, Hy het dit gelos waar hulle kon uitgaan en die vrugte vat. En hulle het dit gedoen

omdat hulle nie God vertrou het nie. Vandag gee God ons dieselfde toets. Hy sê: "Jy kan al die geld hou wat jy kry, behalwe een tiende. Daardie geld is Myne. Moet dit nie neem nie." Hy los dit egter waar ons kan gaan en dit neem as ons wil. Maar wanneer ons dit doen, herhaal ons die sonde van Adam en Eva. God het nie die vrug van die spesiale boom nodig gehad nie. Dit was 'n toets van hul lojaliteit. Hy het ook nie ons tiende nodig nie. Hy besit alles! Dit is 'n toets van ons liefde, lojaliteit en vertroue.



12. Watter gebod breek ons as ons weier om tiendes en offergawes terug te geer aan God?

“Mag ‘n mens God berooft? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe” (Maleagi 3:8)

“Jy mag nie steel nie” (Exodus 20:15)

NOTA: God sê diegene wat doelbewus ontrou is in tiendes en offergawes is rowers. Dit is sleg genoeg as mense van mekaar steel, maar dit is 'n vreesaanjaende gedagte dat mense sal waag om van God te steel! Dit is ook moeilik om te glo dat mense so laag sal daal om geld te steel wat God aangewys het om die evangelie aan die wêreld te versprei.

13. Wat sê God sal gebeur met diegene wat Hom bewustelik van tiende en offergawes beroof?

“Met die vloek is julle belaaï, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!” (Maleagi 3:9)

“Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korintiërs 6:10)

NOTA: Diegene wat nie getrou is in tiendes en offergawes nie, is vervloek, en as hulle nie verander nie, sal hulle as diewe uit God se koninkryk gesluit word.

14. Waarom is gierigheid en begeerlikheid so gevaarlik?

“Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Lukas 12:34)

NOTA: Gierigheid is dodelik omdat ons harte ons beleggings volg. As my fokus daarop is om meer en meer geld op te bou, sal my hart begerig, selfsugtig en trots word. Maar as my fokus daarop is om God se werk te bevorder, dan sal my hart liefdevol, vrygewig, nederig en vol van omgee wees. Ons harte volg onvermydelik ons skat. Ons moet nooit vergeet dat dit Judas se gierigheid en liefde vir geld was wat hom gelei het om Jesus vir 30 silwerstukke te verrai nie (Mattheus 26:14-16).



15. Hoe dink jy voel Jesus wanneer ons Hom van tiendes en offergawes beroof?

“Daarom het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart.” (Hebreërs 3:10)

NOTA: Jesus voel waarskynlik baie soos 'n ouer wie se kind geld uit sy beursie steel. Om die geld te verloor is nie die groot ding nie. Dit is liever die kind se gebrek aan integriteit, liefde en vertroue wat baie teleurstellend is. Sekerlik wil niemand van ons die hart van ons Verlosser seermaak nie.

16. Watter ander Bybel-beginsels deel God met betrekking tot vrygewigheid?

A. “maar het hulself eers aan die Here gegee” (2 Korintiërs 8:5)

B. “Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste” (Spreuke 3:9)

C. “Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek. Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf” (Spreuke 11:24-25)

D. “Dit is saliger om te gee as om te ontvang.” (Handelinge 20:35)

E. “So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.” (Lukas 12:21)

F. “Gee, en aan julle sal gegee word. 'N Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee” (Lukas 6:38)

G. “moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is” (1 Korintiërs 16:2)

H. “elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die HERE jou God wat Hy jou gegee het.” (Deuteronomium 16:17)

NOTA: Nege tiendes van my inkomste met God se seën sal veel verder gaan as tien-tiendes sonder Sy seën. Terloops, wanneer God die vensters van die hemel oopmaak, is Sy seëninge nie altyd finansieel nie. Hulle mag sulke dinge insluit soos goeie gesondheid, vrede van gemoed, beantwoorde gebede, beskerming, 'n

nougesette en liefdevolle familie, fisiese krag, vermoë om wyse besluite te neem, 'n beter verhouding met Jesus, sukses in siel-redding, 'n ou motor wat aan die gang gehou word, ens. As ons werklik lief is vir Jesus, sal 'n opoffering vir Sy werk nooit 'n las wees nie. Intendeel, dit is 'n seën - 'n heerlike voorreg wat ons met groot vreugde en tevredenheid sal verrig.

17. Wat word verteenwoordig deur die leer wat Jakob in sy droom gesien het?

“van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens” (Johannes 1:52)



NOTA: Jakob het 'n leer gesien wat die hemel met die aarde verbind het, wat die Seun van die mens gesimboliseer het. In Maleági 3:10, sê God dat as ons al die tiendes in die skathuis bring, sal Hy vir ons die vensters van die hemel oopmaak en 'n seën wat ons skaars kan ontvang uitstort! Jesus is daardie seën

18. Wat is die grootste geskenk wat ons aan Jesus kan gee?

“My seun, gee my jou hart, en laat jou oë ‘n welgevalle hê in my weë.” (Spreuke 23:26)

“Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.” (Markus 7:6)

NOTA: Wanneer Jesus ons harte het, dan het Hy ook alle ander dinge in ons lewe.


Jou keuse

Wanneer ons getrou is in tiendes en offergawes, dan word Jesus ons lewensmaat in alles wat ons in die lewe aanpak. Is jy bereid om Hom te nooi om jou lewensmaat te wees deur getrou jou tiendes en offergawes terug te gee?

Antwoord: _____

HOOFSTUK 19

Die Dogter se Dans



Markus 6:17-29

Koning Herodes se vrou, Herodias, het Johannes die Doper gehaat. Die profeet van die woestyn het gewaag om haar 'n egbreekster te noem omdat sy haar man, Filippus, verlaat het om sy bouse, maar ryker, broer te trou. Nou was die goddelose koningin vasbeslote om haar invloed op Herodes te gebruik om Johannes in die moeilikheid te kry. Eerstens het sy hom oorreed om Johannes gevange te neem. Toe het sy gevra om Johannes dood te maak, maar Herodes het geweier. Hy het geweet dat Johannes 'n ware

profeet was en het politieke opstand van die mense gevrees.

Uiteindelik het Herodias 'n skelm plan ontwikkel. Sy het 'n groot fees vir Herodes se verjaarsdag gehou en al sy vriende en edeles uit sy koninkryk genooi. Sy het vir haar pragtige dogter, Salome, gevra om te dans in 'n verleidelike, boeiende styl. Herodias het gehoop dat na Herodes 'n paar glase wyn gehad het, sou hy vir Salome vra watter beloning sy vir haar betowerende dans wou hê.

Haar skelm plan het gewerk. Na Salome se dans het Herodes 'n trotse eed gemaak: "Net wat jy my vra, sal ek jou gee, al was dit ook die helfte van my koninkryk." Markus 6:23. Terwyl die belangrike gaste die vrygewigheid van die koning toejuig, was die meisie gereed met haar antwoord. Toe het sy almal geskok deur te vra vir die hoof van Johannes die Doper op 'n skottel! Herodes was verstom deur die grusame versoek, maar al sy geskokte vriende het gewag vir sy antwoord. Bang dat hy swak sou lyk as hy geweier het, het die trotse koning die bevel gegee. Daardie dag was die magtige profeet Johannes onthoof alleen in die tronk.

Dit was nie die eerste keer dat 'n ma- en dogter-span die regering gebruik om God se volg te vervolg nie.

1. Watter ander ma- en dogter-span het God se mense vervolg in die Ou Testament?

“toe Isébel die profete van die HERE gedood het” (1 Konings 18:13)

“Toe Atália... sien dat haar seun dood was, het sy haar klaargemaak en die hele koninklike geslag omgebring” (2 Konings 11:1)

NOTA: In die Ou Testament was Isébel en haar dogter Atalia bekend om die noordelike en suidelike koninkryke van Israel en Juda te beheer, en om heidense aanbidding op God se volk af te dwing.

2. Wat is die boodskap van die tweede engel in Openbaring 14?

“En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery” (Openbaring 14:8)

NOTA: Openbaring 14 bevat 'n dringende drievoudige boodskap wat die hele wêreld moet bereik voor Jesus se wederkoms. In hierdie les sal ons na die tweede aspek van die boodskap kyk. God se aanklag teen Babilon word gegee omdat sy al die nasies dronk gemaak het met haar bedwelmende wyn. Hierdie les sal 'n paar baie reguit en miskien versteurende boodskappe deel met Katolieke en Protestante gelowiges. Onthou dat die tweede engel se boodskap kom van Jesus, die Een wie ons almal liefhet. Maak jou hart oop vir Sy waarheid, want Sy enigste doel is om jou te red en te seën.

3. Hoe simboliseer God Babilon in Openbaring 17?

“En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde” (Openbaring 17:18)



NOTA: In Bybelprofesie simboliseer 'n vrou 'n kerk. 'n Rein vrou verteenwoordig God se ware kerk soos beskryf in Openbaring 12. 'n Ontroue vrou verteenwoordig 'n kerk wat van die Skrif afgewyk het. Ons kan seker wees wie hierdie gevalle vrou

is, omdat Openbaring 17:18 sê dat sy regeer het toe Openbaring geskryf is. Geskiedenis vertel ons dat dit die heidense Romeinse mag (Lukas 2:1) was wat uiteindelik sy gesag, hoofstad en mag aan pouslike Rome oorhandig het.

4. Watter ander bewyse uit Openbaring 17 bewys dat Babilon na pouslike Rome verwys?

- A. Sy is skuldig aan godslastering (vers 3)**
- B. Sy is in purper en skarlaken aangetrek (vers 4)**
- C. Sy word die Moeder genoem (vers 5)**
- D. Sy het ontroue dogters wat ook geval het (vers 5)**
- E. Sy vervolg en vermoor die heiliges (vers 6)**
- F. Sy sit op “sewe berge” (vers 9)**
- G. Sy regeer oor die “konings van die aarde” (vers 18)**

NOTA: Pouslike Rome pas by elke beskrywing. Die hoofkwartier is in Rome - "die stad van sewe heuwels." Skarlaken is die kleur van die kardinale se klere, en die pous dra dikwels die koninklike kleur van purper by belangrike funksies. Die Roomse Katolieke Kerk erken dit vrylik dat hulle die heiliges vervolg het in die Middeleeue en oor die konings van die aarde geheers het. (Vir bewyse dat die pousdom skuldig is van godslastering, hersien Les 13.) God se simboliek pas perfek - 'n gevalle moederkerk wie se gevalle dogters protesteer het en het dus die naam Protestante gekry. Kyk na hierdie aanhaling van Vader James A. O'Brien: "Die herdenking [van Sondag in plaas van Saterdag] bly as 'n herinnering van die Moederkerk waaruit die nie-Katolieke sektes weggebreek het."¹⁰

5. Hoe vergelyk die diere van Openbaring 13 en 17?

“En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings... en op sy koppe ‘n naam van godslastering” (Openbaring 13:1)

¹⁰ The Faith of Millions (Huntington, IN: Our Sunday Visitor, Inc., 1974), bl. 401.

“ek het ‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings” (Openbaring 17:3)

NOTA: Die dier van Openbaring 13:1-10 en die dier van Openbaring 17 is natuurlik dieselfde. Beide simboliseer hierdie Romeinse krag. Openbaring 17 wys op die kerk-staat koalisie, met die kerk (die gevalle vrou) wat die staat (die dier) bestuur en beheer. Openbaring 13 beeld ook twee diere uit wat ander dwing om te aanbid. Die eerste dier is dieselfde mag as die "moeder van die hoere" beskryf in Openbaring 17. Hierdie les sal binnekort die identiteit van die tweede dier openbaar.

6. Wat is die betekenis en oorsprong van die woord "Babilon"?

“Kom, laat ons vir ons ‘n stad bou en ‘n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik... En die HERE sê... laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar” (Genesis 11:4, 6-7, 9)

NOTA: Die woorde "Babel" en "Babilon" beteken beide "verwarring." Die naam het ontstaan by die Toring van Babel wat gebou was deur uitdagende heidene na die vloed. Hulle het gehoop om dit so hoog te bou dat geen toekomstige vloedwater dit kon bedek nie. Maar die Here het hulle tale verwar, wat so baie chaos geskep het dat die projek gestop is. Babilon het later 'n heidense wêreldryk geword wat God se volk vervolg het. In die boek Openbaring dui die term "Babilon" 'n valse godsdienstige koninkryk aan wat 'n vyand van God se geestelike Israel is.

7. Wanneer God Sy mense vra om Babilon te verlaat, hoe beskryf Hy Babilon?

“En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste... Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.” (Openbaring 18:2-4)



NOTA: God sê dat Babilon geval het en die tuiste van duiwels en bese geeste geword het. Hy waarsku dat haar sondes so aanstootlik is dat Babilon vernietig moet word. God se mense moet vinnig uitkom, anders sal hulle saam met Babilon se plaas vernietig word.

8. Jesus dui herhaaldelik daarop dat Babilon die wêreld dronkmaak met haar wyn. Wat is hierdie wyn?

**“sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels”
(Openbaring 17:4)**

NOTA: Haar wynbeker is vol bedwelmende leuens (Spreuke 12:22), of valse leringe wat mense geestelik dronk maak. Hier is 'n gedeeltelike lys van haar bedrieglike leuens:

- A. Die Tien Geboorte is nie meer bindend nie (sien Les 6).
- B. Sondag heiligheid (sien Les 14).
- C. Geheime wegraping (sien Les 3).
- D. Onsterflikheid van die siel (sien Les 9).
- E. 'n Ewige lyding in die hel (sien Les 10).
- F. Bely jou sondes aan 'n priester (sien Les 13).
- G. Valse doop (sien Les 11).
- H. 'n Verwarring van tale (sien Les 23).

Die hartseer waarheid is dat wanneer Babilon se boodskappe aanvaar word, 'n persoon geestelik dronk word en feitlik nie kan verstaan wat die Bybel regtig sê nie, omdat hierdie valse leerstellings 'n mens se vermoë om die waarheid te verstaan verswak.

9. Watter krag sal die dier in die eindtyd ondersteun?

“En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die

aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is” (Openbaring 13:11-12)

NOTA: Wees voorbereid! Hierdie tweede dier van Openbaring 13 simboliseer die Verenigde State van Amerika. Oorweeg die bewyse:

A. Die tyd wanneer dit ontstaan het.

God het die opkoms van hierdie krag beskryf as omtrent dieselfde tyd wanneer die eerste dier in gevangenskap gaan en sy dodelike wond ontvang (Openbaring 13:10-11). Die Verenigde State van Amerika het ontstaan rondom die tyd dat die pousdom se krag gebreek is aan die einde van die 1260 jaar, wat in 1798 was. Amerika het sy onafhanklikheid in 1776 verklaar, die Grondwet in 1787 gestem, die Handves van Regte aangeneem in 1791, en is duidelik in 1798 as 'n wêreldmag erken.

B. Dit het ontstaan uit die aarde.

Soos ons voorheen bestudeer het, verteenwoordig die waters, waaruit die meeste koninkryke (diere) opgekom het, 'n digbevolkte gebied (Openbaring 17:15). Die aarde verteenwoordig die teenoorgestelde. Die Verenigde State pas hierdie punt perfek omdat dit op 'n vasteland gevestig is waar die bevolking min was.

C. Dit het twee horings soos 'n lam gehad.

In profesie verteenwoordig 'n lam Jesus en 'n horing verteenwoordig krag. Die twee groot horings verteenwoordig Protestante beginsels waarop Amerika gestig is - burgerlike en godsdienstige vryheid. Die stigters van Amerika het gevlug uit Europa om te ontsnap van godsdienstige en politieke vervolging. Hulle het 'n samelewing gevestig op grond van die beginsels van burgerlike en godsdienstige vryheid - "regering sonder 'n koning en godsdiens sonder 'n pous."

10. Volgens die profesie, watter drastiese verandering sal in Amerika plaasvind?

**“het gepraat soos ‘n draak”
(Openbaring 13:11)**



NOTA: Om te praat soos 'n draak beteken dat die Verenigde State, onder die invloed van Satan, die oorspronklike Protestante beginsels van die skeiding van kerk en staat sal verwyder. Daar sal godsdienstige wette wees wat mense dwing om te aanbid in teenstelling met hulle gewete anders word hulle gestraf met ekonomiese sanksies (verse 16, 17) en uiteindelik die dood (vers 15).

11. Watter drie magte sal in die eindtyd teen God se mense verenig word?

“En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom” (Openbaring 16:13)

NOTA: Die draak is Satan (Openbaring 12:9), wat deur heidense godsdienste werk. Die dier van Openbaring 13:1-10 is die pousdom. Die valse profeet in Openbaring 16 is afvallige Protestantisme in Amerika, wat dieselfde mag is as die dier van Openbaring 13:11-17 wat twee horings soos 'n lam het, maar later soos 'n draak sal praat. Dit is die mag wat "groot tekens" doen en "hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen” Openbaring 13:13-14. (Vergelyk dit met die beskrywing van die valse profeet wat in Openbaring 19:20 gegee word.)

12. Sal hierdie diverse organisasies ooit effektief verenig?

“Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God” (Openbaring 16:14)

NOTA: Ja, God sê hulle sal verenig. Let daarop dat hulle verenig is in hul werk om misleiding te versprei en 'n konfederasie te bou teen God se mense. Die "oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" is dieselfde gebeurtenis as die draak wat oorlog maak met die vrou se nakomelinge (Openbaring 12:17).

13. Watter effektiewe metodes sal hierdie eindtydse koalisie gebruik?

“Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen” (Openbaring 16:14)

“Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen” (Openbaring 13:13-14)

NOTA: Hierdie eindtyd-koalisie sal magtige wonderwerke deur die geeste van duiwels werk, en byna die hele wêreld sal oortuig en mislei word (Openbaring 13:3). Openbaring 18:23 sê: "deur jou towery is al die nasies verlei."


14. Wat sal verhoed dat God se eindtyd mense mislei word?

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:20)

NOTA: God se mense sal alles teen die Bybel moet toets. Hulle sal nie mislei word nie, omdat hulle die wonderwerke en leerstellings sal toets om vas te stel of hulle van die Here of van die geeste van duiwels afkomstig is.

Jou keuse

Vandag roep God Sy volk uit Babilon na die veiligheid van Sy oorblyfselkerk. Hy sê dat diegene wie in Babilon bly, sal deelneem aan haar sondes en haar plaë ontvang. In Noag se dae het slegs agt mense die ark ingegaan wat God vir hulle verlossing voorsien het. Al die ander mense het vergaan. Vandag gee Hy Sy oorblyfselkerk as 'n ark van veiligheid, en miljoene kom in. Jesus nooi jou uit "Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin" Genesis 7:1. Sal jy vandag "Ja" sê vir Sy uitnodiging?



Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Hoe Kragtig is die VSA en Rome?

Openbaring hoofstuk 13 wys daarop dat die pousdom en die Verenigde State in die eindtyd sal saamstaan om die hele wêreld te beïnvloed om die dier te aanbid. Is hierdie entiteite kragtig genoeg om dit te bereik?

Die pousdom is verreweg die sterkste geestelike-politieke mag in die wêreld. Byna elke voorste land het 'n amptelike ambassadeur of staatsvertegenwoordiger by die Vatikaan. Die pous word vereer en verwelkom deur feitlik alle lande. Voormalige U.S.S.R leier Mikhail Gorbachev het gesê, "Alles wat plaasgevind het in Oos-Europa in die afgelope paar jaar sou onmoontlik gewees het sonder die pous se pogings en die enorme rol, insluitend die politieke rol, wat hy in die wêreld arena gespeel het."¹¹

Die pous het meer as 50 wêreldreise gemaak om sy doelwit te bereik om die godsdienstige wêreld te verenig onder die pousdom se leierskap teen die einde van hierdie eeu.

Amerika word nou beskou as die nommer een militêre mag en plek van invloed. "[Amerika is] die planeet se enigste oorblywende supermag."¹²

"Amerika se mag sal nou alle belangrike wêreldgebeure bepaal."¹³ Bybel-profesie voorspel duidelik dat die Verenigde State van Amerika en die pousdom hande sal vat, en wêreldgebeure toon duidelik dat die koalisie besig is om te vorm.


¹¹ Toronto Star, March 9, 1992, bl. A-1.

¹² "The UN Obsession," Time, Mei 9, 1994, bl. 86.

¹³ Jim Hoagland, "Of Heroes ...," The Washington Post, August 21, 1991, bl. A-23.

HOOFSTUK 20

Tien Keer Wyser



Daniël 1:1-21

Toe koning Nebukadnésar die stad Jerusalem beleër het, was duisende Jode in ballingskap weggevoer na Babilon. Die koning het sy dienaar, Aspenas, beveel om begaafde jongmanne uit die gevangenes van die Joodse volk te kies wat drie jaar na die paleis sou gaan om die taal en wysheid van Babilon te leer sodat hulle die koning kon dien.

Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja het die aandag van Aspenas gevang en is na die paleis van die koning geneem. Maar daar was 'n probleem. Die koning se spyskaart vir die jongmanne wat baie vleis

en wyn bevat het, het baie items gehad wat deur God se Woord verbied word.

Sonder om ondankbaar te lyk, het Daniël gevra of hy en sy drie vriende 'n vegetariese dieet kan kry om te eet en net water om te drink. Aanvanklik het die koning se dienaar hul versoek afgekeer. "Julle kan nie gesond bly deur so te eet nie!" het hy uitgeroep. "Julle sal siek word, en dan sal die koning my doodmaak." Maar Daniël het volgehou en 'n proeftydperk van 10 dae voorgestel waarna hul fisiese gesondheid vergelyk kon word met die ander jong manne wat die koning se kos geëet het.

Aspenas het die plan goedgekeur, en vir 10 dae het die vier jong Hebreërs water gedrink en 'n eenvoudige vegetariese dieet geëet. Aan die einde van Daniël en sy vriende se proeftydperk "het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het." Daniël 1:15.

Drie jaar later is hierdie vier jong manne deur koning Nebukadnésar getoets, en dit is verklaar dat hulle 10 keer wyser was as al die wyse manne in Babilon. Die Bybel vertel ons dat Daniël ongeveer 100 jaar oud geword het. Wat het Daniël en sy vriende gehelp om so 'n diepgaande wysheid, gesondheid en lang lewe te hê?

1. Wat was die oorspronklike dieet wat God vir mense ontwerp het?

“Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees” (Genesis 1:29)



NOTA: Die woord "voedsel" hier beteken eenvoudig "kos."

2. Nadat Adam en Eva gesondig het, watter addisionele kos het God by hulle dieet gevoeg?

“en jy sal die plante van die veld eet” (Genesis 3:18)

NOTA: Die oorspronklike dieet vir die mens was 'n vegetariese dieet van vrugte, grane en neute. God het groente by Adam en Eva se dieet gevoeg nadat hulle gesondig het en nie meer van die boom van die lewe kon eet nie.

3. Is God bekommerd oor ons fisiese gesondheid?

“En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees” (Mattheus 4:23)

“Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes 1:2)

NOTA: Die Bybel leer dat ons fisiese gesondheid uiters belangrik is vir God. Jesus het soveel tyd met genesing spandeer as wat Hy prediking gedoen het. Daar is verskeie Bybelbeginsels wat ons kan volg om ons gesondheid te verbeter en ons lewens te verleng.

4. God het die kinders van Israel belowe dat as hulle Hom sou dien en gehoorsaam, dan sou Hy al die siektes van hulle verwyder. Het Hy Sy belofte gehou?

“Toe het Hy hulle laat uitgaan... en onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie” (Psalm 105:37)

NOTA: Verbeel net! Toe God se mense in die beloofde land gekom het, was daar nie een siek of swak persoon in die hele volk nie.

5. Hoekom is ons gesondheid so belangrik vir God?

“julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees... Verheerlik God dan in julle liggaam” (1 Korintiërs 6:19-20)

“dat julle jul liggame stel as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.” (Romeine 12:1)

NOTA: God wil hê ons liggame moet sy heilige woonplek wees. Daarom moet ons kies om dit 'n gesonde woonplek te maak vir Hom.

6. Wat is 'n goeie Bybelreël vir 'n gesonde lewe?

“Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God” (1 Korintiërs 10:31)

NOTA: Ons moet daarna streef om so te lewe dat al ons gewoontes, selfs was ons eet en drink, God sal verheerlik.

7. Moet Christene alkoholiese drank gebruik?

“Die wyn is ‘n spotter, en sterk drank ‘n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie” (Spreuke 20:1)

NOTA: Alkoholiese drank word duidelik deur die Skrif verbied. Die woord "wyn" in die Bybel kan of gefermenteerde of ongefermenteerde druiwesap. Dieselfde geld vir die woord "cider" vandag. Spreuke 23:29-32 gee die Bybel se beskrywing van gefermenteerde wyn, en God sê dat ons nie eers daarna moet kyk nie! Die enigste wyn wat Christene kan gebruik, is nuwe wyn, wat ongefermenteerde, soet druiwesap is.

8. Wat sal God doen aan diegene wat hulle liggame verontreinig?

“dat julle ‘n tempel van God is... As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend” (1 Korintiërs 3:16-17)

“Jy mag nie doodslaan nie.” (Exodus 20:13)

NOTA: Enige bestanddele, middels of ongesonde aktiwiteite wat die liggaam beskadig of 'n mens se lewe verkort, moet opsy gesit word. Stadige selfmoord is steeds selfmoord. Dit sluit skadelike middels in (soos tabak in al sy vorms) en baie gewilde drankies wat 'n gewilde, maar hoogs nadelige dwelm, genaamd kafeïen bevat. God sê dat Hy mense sal vernietig wat bewustelik hulle liggaam tempels verwoes.

9. Watter soogdiere mag die mens eet volgens God?

“Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou dit mag julle eet” (Levitikus 11:3)

NOTA: Om dinge vir ons eenvoudig te maak, het God alle lewende wesens in een van twee kategorieë geplaas: rein (skoon) en onrein (vuil). Hy laat ons toe om die wat skoon is te eet, maar beveel ons dat die onrein diere nie geëet mag word nie. Alle soogdiere wat rein (skoon) is, het twee eienskappe. Hulle moet (1) gekloofde (gesplitste) hoewe (kloue) hê, en (2) herkou. Byvoorbeeld, 'n vark het gekloofde hoewe, maar herkou nie, so dit is onrein.

10. Watter tipes vis en seekos is skoon?

“Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die seë en in die riviere dit mag julle eet” (Levitikus 11:9)

NOTA: Die meeste visse is skoon vir kos. Maar die paling, haai en katvis is egter uitsonderings. Alle wesens in die water wat nie albei vinne en skubbe het nie is onrein en moet nie geëet word nie. Voorbeelde hiervan is skulpvis, skilpaaie, paddas, garnale, oesters, ens.


11. Watter voëls is onrein?

“elke kraai volgens sy soorte; en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk volgens sy soorte” (Levitikus 11:15-16)

NOTA: Die lys in Levitikus 11 dui aan dat roofvoëls, aasvoëls en viseters onrein is. Maar al die voëls soos kwartels, hoenders en kalkoene is rein (skoon).

12. Is die wette oor rein (skoon) en onrein diere deel van Moses se seremoniële wet wat by die kruis geëindig het?

“Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin... Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem... maar van die diere wat nie rein is nie, twee” (Genesis 7:1-2)



NOTA: Nee, God se kategorieë van rein (skoon) en onrein diere bestaan al sedert die skepping. Noag was beveel om skoon diere by die sewes in die ark te bring en onrein diere slegs twee. Dit was lank voor Moses se wet.

13. Sê God dat om onrein voedsel te eet 'n ernstige oortreding is?

“Want kyk, die HERE sal kom in vuur, en sy waens soos ‘n stormwind, om in hittigheid sy toorn te openbaar... Die wat hulleself heilig en hulleself reinig... wat varkvleis eet en verfoeisels en muise—almal saam sal hulle tot niet raak, spreek die HERE” (Jesaja 66:15, 17)

NOTA: Ja! Die Bybel is te eenvoudig en duidelik om verkeerd te verstaan. By Sy wederkoms sal die Here diegene vernietig wat weet wat Sy Woord vereis, maar nog varkvleis en ander onrein voedsel eet.

14. Wat is 'n goeie basiese gesondheidsreël vir Christene?

“En elkeen wat aan ‘n wedstryd deelneem, onthou hom in alles” (1 Korintiërs 9:25)

NOTA: Selfbeheersing beteken om dinge wat skadelik is heeltemal te vermy en om dit wat goed is matig te gebruik.

15. Is die Bybel se gesondheids-beginsels vandag nog prakties?

A. Kwarantynprosedures beheer aansteeklike siektes (Levitikus 13:46)

B. Menslike liggaam afval moet begrawe word (Deuteronomium 23:12-13)

C. Om die liggaam en klere te was beheer kieme (Levitikus 17:15-16)

- D. 'n Morele lewensstyl verhoed seksuele siektes (Levitikus 18; Spreuke 5:1-12; Kolossense 3:5-6)**
- E. Diervet moet nie geëet word nie (Levitikus 3:17; 7:22-24)**
- F. Haat en bitterheid is nadelig vir jou gesondheid (Levitikus 19:17-18; Spreuke 15:17; Hebreërs 12:14-15)**
- G. Ooreet is skadelik (Spreuke 23:2)**
- H. Ons liggame benodig behoorlike rus (Psalm 127:2; Markus 6:31)**
- I. Die belangrikheid van werk (Exodus 20:9-10; 2 Tessalonisense 3:10)**
- J. 'n Positiewe ingesteldheid is goeie medisyne (Spreuke 17:22; 1 Timotheüs 6:6)**
- K. Ouers se gewoontes affekteer die kinders (Deuteronomium 12:25; Exodus 20:5)**

NOTA: Die gesondheids-wette wat God duisende jare gelede aan Sy mense gegee het, was wetenskaplik ver voor hulle tyd. Net in onlangse jare het ons werklik besef hoe groot die voordele is wat hulle bied!

16. Sal mense in die hemel diere doodmaak en eet?

“hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE” (Jesaja 65:25)

“en daar sal geen dood meer wees nie” (Openbaring 21:4)

NOTA: Al wat Adam en Eva verloor het toe sonde ingekom het, sal herstel word in God se nuwe koninkryk, insluitende die oorspronklike vegetariese dieet. Daar sal geen diere in die nuwe aarde geslag of verslind word nie.

17. Hoe kan ek dieet en gesondheids-veranderinge maak wat die Here sal behaag?

“hulle sal daarnatoe kom en al sy verfoeisels en al sy gruwels daaruit verwyder. En Ek sal hulle een hart gee, en ‘n nuwe gees in julle binneste gee... sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen” (Esegiël 11:18-20)

NOTA: Wanneer ons besluit om God se gesondheids-wette te gehoorsaam, plaas Hy 'n nuwe gees in ons wat ons die krag gee wat nodig is om gesond te lewe (Johannes 1:12).

Jou keuse

God het Daniël en sy vriende vereer omdat hulle Sy gesondheids-wette behou het, wat 'n baie belangrike deel van die Christelike lewe is. Is jy bereid om die gesondheids-beginsels in God se Woord te volg en jou liggaam aan te bied as 'n heilige tempel waar Sy Gees kan woon?

Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.



Petrus se Visioen Verduidelik

Baie het probeer om Petrus se visioen van die groot laken te gebruik (Handelinge 10:9-28) om te regverdig om onrein diere te eet. Hulle sê dit bewys dat Jesus Sy dissipels geleer het dat dit aanvaarbaar was om enige lewende wese te eet.

Maar elke keer as die laken afgekom het en Petrus gevra was om die onrein diere dood te maak en te eet, het hy gereageer, "Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie." Handelinge 10:14. Let daarop dat selfs na drie en 'n half jaar van die onderrig van Jesus, het Petrus nie die geringste wenk of indruk gehad dat onrein voedsel toelaatbaar was om te eet nie. Dit is ook interessant om daarop te let dat Petrus in sy visioen nooit iets geneem en geëet het nie.

Petrus se visioen van die laken was nooit bedoel om die eet van onrein diere te heilig nie. Petrus verduidelik self die betekenis van die visioen in vers 28: "God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie". Weer in vers 34 het Petrus die punt van die visioen opgesom toe hy gesê het: "Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie"

God se boodskap aan Petrus het te doen gehad met die skoonmaak van mense, nie diere nie. Hierdie visioen is gegee om die Joodse dissipels te wys dat hulle nie die heidene onrein moet noem nie en dat die evangelie vrylik aan al die mense van die wêreld verkondig moes word.

Maak gebed voedsel rein (skoon)?

Die waarskuwing in 1 Timotheüs 4:1-5 teen 'n eindtyd afvalligheid behels 'n aantal dwaalleer -die volg van duiwels, verbied om te trou en beveel om van sekere kosse te onthou. Miskien het die grootste misverstand ontstaan oor vers 4, waar daar gestel word dat "alles wat deur God geskape is, is goed." Hierdie vers beteken dat elke geskape ding vir 'n doel gemaak is. Maar sommige veronderstel dit beteken dat elke dier rein is om geëet te word as dit ernstig oor gebed word en geseën word deur die gebed van danksegging. Dit sou beteken dat as daar oor 'n aasvoël, kakkerlak, mol of vlermuis gebed word, dan sal dit goed wees vir kos. So 'n interpretasie sal absurd en gevaarlik wees. "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" Galasiërs 6:7.

Om te verhoed dat ons enige verkeerde gevolgtrekkings maak, het Paulus gou gehaas om by te voeg: "want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed" Vers 5. Die Woord van God moet dit eers goedkeur, en dan sal die gebed van danksegging dit heilig wat geëet word.

Dit is handig om daarop te let dat die woord "voedsel" nie beperk is tot vleis nie. Die Griekse woord "broma" beteken eenvoudig "kos." Ons kan weet dat Paulus se bespreking nie die Bybel se onrein diere betrek nie, omdat die voedsel wat sommige verbied het, voedsel was "wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken" Vers 3.

Dit is maklik om in die Skrif 'n beskrywing te kry van die voedsel wat God geskep het om met danksegging gebruik te word (Genesis 1:29; 3:18; Levitikus 11:1-22). Hierdie gedeelte is geskryf aan diegene "wat die waarheid ken" en glo. Slegs diegene wat Sy Woord glo en ken sal gelei word tot die dinge wat geheilig word en geskep is "om met danksegging gebruik te word". Diegene wat hulself heilig maak terwyl hulle onrein vleis eet sal vernietig word by Christus se wederkoms (Jesaja 66:15-17).

HOOFSTUK 21

‘n Stem in die Woestyn



Mattheus 3:1-12

Jesus het gesê: “onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie” Mattheus 11:11. Wat weet ons van hierdie eensame man wie Jesus die grootste van die profete genoem het?

Toe Johannes in die woestyn van Judéa begin preek het, het mense myle gereis om na hierdie kragtige, vreeslose en nederige boodskapper te luister. In sterk kontras met die godsdienstige leiers van die dag, was sy heilig en eenvoudig. Terwyl die priesters luukse klere gedra het, het Johannes 'n beskeie kleed van

kameelhare met 'n leer belt gedra. Terwyl hulle besig was met hulle feeste, was John besig om te vas of om karob peule en wilde heuning te eet. Hy het geweier om enige wyn of sterk drank te drink, sodat hy met die Gees van God gevul kon word (Lukas 1:15). In plaas van versierde sinagoges het Johannes die riviere en klipperige dale gekies as sy katedraal vir prediking. Mense het begin vra: "Kan hierdie man Elia wees?"

Johannes was geklee soos die Ou Testamentiese profeet, maar hy was nie 'n reïnkarnasie van Elia nie. Die engel Gabriël het aan Johannes se ouers verduidelik voor sy geboorte dat hy sal “gaan in die gees en die krag van Elía... om vir die Here ‘n toegeruste volk te berei” Lukas 1:17.

Die geheim van Johannes se bediening was dat hy dieselfde krag van die Heilige Gees sou hê soos Elia om 'n herlewing onder God se mense te bring. Sy spesiale werk was om mense te lei na bekering vir sonde en om hulle voor te berei vir Jesus se eerste koms.

Die Bybel sê daar sal 'n hele leer van Elias en Johannes die Dopers in die laaste dae wees om 'n soortgelyke werk van voorbereiding te doen in die wêreld vir Jesus se wederkoms. "Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek." Maleagi 4: 5. (Sien ook Joël 2:28-31.)

1. Wat was een geheim van Johannes se Geesvervulde lewe?

“antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie” (Lukas 3:16)

“Hy moet meer word, maar ek minder.” (Johannes 3:30)

NOTA: Die Geesvervulde lewe van Johannes die Doper is gekenmerk deur ongewone nederigheid. Daar was 'n direkte konneksie tussen Johannes se kragtige bediening en die volledige oorgawe wat hy aan die Here gemaak het. Dit was Johannes se grootste vreugde om ander eerder na Jesus te wys as na homself. Alles wat hy gedoen het was daarop gemik om eer tot God se Naam te bring.

2. Het Johannes die Doper die Skrif gelees?

“Hy antwoord: Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit! soos Jesaja, die profeet, gesê het” (Johannes 1:23)

NOTA: Ja! Johannes het uit die Ou Testament aangehaal as bewys dat hy 'n goeie begrip van die Skrif gehad het. Die Bybel vertel ons ook dat Johannes sy dissipels geleer het om gereeld te vas en te bid (Mattheus 9:14). Dit is nog 'n getuigenis van sy diep liefde vir die Here. Net so, deur ons persoonlike gebedslewe en Bybelstudie, kan ons God leer ken en liefhê, en ook Sy Gees ontvang.

3. Was Johannes die Doper bereid om vir Jesus te getuig?

“Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Johannes 1:29)

NOTA: Van nature was Johannes 'n eensame siel (Lukas 1:80). Tog was hy bereid om gespot te word en selfs sy lewe op die spel te lê om mense na Jesus as Verlosser van die wêreld te wys. Op dieselfde manier sal diegene wat die Here vandag waarlik liefhet, bereid wees om vrees en gerief eenkant te stel om vir Jesus te getuig.

4. Was die reguit prediking van Johannes gewild onder die politieke en godsdienstige leiers?


“Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie” (Lukas 7:30)

“Maar toe Herodes, die viervors, deur hom bestraf is... oor al die slegte dinge wat Herodes gedoen het, het hy by alles nog dit gevoeg, dat hy Johannes in die gevangenis opgesluit het.” (Lukas 3:19-20)

NOTA: Johannes het vrymoediglik uitgespreek teen die gewilde sondes van die dag wat selfs deur die godsdienstige leiers beoefen was. God se eindtyd-boodskap van bekering en heiligheid sal ook onder die meeste van die gerespekteerde politieke en kerkleiers ongewild wees, maar dit sal Bybels wees.

5. Wat leer die Bybel oor die dra van juweliersware en luukse klere?

“So ook moet die vroue [en natuurlik die mans] hulle versier met behoorlike kleding... nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie” (1 Timotheüs 2:9)



“Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ‘n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.” (1 Petrus 3:3-4)

“In dié dag sal die HERE wegneem die sieraad van die voetringe en die sonnetjies en die maantjies; die oorversiersels en die armbande en die sluiers; die hoofversiersels en die voetkettinkies en die pronkgordels en die reukflessies en die towermiddels; die vingerringe en die neusringe” (Jesaja 3:18-21)

NOTA: Johannes die Doper het eenvoudige, beskeie klere gedra - 'n goeie voorbeeld vir Christene om te volg. Die gewilde, seksueel suggestiewe modes van vandag moedig 'n groot mate van versoeking en skuld aan. God se plan is nie dat ons swak aantrek nie, maar onnodige duur, flamboyante of oordrewe klere behoort nie deel te wees van 'n Christen se klerekas nie. Alhoewel die dra van juweliersware algemeen in die wêreld aanvaar word, het dit 'n negatiewe beeld in die Skrif. Jy mag dalk nie al die items in Jesaja 3:18-23 ken nie, maar mense in ander dele van die wêreld doen. Baie van hierdie heidense ornamente verskyn nou ook in die Westerse kultuur.

6. Was daar 'n konneksie tussen Johannes se Geesvervulde lewe en sy eenvoudige dieet?

“En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees” (Lukas 1:15)

NOTA: Christene moet heeltemal wegbly van alle gefermenteerde drankies om hul gedagtes duidelik te hou en om die Gees van God duidelik te hoor (Spreek 23:31-32; Habakkuk 2:15; 1 Petrus 5:8).

7. Waarom is God bekommerd oor wat ons eet en drink?

“Ky, jy sal swanger word en ‘n seun baar; drink dan nou geen wyn of sterk drank nie, en eet niks wat onrein is nie; want die seun sal ‘n nasireër van God wees van die moederskoot af tot die dag van sy dood toe” (Rigters 13:7)

“Of weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het” (1 Korintiërs 6:19)

NOTA: Daar is 'n direkte konneksie tussen wat ons eet of drink, en ons geestelike helderheid, ons vermoë om versoeking te weerstaan en kapasiteit om tussen reg en verkeerd te onderskei. Alles wat 'n Christen doen - insluitend wat hy eet en drink - moet gedoen word tot verheerliking van God (1 Korintiërs 10:31).

8. Wat sê die Bybel oor wêreldse gedrag?

“Wie dan ‘n vriend van die wêreld wil wees, word ‘n vyand van God” (Jakobus 4:4)

**“Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem”
(2 Korintiërs 6:17)**

“As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.” (1 Johannes 2:15)

“En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.” (Romeine 12:2)

NOTA: Die Here roep vandag Sy volk om voorbeeldige lewens te lei, aangesien hulle ander moet help om voor te berei vir Jesus se wederkoms.

9. Wat moet 'n Christen kies om aan te dink?

**“Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is— watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit”
(Filippense 4:8)**

“Ek stel geen lae ding voor my oë nie” (Psalm 101:3)

NOTA: Johannes die Doper het die volk beveel om weg te bly van alle geweld (Lukas 3:14). Vir ons sal dit die kyk van geweld as 'n vorm van vermaak insluit. Jesus het geleer dat sondes van seks en geweld ontstaan in die gedagtes en houdings (Mattheus 5:22, 28). Daarom moet 'n Christen enige TV-programme, video's of leesmateriaal vermy wat onrein gedagtes aanmoedig.

10. Watter tipe musiek sal 'n ware Christen geniet?

“En Hy het ‘n nuwe lied in my mond gegee, ‘n lofsang tot eer van onse God.” (Psalm 40:4)

“En net wanneer daar ‘n gees van God oor Saul kom, neem Dawid die siter en speel met sy hand; dan voel Saul verlig en word beter, en die bose gees wyk van hom.” (1 Samuel 16:23)

NOTA: Dit is duidelik dat 'n groot meerderheid van die populêre musiek in die wêreld ons nie geestelik help nie. Dit vernietig ons begeertes na hemelse dinge en versterk dikwels die laer natuur. Maar musiek kan 'n geweldige krag vir goed wees. Toe Koning Saul gepynig was deur 'n bese gees, het die strelende musiek van Dawid se harp hom vernuwe en die bese invloed weggedryf.

11. Is dans goeie ontspanning vir 'n Christen?

**“Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het”
(1 Johannes 2:6)**

**“en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe”
(Titus 2:12)**



NOTA: Die meeste van die gewilde kontemporêre danse word geassosieer met wêreldse musiek en het 'n baie sterk seksuele klem. In byna enige situasie moet ons vra, "Wat sal Jesus doen?" Ek dink almal stem dat ons Verlosser nie Sy redeneringsvermoë sou los om Sy liggaam en ledemate te swaai na die ritme van 'n gesinkopeerde ritme nie.

12. Sal 'n Christen die lotto speel of dobbel?

“Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle ewels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” (1 Timotheüs 6:10)

“het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.” (2 Tessalonisense 3:10)

“ ‘n Betroubare man is ryk aan seëninge; maar hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie.” (Spreuke 28:20)

NOTA: Om te dobbel kan net so verslawend wees soos baie dwelms. Sommige het al hulle gesin se besparings by casino's of op staat lottokaartjies gemors. Die meeste "word vinnig ryk" skemas word geassosieer met onnodige risiko, onbillike pryse en twyfelagtige etiek.

13. Wat moet vandag die doel van God se mense wees?

“omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom”
(1 Johannes 3:22)

“Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense.”
(Prediker 12:13)

NOTA: 'n Persoon kan nie leef soos hy wil en dan uiteindelik gered word in God se koninkryk nie. Dit is een rede waarom Jesus na die aarde gekom het - om ons 'n voorbeeld te gee van 'n heilige lewe (1 Petrus 2:21).

14. Wat maak dit maklik om God te gehoorsaam in die lewenstylsake wat bespreek word in hierdie les?

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie” (Johannes 14:15)

“Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3)

“Ek het lus, o my God, om u welbehag te doen, en u wet is binne-in my ingewande” (Psalm 40:9)

15. Waarom is die Christelike lewe so 'n hoë roeping?

“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig”
(1 Petrus 2:9)

NOTA: As ambassadeurs vir Jesus het Christene wel 'n hoë roeping! Johannes die Doper het mense gehelp om voor te berei vir Jesus se eerste koms, en God het vandag Sy volk geroep om heilige lewens te leef, aangesien hulle ander help om voor te berei vir Jesus se wederkoms.


Jou keuse

Is jy bereid om 'n unieke "stem in die woestyn" te wees en om ook deur 'n goddelike lewenstyl te getuig om ander voor te berei vir Jesus se wederkoms? **Antwoord:** _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Ambassadeurs vir Christus



Wanneer 'n persoon 'n Christen word, word hy of sy as 'n ambassadeur van 'n beter koninkryk aangewys. Die Bybel sê: " Ons tree dan op as gesante om Christus wil" 2 Korintiërs 5:20.

Die woordeboek definieer 'n ambassadeur as 'n diplomatieke amptenaar van die hoogste rang aangestel en geakkrediteer as verteenwoordiger deur een regering of soewereine aan 'n ander, gewoonlik vir 'n beperkte tyd. "


Ambassadeurs is net so belangrik in die geestelike wêreld as wat hulle in die politieke wêreld is. Burgers van die koninkryk van die hemel is nie soos die burgers van hierdie wêreld nie. Ons is in hierdie wêreld gestuur om te demonstreer wie Jesus is en hoe Sy karakter is. Deur die Heilige Gees, word ons Sy verteenwoordigers - om Sy beeld in alles te weerspieël vanaf die manier waarop ons praat en werk na die manier waarop ons eet en aantrek. Met ander woorde, wanneer ons deel word van God se geestelike koninkryk, moet ons lewende demonstrasies wees van die regering wat ons verteenwoordig. In 2 Korintiërs 3:18 sê die Skrif dat "ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is."

Ons, die Kerk, is die hande en voete, die oë en die mond, en ja, selfs die ore van Jesus in die wêreld vandag. Ons is die liggaam van Christus (Efesiërs 1:22-23; 5:29-30; Kolossense 1:18). Voordat Hy opgevaar het na die hemel, het Jesus vir ons gesê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Johannes 20:21.

Elke faset van ons lewens moet 'n weerspieëling wees van die lewe en persoon van Jesus. "Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik." Matteus 5:16.

HOOFSTUK 22

Toets Die Profete



1 Konings 22:1-40

Agab, die goddelose koning van Israel, wou die stad Ramot in Gílead van die Arameërs terugneem. Maar hy het hulp nodig gehad, en het toe vir die goeie koning Josafat van Juda gevra om by sy veldtog teen hul gemeenskaplike vyand aan te sluit. Josafat het gesê dat hy bereid was om saam met Agab te werk, maar dat hulle eers God se raad moes soek.

Agab het die Here al jare vroeër verlaat om die heidense god Baäl te aanbid, daarom het hy 400

gehuurde profete geroep om die twee konings te kom sien. Met 'n dramatiese vertoning het hierdie valse profete gesê: "Gaan en veg teen die Arameërs en julle sal hulle oorwin!" Maar koning Jósafat het gevra om van 'n ware profeet van die Here te hoor. Agab het gesê dat daar een een profeet van die HERE oor was met die naam Miga, maar hy het bygevoeg: "maar ék haat hom, omdat hy oor my niks goeds profeteer nie, maar onheil" Vers 8. Omdat Jósafat gevra het, het Agab 'n dienaar gestuur om Miga te gaan haal. Die dapper profeet het gekom en 'n baie ongewilde voorspelling gemaak. Hy het aan Agab gesê dat hy in die geveg met die Arameërs sou sterf. Nou het Agab 'n moeilike besluit gehad. Moet hy 400 profete glo wat mooi dinge sê, of 'n enkele profeet van die Here?

Die hardkoppige koning Agab het Jósafat oorreed om die waarskuwing van die profeet Miga te verontagsaam en saam hom na die oorlog te gaan. Hy het gedink dat hy slimmer as die Here kan wees deur 'n volle wapenrusting aan te trek en die voorste lyne van die oorlog te vermy. Maar Agab het te laat geleer dat jy nooit die Woord van God kan ontvlug nie. Tydens die geveg, het 'n verdwaalde pyl wat deur die lug gevlieg het Agab in die opening van sy wapenrusting getref, en hy het dood gebloei in sy wa.

Jesus het gewaarsku dat daar baie valse profete in die laaste dae sal wees (Mattheus 24:11). Dit is waarom ons moet weet hoe om te onderskei tussen die ware en die vervalsing. Dit mag 'n saak van lewe of dood wees!

1. Aan wie openbaar die Here Sy finale planne?

“Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie” (Amos 3:7)

2. Sal daar in die laaste dae ware sowel as valse profete wees?

**“En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei”
(Mattheus 24:11)**

“En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profiteer” (Handelinge 2:17)

NOTA: Ja, daar sal in die laaste dae ware sowel as valse profete wees. Die Skrif leer ook dat profete manne of vroue kan wees.

3. Watter tipe valse profete word spesifiek in die Bybel veroordeel?

A. “Daar mag niemand by jou gevind word... wat met waarsêery... omgaan nie” (Deuteronomium 18:10)

B. “Daar mag niemand by jou gevind word... wat met... goëlery... omgaan nie” (Deuteronomium 18:10)

C. “Daar mag niemand by jou gevind word wat... met verklaring van voortekens... omgaan nie” (Deuteronomium 18:10)

D. “Daar mag niemand by jou gevind word wat... met... towery omgaan nie” (Deuteronomium 18:10)

E. “of wat met besweringe omgaan” (Deuteronomium 18:11)

F. “of wat ‘n gees van ‘n afgestorwene vra” (Deuteronomium 18:11)

G. “of ‘n gees wat waarsê” (Deuteronomium 18:11)

H. “of wat die dooies raadpleeg” (Deuteronomium 18:11)

NOTA: Deuteronomium 18:9-12 sê dat almal wat hierdie dinge doen, 'n gruwel is vir die Here. Vir hierdie rede moet Christene niks met hulle werke te doen hê nie.

4. Sal God se eindtyd-kerk die gawe van profesie hê?

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17)



“Ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.” (Openbaring 19:10)

NOTA: Soos ons in Les 17 geleer het, het God se eindtyd-oorblyfselkerk "die getuienis van Jesus", wat "die gees van die profesie" is. Deur Openbaring 19:10 en 22:9 te vergelyk, sien ons dat die engel Johannes se "broeders" wat die gees van profesie het definieer as "die profete" en "hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar." In 1 Korintiërs 1:5-8 skryf Paulus dat die kerk “die getuienis aangaande Christus” sal hê en sal "in geen enkele genadegawe agterstaan” tot Jesus se wederkoms nie. God se eindtyd-oorblyfselkerk sal interdaad nog die gawe van profesie hê.

5. Op watter maniere praat God met 'n ware profeet?

“As julle profeet van die HERE is, sal Ek deur ‘n gesig My aan hom bekend maak, deur ‘n droom sal Ek met hom spreek. Mond tot mond spreek Ek met hom” (Numeri 12:6, 8)

“En die engel wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos ‘n man wat uit die slaap opgewek word.” (Sagaria 4:1)

NOTA: Die Here praat met Sy profete deur visioene, in drome, van aangesig tot aangesig, en deur engele. Kristalballe, palmlesings, teeblaar ontsyfering, sterre kyk, en om met die dooies te probeer praat, is nie God se metodes om met 'n profeet te kommunikeer nie.

6. Is wonderwerke definitiewe bewyse van 'n ware profeet?

“Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld” (Openbaring 16:14)

NOTA: Nee, wonderwerke is nie 'n bewys dat iemand 'n ware profeet is nie. Hulle bewys net een ding - bonatuurlike krag. Bonatuurlike krag kan óf van God of van Satan kom. Daarom sê die Here vir ons: “Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.” 1 Johannes 4:1.



7. Wat is die belangrikste toets van 'n profeet?

“Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:20)

NOTA: Die "wet en die getuienis" was 'n Ou Testamentiese uitdrukking vir “die Bybel”. Met ander woorde, 'n boodskap van iemand wat sê dat hy/sy 'n profetiese uitspraak van God het, moet vergelyk word met die Bybel. Ons moet die profeet deur die Bybel toets, en nie die Bybel deur die profeet nie. Enige ware profeet van God sal altyd 100 persent saamstem met die Skrif. Dit is die ware toets.

8. Wat is die tweede toets van 'n profeet?

“Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God” (1 Johannes 4:2)

NOTA: 'n Profeet van God moet die waarheid oor Jesus Christus erken en leer - dat Hy God in menslike vorm was. Ware profete moet ook Jesus verhef, nie hulself nie. Die meeste valse profete probeer om aandag weg te trek van God se Woord na hulle eie idees.

9. Wat is die derde toets van 'n profeet?

“Aan hulle vrugte sal julle hulle ken” (Mattheus 7:16)

NOTA: Dit beteken nie dat die profeet sonder sonde sal wees nie. God se profete het ook foute gemaak. Daar moet egter ooreenstemming wees tussen wat ware profete leer en die lewens wat hulle leef.

10. Wat is die vierde toets van 'n profeet?

“as die woord van die profeet uitkom, sal die profeet bekend word wat die HERE waarlik gestuur het” (Jeremia 28:9)

NOTA: 'n Ware profeet sal nie valse voorspellings maak nie. As 'n profeet van God is, sal die dinge gebeur wat hy/sy voorspel. Maar akkuraatheid alleen kwalifiseer nie outomaties 'n persoon as 'n ware profeet nie. Deuteronomium 13:1-3 waarsku dat valse profete kan tekens gee wat waar sal wees en gebruik dan hul invloed om mense te lei om ander gode te volg. 'n Ware profeet moet mense lei om God volgens die Bybel te aanbid.

11. Watter drie dinge leer Paulus oor profesie?

**“Verag die profesieë nie. Beproof alle dinge; behou die goeie”
(1 Tessalonisense 5:20-21)**

NOTA: Paulus sê dat ons nie die gawe van profesie moet verag of verwerp nie. Ons moet eerder 'n profeet se boodskappe volgens die Skrif toets en volg wat goed en waar is.

12. Wie se raad verwerp ons wanneer ons die woorde van 'n ware profeet verwerp?

**“onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Johannes die Doper nie... En toe die hele volk en die tollenaars dit hoor, het hulle God geregverdig... Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp”
(Lukas 7:28-30)**

NOTA: Wanneer ons die woorde van 'n ware profeet verwerp, verwerp ons die raad van God. 'n Belangrike gedagte om te onthou! Die Bybel leer ons om te luister na God se profete en belowe dat almal wat die raad van 'n ware profeet volg, voorspoedig sal wees.

“Glo in die HERE julle God, dan sal julle bevestig word; glo aan sy profete, dan sal julle voorspoedig wees.” (2 Kronieke 20:20)

Jou keuse

Aangesien God steeds deur profete praat, en aangesien 'n ware profeet se woorde die persoonlike "getuigenis van Jesus" vir jou is, is jy bereid om moderne profete te toets volgens die Bybel en die raad van diegene te volg wat saamstem met die Skrif?

Antwoord: _____

Aanvulling

Hierdie deel bevat nog inligting vir verdere studie.

Moderne-Dag Profeet

In Desember van 1844 was 'n groep jong Metodiste dames besig om te bid in Portland, Maine (VSA), toe Ellen Harmon - 'n 17-jarige meisie in swak gesondheid - haar eerste visioen ontvang het. Soos Ellen (wat Ellen White geword het na haar huwelik met 'n jong predikant genaamd James White) gedeel het wat God aan haar geopenbaar het, het sy voortgegaan om visioene en drome te ontvang vir sowat 70 jaar - tot haar dood in 1915.

Net soos met die Bybelse profete, het sekere bonatuurlike fisiese verskynsels gepaard gegaan met Ellen White se visioene. Net soos die profeet Daniël het sy nie asem gehaal terwyl sy die visioen ontvang nie en het aanvanklik haar krag verloor (Daniël 10:8, 17). Van haar visioene het so lank as vier ure geduur, maar sy het die hele tyd nie asem gehaal nie. Dokters, wat haar ondersoek het terwyl sy die visioen ontvang het, het getuig van hierdie feit.

Op ander tye is sy ook bonatuurlike krag gegee (Daniël 10:18-19). Alhoewel Ellen slegs 43kg geweeg het, het getuies gesien hoe sy 'n 7.7kg familie-bybel in haar uitgestrekte hand vir 30 minute hou terwyl sy 'n visioen ontvang. Hierdie en ander fisiese verskynsels dui daarop dat daar iets bonatuurlik oor die ervaring van 'n profeet is. Dit dui egter nie aan of die profeet van God of van Satan af is nie. Wanneer Christene gekonfronteer word met 'n bonatuurlike eis vir die profetiese

gawe moet Christene die eis deur die Bybel toets om vas te stel of dit waar is.

Die toepassing van die vier Bybel-toetse

Kom ons kyk saam om te sien of die lewe en bediening van Ellen White die vier Bybels-toetse van a ware profeet slaag.

Eerste toets - Harmonie met die Skrif:

Lees enige van Ellen White se boeke, en jy sal ontdek dat dit jou altyd lei na die Bybel en is altyd in ooreenstemming met die Skrif. Sy het egter nie haar geskrifte as 'n aanvulling vir die Skrif beskou nie. Hulle doel was om die aandag van God se mense na die Bybel te roep en hulle terug te bring na die Bybel as die enigste bron van waarheid. Let op aan Ellen White se duidelike verklaring dat die Bybel die enigste reël van geloof is: "In ons tyd is daar 'n groot afwyking van hulle leerstellings en voorskrifte, en daar is behoefte aan 'n terugkeer na die groot Protestante beginsel - die Bybel, en die Bybel alleen as die reël van geloof en plig."¹⁴

Sy het ook geskryf: "Die geskrewe getuienisse is nie om nuwe lig te gee nie, maar om duidelik op die hart die waarhede van inspirasie te beïndruk wat reeds geopenbaar is. Die mens se plig teenoor God en sy medemens is duidelik gespesifiseer in God se Woord; maar min van julle is gehoorsaam aan die lig wat gegee is. Bykomende waarheid word nie uitgebring nie; maar God het deur die Getuienisse die groot waarhede vereenvoudig wat reeds gegee is en het op Sy eie uitverkore manier dit voor die volk gebring om die gedagtes te laat ontwaak en te beïndruk, sodat almal sonder verskoning kan wees."¹⁵

Alhoewel Ellen White duidelik beklemtoon dat haar geskrifte nooit as deel van die Bybel beskou moet word nie, is hulle steeds geïnspireer. Baie van God se grootste profete - soos Elia, Elisa en Johannes die Doper – was geïnspireer, maar hulle het nie enige Bybelboeke geskryf nie. Ellen White se geskrifte kan beskryf word as 'n kleiner lig wat lei tot die groter lig, die Bybel. Hulle dien as geïnspireerde kommentaar op die Skrif, maar die Bybel is nog steeds die oppergesag.

Tweede toets - Leer die waarheid oor Jesus:

Ellen White se boeke - soos Die Koning van die Eeue, Christ's Object Lessons, Skrede na Christus en Thoughts from the Mount of Blessings – getuig almal dat sy hierdie toets

¹⁴ The Great Controversy (Mountain View, CA: Pacific Press, 1950), p. 204, 205.

¹⁵ Testimonies for the Church (Mountain View, CA: Pacific Press, 1949), Vol. 2, p. 605.

slaag. Sy sê niks van haarself in hierdie geskrifte nie, maar wys ander voortdurend na Jesus.

Derde Toets - 'n Goddelike Lewe:

Die media, wat kommentaar gelewer het op die dood van Ellen White, het gesê: "Die lewe van mev. White is 'n voorbeeld waardig om deur almal gevolg te word... Sy was 'n nederige, toegewyde dissipel van Christus, en het altyd uit haar pad gegaan om goed te doen. ... Sy was vereer en gerespekteer deur almal wat edele vroulikheid waardeer wat toegewy was tot onbaatsugtige arbeid vir die opheffing en verbetering van die mensdom. Haar dood dui op die roeping van nog 'n bekende leier van godsdienstige denke en een wie se byna negentig jaar vol tot oorloop was met goeie dae, vriendelike woorde en ernstige gebede vir die hele mensdom."¹⁶

Vierde Toets - Akkurate Profesieë:

Die paar profesieë oor die toekoms wat deur Ellen White gemaak is, kan maklik gevalideer word. Die volgende voorspelling lees soos vanoggend se koerant, maar is geskryf voordat die meeste moderne reismiddele uitgevind was. "Rampe per spoor sal al hoe meer gereeld word; verwarring, botsing en dood sonder 'n oomblik se waarskuwing, sal op die groot reislyne gebeur."¹⁷

Ellen White het gedurende 'n tyd geleef toe dokters rook aanbeveel het tot voordeel van die longe. Daar was verskillende mediese menings, maar geen werklike wetenskaplike bewyse was beskikbaar nie. Voeding was 'n onbekende wetenskap. Tog gedurende hierdie tyd het Ellen White volumes geskryf oor gesondheid en voeding. Dr Clive McCay, voormalige professor van voeding by Cornell Universiteit, het gesê: "Ten spyte van die feit dat mev. White se werke lank voor die koms van die moderne voeding-wetenskap geskryf is, is geen beter algehele gids vandag beskikbaar nie."¹⁸

Die Bybel het voorspel dat die profetiese gawe in die laaste dae sou verskyn. Bewyse verklaar dat Ellen White elke Bybelse toets vir 'n ware profeet slaag. Ons moedig jou aan om van haar geskrifte te kry en te lees, en volg die Bybelse bevel: "Verag die profesieë nie. Beproof alle dinge; behou die goeie." 1 Tessalonisense 5:20-21.


¹⁶ Star (St. Helena, California), July 23, 1915.

¹⁷ Messages to Young People (Washington, DC: Review and Herald, 1930), p. 90 (reprinted from article in The Signs of the Times, April 21, 1890).

¹⁸ Clive M. McCay, "A Nutritional Authority Discusses Mrs. E.G. White," Review and Herald, February 26, 1959, p. 10.

HOOFSTUK 23

‘n Pot Olie



2 Konings 4:1-7

Elisa kon sien dat die jong weduwee desperaat was. Sy het by die ou profeet se voete geval en gehuil, "Die skuldeiser kom om my twee seuns te neem om sy slawe te wees!" Die vrou se man het onverwags gesterf en het haar met groot skuld gelos. In Bybeltye het 'n uitlener die reg gehad om eiendom te neem en kon selfs die kinders neem as betaling indien 'n gesin nie die rekeninge kon betaal nie (Job 24: 9).

"Wat het jy in die huis?" het Elisa die bedroefde moeder gevra. "Ek het niks in die huis behalwe 'n pot olie nie," het sy geantwoord. Stuk vir stuk het sy al die meubels en waardevolle items in haar huis oorhandig aan die wrede skuldeiser totdat niks oorgebly het nie, behalwe haar twee seuns en 'n pot olie. Olyfolie was as die noodsaaklikste basiese item beskou. Dit was gebruik vir beligting, verhitting, kook, en genesing.

Elisa het aan die weduwee en haar seuns gesê om soveel leë potte as moontlik te gaan leen by hul bure. Hulle moet die potte huis toe bring, die deur toemaak en al die olie van haar pot in die leë potte gooi. Hulle het gedoen soos Elisa beveel het, en 'n wonderlike wonderwerk het plaasgevind. Die olie in die klein pot het voortgegaan om uit te vloei totdat al die potte in die huis gevul was!

"Wat sal ons nou doen?" het die jong ma vir die profeet gevra. "Verkoop die olie, betaal jou skuld, en dan kan jy en jou seuns op dit wat oor is lewe," het hy gesê. Hierdie vrou en haar seuns het met blydschap uit Elisa se teenwoordigheid vertrek en was vry vanweë die wonderwerk van die olie.

Die Here wil jou bevry van 'n wrede skuldeiser – Satan. Hierdie wonderwerk sal gebeur wanneer Hy jou beker tot oorvloed vul met Sy spesiale olie!

1. Wat word in die Bybel gesimboliseer deur 'n houer en olie?

A. “Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My ‘n uitverkore werktuig om my Naam te dra” (Handelinge 9:15)

B. “Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword.” (1 Samuel 16:13)

NOTA: Die Bybel leer dat God die pottbakker is en ons is die klei (Jeremia 18:1-6; Romeine 9:20-21). Almal is geskape met 'n doel. Olie word dwarsdeur die Bybel gebruik as 'n simbool van God se Gees. Suiwer olyfolie was gebruik om die lamp helder aan die brand te hou in die Hebreeuse tempel as 'n illustrasie van hoe die Heilige Gees ons verstand verlig. Dit is God se begeerte om al Sy mense te vul met Sy Gees (Joël 2:28).

2. Is die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag, of is Hy God?

“Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?... Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God” (Handelinge 5:3-4)

“En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.” (Efesiërs 4:30)

NOTA: Die apostel Petrus het verklaar dat om te lieg vir die Heilige Gees is om te lieg vir God. Verder het Jesus ons geleer om in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees te doop (Mattheus 28:19-20), wat aandui dat die Heilige Gees die derde persoon van die Godheid is, en word geplaas in volle gelykheid met die Vader en die Seun. Die Bybel verklaar ook dat ons die Gees kan bedroef, wat beteken dat Hy emosies het. Hy is nie bloot 'n onpersoonlike krag nie. In die Skrif word die Heilige Gees verwys as Trooster, Heilige Gees, Gees van waarheid, Gees van die Here, die sewe Geeste van God en eenvoudig die Gees. Al hierdie titels dui persoonlikheid aan.

3. Wat is die primêre werk van die Heilige Gees?

“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle

in die hele waarheid lei ... alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig” (Johannes 16:13)

“Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.” (Johannes 14:26)

NOTA: Jesus het belowe om altyd by ons te wees, en dit is deur die persoon van die Heilige Gees dat Hy by ons en in ons is (Johannes 14:17).

4. Wat is die een sonde wat nie vergewe kan word nie?

“maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie” (Mattheus 12:32)

NOTA: Godslastering teen die Heilige Gees is nie 'n enkele oortreding nie, maar 'n progressiewe weerstand teen die waarheid wat tot 'n finale verwerping van God se wil lei (Hebreërs 10:26-27). Die gewete word uitgewis wanneer 'n persoon herhaaldelik teen die Heilige Gees besluit en versuim om na Sy indrukke te luister totdat die persoon nie meer Sy stem hoor nie. 'n Persoon wat dus 'n verskriklike vrees het dat hy die "onvergeeflike sonde" gepleeg het, het dan heel waarskynlik nie.

5. Wat is sommige van die gawes van die Gees wat 'n mens kan ontvang?

“Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis... aan ‘n ander weer geloof... aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale” (1 Korintiërs 12:8-10)

NOTA: Wanneer die Heilige Gees in ons lewens kom, bring Hy verskillende gawes. Almal ontvang nie dieselfde gawes nie (1 Korintiërs 12:29-31). Die Skrif beklemtoon dikwels die belangrikheid om met die Gees gevul te word. Jesus het in Johannes 3:5 geleer dat "as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." Ongelukkig word die Heilige Gees en Sy werk dikwels misverstaan. Sommige mense word geleer dat die Heilige Gees 'n onpersoonlike krag is; ander ontken Sy invloed in mense se daaglikse sake; en

ander word geleer dat elkeen wat met die Heilige Gees gevul is, in tale moet praat.

6. Watter geestelike gawe het 'n kontroversiële onderwerp in die Korintiese kerk geword?


“beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer. Want hy wat in ‘n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God” (1 Korintiërs 14:1-2)

NOTA: Soos in die dae van die vroeë Christelike kerk, het die gawe van tale weer 'n onderwerp van verwarring en omstredenheid geword. Daarom het ons 'n groot gedeelte van hierdie les toegewy om te verduidelik wat die Bybel oor hierdie geestelike gawe leer.

7. Hoe het Jesus belowe om Sy dissipels te help om die evangelie aan die hele wêreld te verkondig?


**“met nuwe tale sal hulle spreek”
(Markus 16:17)**

NOTA: In die Bybel beteken die woord "tong" eenvoudig "taal." Jesus se dissipels was op en wakker manne, maar die meeste was onopgevoed. Om hulle te help om die evangelie na die wêreld te neem, het Jesus belowe om hulle 'n bonatuurlike gawe te gee om vreemde tale te praat wat hulle nie voorheen bestudeer of geken het nie.



8. Wat het gebeur toe die dissipels die uitstorting van die Heilige Gees ontvang het?

**“En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het... En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek”
(Handelinge 2:1, 4)**



NOTA: Pinkster was 'n Joodse heilige dag wat 50 dae na Pasga gevier is. Gewyde Jode van regoor die wêreld het na Jerusalem gekom om te aanbid. Deur Sy Gees het God in hierdie tyd die gawe van tale gegee om die dissipels te bemagtig om die evangelie te deel met hierdie mense in hul moedertaal. Diegene wat die boodskap aangeneem het, het die goeie nuus teruggeneem na hul onderskeie lande.

9. Wat het hierdie buitelandse Jode beleef toe die Heilige Gees uitgestort was?

**“ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dae van God spreek”
(Handelinge 2:11)**

NOTA: Daar word soms geleer dat die gawe van tale 'n "hemelse taal" is wat slegs deur God of deur diegene met die gawe van vertolking verstaan kan word. Die Bybel toon duidelik dat beide die dissipels en diegene wat geluister het, het verstaan wat gepreek was - "die groot dae van God." Daar is net drie voorbeelde van die praat in tale wat in die Skrif gegee word. Ons het gekyk na die eerste een. Kom ons kyk nou na die laaste twee voorbeelde vir 'n duideliker prentjie oor hierdie gawe.

10. Wat het gebeur toe Petrus vir Cornelius en sy huishouding gepreek het?

**“En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het... Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak”
(Handelinge 10:44, 46)**

NOTA: Cornelius was van die Italiaanse leërafdeling (Handelinge 10:1), terwyl Petrus 'n Jood was en Aramees gepraat het. Geskiedenis leer ons ook dat die diensknegte in 'n Romeinse huis van enige plek in die wêreld kon wees. Daarom was daar taal-probleme by hierdie vergadering. Maar toe die Heilige Gees op Cornelius en die lede van sy huishouding geval het, kon die manne wat Petrus vergesel het verstaan wat hulle praat in 'n ander taal. Hulle het gehoor hoe hulle God groot maak in hierdie ander tale. Toe hy later hierdie ondervinding met kerkleiers in Jerusalem gedeel het, het Petrus gesê: “toe ek begin spreek, het die

Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.” Handeling 11:15.
Cornelius en sy huishouding het dieselfde gawe van tale ontvang wat die dissipels op Pinksterdag ontvang het. Hulle het tale gepraat wat verstaan kan word.

11. Wat het gebeur toe Paulus vir 12 Efesiese dissipels gepreek het?

“en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer” (Handeling 19:6)

NOTA: Paulus, wat die meeste geleer was en ook die wydste gereis het van die apostels, het baie tale gepraat (1 Korintiërs 14:18). Toe die Heilige Gees oor hierdie 12 manne van Efese gekom het, kon Paulus en Lukas hulle verstaan in tale wat hulle nooit voorheen geken het nie.

12. Wat sê die Bybel oor die praat van 'n taal wat nie verstaan kan word nie?

“as julle met die tong geen verstaanbare woord uitbring nie, hoe sal ‘n mens weet wat gespreek word?” (1 Korintiërs 14:9)

“maar in die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in ‘n taal.” (1 Korintiërs 14:19)

NOTA: Paulus verklaar herhaaldelik dat die doel van 'n taal is om die waarheid te kommunikeer of te leer. 'n Griekse woord vir "onbekende" word nie in enige oorspronklike Bybelmanuskripte gevind nie, maar is deur vertalers verskaf om aan te dui dat die taal vreemd was vir die meerderheid mense wat teenwoordig was. Die kerk in Korintiërs was 'n pot van baie verskillende nasionaliteite, en soms het die dienste verwarrend geword as lede gebid, getuig of gespreek het in tale wat onbekend is vir die ander mense wat teenwoordig was. Dit is hoekom Paulus hulle beveel het om stil te bly, as hulle praat in 'n taal wat onbekend was vir die meerderheid, tensy iemand daar was om te interpreteer (1 Korintiërs 14:28). Die les vir ons is dat ons nie in 'n taal moet praat of bid wat ander teenwoordig nie kan verstaan nie.

13. Wat was een van die belangrikste eienskappe van antieke Babilon?

“Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie... Daarom het hulle dit Babel genome” (Genesis 11:7, 9)

NOTA: Die toring van Babel is die plek waar die tale van die wêreld die eerste keer bestaan het. Die Hebreeuse woord vir albei Babel en Babilon is "babel", wat "verwarring" beteken. In Openbaring 18 roep God Sy volk uit geestelike Babilon uit. Een van die kenmerke van geestelike Babilon is 'n verwarring van tale.

14. Vul die Gees diegene wat doelbewus God se gebooie oortree?

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee... die Gees van die waarheid” (Johannes 14:15-17)



“die Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom gehoorsaam is.” (Handelinge 5:32)

NOTA: Die geweldige krag van die Heilige Gees kan nie in diegene woon wat weier om God se gebooie te gehoorsaam nie.

15. Paulus het beklemtoon dat ons watter geestelike gawe moet begeer?

“Hy wat in ‘n taal spreek, stig homself; maar hy wat profeteer, stig die gemeente... hy wat profeteer, is groter as hy wat in tale spreek” (1 Korintiërs 14:4-5)

“terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente.” (1 Korintiërs 14:12)

NOTA: Ten spyte van die feit dat Paulus geleer het dat die gawe van profesie belangriker is as die gawe van tale, is sommige nou besig om te leer dat elke persoon wat gevul is met die Heilige Gees in tale moet praat. Uit meer as 25 Bybel voorbeelde waar God Sy mense met die Gees vul, hou die gawe van tale net drie keer daarmee verband. Uit die 14 Nuwe-Testamentiese boeke wat deur Paulus geskryf is, noem hy tale in slegs 1 – dit is 1 Korintiërs. Uit die 27 boeke in die Nuwe Testament maak slegs drie enige verwysing hoegenaamd na die praat van tale.

16. Wat is die hoofrede hoekom God mense vul met Sy Gees?

“maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees” (Handelinge 1:8)

“en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek” (Handelinge 4:31)

NOTA: God vul ons met Sy Gees om ons krag te gee om te getuig vir Hom!

17. Is dit moontlik om te sê of 'n persoon met die Heilige Gees gevul is of nie?

“So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken” (Mattheus 7:20)

NOTA: Ons weet dat iemand die doop van die Heilige Gees ontvang het, nie deur die gawes van die Gees nie, maar deur die vrug van die Gees, wat liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, en selfbeheersing is (Galasiërs 5:22-23).

18. Hoe kan ek die doop van die Heilige Gees ontvang?

“As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?” (Lukas 11:13)

NOTA: Net soos Jesus die Gees sonder maat gehad het, kan ons God vra om ons te vul, maar ons moet eers gewillig wees om onself leeg te maak deur ons harte oor te gee.

Jou keuse


Jesus wag en verlang om die kosbare olie van die Heilige Gees in jou lewe te plaas. Wil jy graag nou vir Hom vra om jou verstand en hart in besit te neem?

Antwoord: _____



HOOFSTUK 24

Bo Die Skare



Mattheus 26:31-75

Petrus het Jesus liefgehad, maar hy het ook die goedkeuring van die skare liefgehad. Gedurende die laaste maaltyd toe Jesus die apostels gewaarsku het dat hulle almal Hom sou verlaat, het Petrus na sy voete gespring en beloof dat selfs al sou ander beledig word, sou hy Jesus nooit verlaat nie. Jesus het geantwoord: "in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën." Vers 34.

Petrus het goed bedoel, maar hy het nie die trots in sy eie hart herken nie. Later daardie aand toe die bende gekom het om Jesus te arresteer en almal gekyk het, het Petrus 'n swaard uitgetrek om sy Meester te verdedig. Maar net 'n paar uur later by Jesus se verhoor was Petrus bespot deur die vyande van Jesus, en hy het drie keer ontken dat hy selfs Jesus geken het. Elke keer het Petrus meer dapper geword, totdat hy uiteindelik Jesus met vloekwoorde ontken het (Vers 74).

Toe kraai die haan. Op daardie oomblik was Jesus besig om geslaan te word in die regsaal deur die wagte. Petrus het gesien hoe Jesus omdraai en na hom kyk met liefde en deernis, en dit het sy hart gebreek. "Petrus het die woord van die Here onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik geween." Lukas 22:61-62.

Van daardie dag af was Petrus 'n ander man. Hy het nie langer geleef vir die skare se goedkeuring nie, maar was vasbeslote om vir God te leef. Na sy bekering, toe hy voor die Joodse-raad gebring was en gedreig was om geslaan te word as hy voortgaan met sy prediking oor Jesus, het Petrus vreesloos geantwoord: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense." Handeling 5:29. Petrus het vir altyd sy lojaliteit en liefde vir Jesus bewys toe hy gekies het om onderstebo gekruisig te word deur die Romeinse keiser Nero, eerder as om sy Here weer te verloën.

1. Hoe bepaal God of ons aan Sy kant is of nie?

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is” (Mattheus 7:21)



“Weet julle nie dat aan wie julle jultself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?” (Romeine 6:16)

NOTA: Dit is 'n eenvoudige beginsel dat ons lojaliteit bepaal word deur na wie ons luister. As ons sê ons is diensknegte van God, maar ons neem instruksies van die duiwel of die wêreld, bedrieg ons onself.

2. Wanneer die opdragte van God en die mense teenstrydig is, wie het Petrus gesê moet ons gehoorsaam?

“En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense” (Handelinge 5:29)

NOTA: Nadat Petrus bekeerd was en verlief geraak het op Jesus, het hy aan die Joodse raad gesê dat sy eerste getrouheid aan God was. Ons het geleer dat in die laaste dae sal die wette van die dier en die wêreld teenstrydig wees met die wette van God. Ons moet nou kies om gehoorsaam te wees aan die wette van god – ongeag van die gevolge.

3. Wat is die beste manier om ons liefde vir God te wys?

“As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels” (Johannes 8:31)

“As julle My liefhet, bewaar my gebooie” (Johannes 14:15)

“Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:4)

NOTA: Die beste demonstrasie van 'n persoon se liefde vir Jesus is om Sy wil te doen, en die wet van God is die mees perfekte uitdrukking van Sy wil (Psalm 40:9).

4. Volgens Jesus, hoekom het die geveinsdes gemaak asof hulle gelowig is?

“dat hulle deur die mense geëer kan word” (Mattheus 6:2)

“om deur die mense gesien te word” (Mattheus 6:5)

NOTA: Die Bybel vertel ons dat “die mens sien aan wat voor oë is, maar die HERE sien die hart aan.” 1 Samuel 16:7. ‘n Ware Christen sal baie meer bekommerd wees oor wat God van hom dink as wat die wêreld dink.

5. Is dit oor die algemeen veilig om die skare te volg?

“Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie” (Exodus 23:2)

“Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.” (Mattheus 7:13-14)



“in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is” (1 Petrus 3:20)

NOTA: Geskiedenis wys dat die skare amper altyd die verkeerde besluite neem. Dit was die skare wat Moses wou stenig en teruggaan na die slawerny van Egipte (Numeri 14:4-10). Dit was die skare wat uitgeroep het: “Kruisig, kruisig Hom!” Lukas 23:21. En dit sal die meerderheid wees - nie die minderheid nie - wat die merk van die dier ontvang in die laaste dae (Openbaring 13:16).

6. Hoe voel Jesus wanneer ons die tradisies van mense voor die geboorte van God plaas?

“Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat geboorte van mense is. En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou”
(Markus 7:7, 9)

7. Sal ware Christendom gewild wees in die laaste dae?

“en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam”
(Mattheus 24:9)

“En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word.” (2 Timotheüs 3:12)

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge” (Openbaring 12:17)

“en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie” (Openbaring 13:15)

NOTA: In die laaste dae sal Satan en sy volgelinge 'n duidelike oorlog teen God se ware, Bybelgelowige kinders voer.

8. Is dit moontlik om beide God en die skare te dien?

“Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag.

Julle kan nie God én Mammon dien nie!” (Mattheus 6:24)

“Hy wat nie met My is nie, is teen My” (Mattheus 12:30)

NOTA: In hierdie stryd tussen Christus en Satan is daar geen neutrale grondgebied nie. Dit is onmoontlik om die heining as 'n toeskouer te ry. As ons nie saam met Jesus werk nie, help ons die duiwel.



9. Is dit veilig om 'n vriend of familielid meer as Jesus lief te hê?

“Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie” (Mattheus 10:37)

“As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.” (Lukas 14:26)

“Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.” (Mattheus 12:50)

NOTA: Jesus wys hier dat die beste manier om ons geliefdes te bereik en red, is om Hom eerste in ons lewens te plaas. Dit is altyd 'n tragiese fout om ons natuurlike gevoelens vir familie of vriende voor ons eerste verpligting teenoor ons Verlosser en Skepper te plaas.

10. Is dit verstandig om 'n voorspoedige loopbaan of aardse skatte voor Jesus te plaas?

“Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?” (Mattheus 16:26)

“iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie.” (Lukas 12:15)

NOTA: Die oortuiging dat geluk en veiligheid kom van 'n goeie werk en baie dinge is 'n dodelike misleiding. Intendeel, Jesus het gesê: "Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan." Markus 10:25.

11. Is dit veilig om voort te gaan om ongehoorsaam te wees aan God se wil nadat Hy ons die waarheid getoon het?

“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hosea 4:6)

**“Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie”
(Hebreërs 10:26)**

12. Wat sal gebeur met diegene wat aanhou om die waarheid te verwerp?


“en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid” (2 Tessalonisense 2:10-12)

“En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos.” (Johannes 3:19)

NOTA: Die Skrif leer dat Jesus die waarheid is (Johannes 14:6). Om die waarheid in enige graad te aanvaar of te verwerp, is om Jesus te aanvaar of verwerp.

13. Sal diegene wat God se volk in die laaste dae vervolg, glo dat hulle die regte ding doen?

“Ja, daar kom ‘n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ‘n diens aan God bewys” (Johannes 16:2)



14. Hoe beskryf Petrus diegene wat die waarheid geleer het, maar weier om dit te volg?

“Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.

Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol” (2 Petrus 2:21-22)


15. Bevat die lewe van ‘n Christen moeilikhede en self-verloëning?

“En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (Lukas 9:23)

16. Is dit veilig om 'n besluit uit te stel om Jesus te volg?

“Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie”
(Hebreërs 4:7)

“hoe sal ons ontvlug as ons so ‘n groot saligheid veronagsaam” (Hebreërs 2:3)



“Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil.”
(2 Korintiërs 6:2)

NOTA: Die beste tyd om na God se stem te luister, is wanneer jy dit hoor, en die beste tyd om God se wil te doen, is wanneer Hy Sy wil vir jou wys. Een van Satan se gunsteling leuens is om mense te mislei om te dink dat hulle genoeg tyd het om hierdie besluit te neem. Die duiwel weet dat die oortuigende stem van God se Gees stil sal word as dit geïgnoreer word. Miljoene mense sal verlore wees wat opreg beplan het om eendag in die toekoms Jesus te volg, maar "eendag" het nooit gekom nie.

17. Watter voordele kom as gevolg van die aanvaarding en gehoorsaamheid van die waarheid?

“Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie” (Psalm 119:165)

“En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.”
(Johannes 8:32)

“As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het” (1 Petrus 1:22)

NOTA: Groot vrede, sekuriteit en vryheid kom in die harte en lewens van diegene wat die waarheid ontvang en gehoorsaam.

18. Watter vraag het Jesus drie maal vir Petrus gevra?

“Hy vra hom die derde maal: Simon, seun van Jona, het jy My lief?” (Johannes 21:17)

NOTA: Dit is die belangrikste vraag wanneer dit kom by 'n volledige en totale oorgawe aan die wil van God. Het jy hom lief?

Jou keuse

Die waarheid sal nooit gewild wees in hierdie sondige wêreld nie, en die skare sal amper altyd die maklike pad neem. Maar Jesus het Sy ongelooflike liefde vir jou gewys deur Sy lewe te gee om die prys vir al jou sondes te betaal. Die Here het 'n goeie plan vir jou lewe. Dit is waarom Hy Sy waarheid aan jou geopenbaar het. Sal jy nou jou liefde vir Hom wys deur Hom alles in jou hart te gee, Hom te kies en aanvaar as jou Here en te volg waar Hy lei?



Antwoord: _____

Gaan voort met jou geestelike groei en ontwikkeling!

Is jy geseën deur hierdie reeks Bybelstudies? Hierdie stel lesse is slegs een van die vele Bybelstudie hulpbronne beskikbaar by Amazing Facts. Vir meer inligting oor ander profesie-studiegidse of vir 'n gratis katalogus van boeke, DVDs en videos, kontak:

Amazing Facts, Inc.

www.AmazingFacts.org

1 Korinthiërs 13

- 1** Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.
- 2** En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.
- 3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.
- 4** Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie,
- 5** handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie,
- 6** is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
- 7** Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.
- 8** Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan.
- 9** Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.
- 10** Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.
- 11** Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.
- 12** Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.
- 13** En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.